

198606115901

022/2



HIERDIE EKSTRAARFAG ONDER
GEEN OMSTANDIGHED UIT DIE
BIBLIOTEK VERWYDER WORD NIE

U.O.V.S. - BIBLIOTEK
19860611590122000019



DIE POLITISERING VAN SPORTBETREKKINGE

TUSSEN

SUID-AFRIKA EN NIEU-SEELAND

MET

SESIALE VERWYSING

NA DIE

1981-SPRINGBOKRUGBYTOER NA NIEU-SEELAND

deur

BAREND JOHANNES WOLMARANS

DIE POLITISERING VAN SPORTBETREKKINGE TUSSEN SUID-AFRIKA
EN NIEU-SEELAND MET SPESIALE VERWYSING NA DIE 1981-
SPRINGBOKRUGBYTOER NA NIEU-SEELAND

deur

BAREND JOHANNES WOLMARANS

VERHANDELING

voorgelê ter vervulling van die vereistes van die graad

MAGISTER ARTIUM

in die

FAKULTEIT VAN LETTERE EN WYSBEGEERTE
(Departement Staatsleer)

aan die

UNIVERSITEIT VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT

BLOEMFONTEIN

STUDIELEIER : PROF. DR. D.P. WESSELS

BLOEMFONTEIN

JUNIE 1986

Universiteit van die Oranje-Vrystaat
BLOEMFONTEIN

23-10-1986

A T 796.0968 WOL
BIBLIOTEK

*EK verklaar dat die Verhandeling wat hierby
vir die graad Magister Artium aan die Univer-
siteit van die Oranje-Vrystaat deur my ingedien
word, my selfstandige werk is en nie voorheen
deur my vir 'n graad aan 'n ander universiteit/
fakulteit ingedien is nie.*

Geldelike bystand van die *Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing* ten opsigte van die koste van hierdie navorsing word hiermee erken. Menings in hierdie werk uitgespreek en/of gevolgtrekkings waartoe geraak, is dié van die skrywer en moet nie beskou word as 'n weergawe van die menings en/of gevolgtrekkings van die *Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing* nie.

VOORWOORD

By die indiening van hierdie verhandeling al die Eer aan God. Sonder Sy liefde, krag en genade sou hierdie werk nie moontlik gewees het nie.

Aan prof. D.P. Wessels, die studieleier, 'n besonder woord van dank vir sy persoonlike belangstelling, geïnspireerde en besielende leiding. Dit is voorwaar 'n voorreg om in sy akademiese toegerustheid te kan deel. Vir sy volgehoue hulp en bystand die afgelope paar jaar, 'n opregte woord van dank.

Aan Herman le Roux, 'n groot dankie vir die beskikbaarstelling van sy versameling plakboeke en sy onbaatsugtige hulp, waarsonder hierdie studie nie moontlik sou gewees het nie.

Aan my vrou, Beulah, my dankbare erkenning vir haar liefdevolle onderskraging. My hartlike dank vir die netjiese tikwerk wat sy met soveel ywer en toegewydheid gedoen het.

Ek dank God vir ouers wat my opgevoed het, ook uit dankbaarheid vir hul gespaarde lewens om my deelgenote te kan wees by die voltooiing van hierdie studie. Woorde en daede kan nie vergoed vir die liefde aan my betoon nie. Ook my skoonmoeder verdien dank vir haar volgehoue belangstelling en aanmoediging.

Aan mev. A. Wessels, opregte dank vir die vaardige wyse waarop die taalversorging behartig is.

Ten slotte my dank aan die talle wetenskaplikes uit wie se ryke ervaring ek kennis kon put.

DIE POLITISERING VAN SPORTBETREKKINGE TUSSEN SUID-AFRIKA
EN NIEU-SEELAND MET SPESIALE VERWYSING NA DIE 1981-
SPRINGBOKKRUGBYTOER NA NIEU-SEELAND

I N H O U D S O P G A W E

VOORWOORD	(i)
ORIËNTERENDE TAAKSTELLING	(vii)
1. Oriëntering tot die studie	(viii)
2. Keuse van onderwerp	(viii)
3. Doel van studie	(ix)
4. Afbakening van studie	(ix)
5. Metode van ondersoek	(x)
6. Indeling van studie	(x)

HOOFSTUK 1

INLEIDENDE TEORETIESE PERSPEKTIEF	1
-----------------------------------	---

HOOFSTUK 2

SPORT EN POLITIEK : ORIËNTERENDE INLEIDING

1. Inleiding	20
2. Sport en politiek in die Olimpiese Beweging	21
3. Slotbeskouing	28

HOOFSTUK 3

DIE DILEMMA VAN SUID-AFRIKAANSE SPORT	30
1. Inleiding	31
2. Reaksies ná die Loskopdam-toespraak	40

3.	Belangrikheid van 'n sportbeleid om sport te kan beoefen.	42
4.	Herskikking in die sportbeleid, 1966-1967	43
5.	Terugslag: Basil D'Oliviera, 1968	56
6.	Gebeure in 1970	59
7.	Gebeure ten opsigte van sport en die sportbeleid in die sewentigerjare	64
8.	Slotgedagte	70
BYLAE 1: DR VERWOERD SE LOSKOPDAM-TOESPRAAK		72

HOOFSTUK 4

RUGBYBETREKKINGE AS POLITIEKE FAKTOR IN NIEU-SEELAND 74

1.	Historiese oorsig van rugbybetrekkings tussen Nieu-Seeland en Suid-Afrika	75
2.	Die politisering van die sportbetrekkings	78
3.	Slotgedagte	99

BYLAE 2: EERSTE MINISTER, NORMAN KIRK, SE BRIEF AAN DIE NIEU-SEELANDSE RUGBYUNIE		100
--	--	-----

BYLAE 3: COMMONWEALTH STATEMENT ON APARTHEID IN SPORT		106
---	--	-----

HOOFSTUK 5

ANTI-APARTHEIDSORGANISASIES BETROKKE BY SPRINGBOK- EN ALL BLACK RUGBYTOERE, 1960 - 1981

1.	Inleiding	110
----	-----------	-----

2.	Organisasies in Suid-Afrika	113
2.1	Stigting	114
2.2	Doelstelling	
2.3	Aktiwiteite	117
3.	Organisasies in Nieu-Seeland	122
3.1	CABTA (<i>Die Citizen's All Black Tour Association</i>)	122
3.2	ATAC (<i>Anti-Tour Action Committee</i>)	123
3.3	CARE (<i>Citizens Association for Racial Equality</i>)	128
3.3.1	Stigting	128
3.3.2	Doelstellings	129
3.3.3	Aktiwiteite	129
3.4	HART (<i>Halt All Racist Tours</i>)	136
3.4.1	Stigting	136
3.4.2	Samestelling en Bestuur	137
3.4.3	Doelstellings	137
3.4.4	Aktiwiteite	138
3.4.5	HART se bedrywighede om sportkontak met Suid-Afrika teen te staan	138
4.	Betoger-aktiwiteite tydens die 1981-toer	151
4.1	Waikato - Hamilton en die betogers	165
4.2	Persoonlike ervaring	169
5.	Slotgedagte	177
5.1	Profiel van 'n betoger	177
5.2	Algemene slotgedagte	184
BYLAE 4 :	INSTANCES OF HART INVOLVEMENT WITH, AND SUPPORT BY, OTHER MARXIST ORGANISATIONS	187
BYLAE 5 :	HART THE NEW ZEALAND ANTI-APARTHEID MOVEMENT	190

HOOFSTUK 6

DIE SPRINGBOKRUGBYTOER VAN 1981 DEUR NIEU-SEELAND	198
1. Inleiding	199
2. Die Nieu-Seelandse-regering en die 1981-toer	203
3. Die media en die 1981-toer	214
4. Ander drukgroepe betrokke by die 1981-toer	233
4.1 Die kommissie van menseregte	233
4.2 Die Verenigde Volke	245
4.3 Die <i>TRADE UNION MOVEMENT</i>	248
4.4 Die Howe	250
4.5 Die Kerke	253
4.6 Die Universiteite	257
4.7 Die Onderwys	258
4.8 "CAST 81" (<i>COMMITTEE AGAINST SPRINGBOK TOUR 1981</i>)	260
4.9 "SPIR" (<i>SOCIETY FOR THE PROTECTION OF INDIVIDUAL RIGHTS</i>)	261
5. Gevolgtrekking	262
BYLAE 5: DEFEAT APARTHEID - DEFEAT ALL EXPLOITATION	266
BYLAE 6: REPORT OF THE AD HOC KOMMITTEE ON THE DRAFTING OF AN INTERNATIONAL CONVENTION AGAINST APARTHEID IN SPORTS	268

HOOFSTUK 7

SLOTBESKOUING	281
BRONNELYS	285
OPSOMMING	305

ORIËNTERENDE TAAKSTELLING

ORIËNTERENDE TAAKSTELLING

1. ORIËNTERING TOT DIE STUDIE

Die politisering van sport sny diep in die gees van die sportman. Geleenthede in internasionale deelname word jou ontsê, en die teleurstellings wat daarmee gepaardgaan moet verwerk word. My insluiting in die Springbokspan na Nieu-Seeland in 1981 was 'n besliste hoogtepunt, en die bereiking van 'n ideaal om daar te kon gaan rugby speel. Die atmosfeer waarin die toer plaasgevind het, het die besef gebring dat sport nooit meer losgemaak sal kan word van die politiek nie. Hierdeur het die behoefte ontstaan om na Suid-Afrika en Nieu-Seeland se rugbybetrekkings te gaan kyk; hoe dit vanaf 'n spontane beoefening van sport tot in die maalkolk van die politiek beland het, om nooit meer te sal wees, wat dit eers was nie.

2. KEUSE VAN ONDERWERP

Tot die keuse van die onderwerp, "Die Politisering van sportbetrekkings tussen Suid-Afrika en Nieu-Seeland met spesiale verwysing na die 1981-Springbokrugbytoer na Nieu-Seeland", is gekom as gevolg van 'n persoonlike belangstelling in die rugbybetrekkings tussen Suid-Afrika en Nieu-Seeland, en as gevolg van die feit dat sport en politiek, veral in dié verhouding, bewys het dat dit nie meer moontlik is om dit van mekaar te skei nie.

3. DOEL VAN STUDIE

- (i) Die wedersydse politiseringsmomente te identifiseer;
- (ii) die impak van hierdie politiseringsproses op sport en politiek in onderskeidelik Suid-Afrika en Nieu-Seeland te bepaal; en
- (iii) die "politiek" van die 1981-toer kronologies te orden.

4. AFBAKENING VAN STUDIE

- (i) 'n Teoretiese blik te werp op die aard van die aanslag wat teen die Republiek van Suid-Afrika gevoer word; die redes daarvoor te bepaal, en die huidige stand van sake te evalueer;
- (ii) 'n Breë en algemene perspektief op die politisering van sport met spesifieke verwysing na die Olimpiese Spele, juis omdat hierdie grootste skouspel van sport, ook nie die politiek buite sy baan kon hou nie;
- (iii) 'n Kort historiese oorsig in die politisering van sportbetrekking (spesifiek rugby) tussen Suid-Afrika en Nieu-Seeland; en
- (iv) die 1981-toer as 'n waterskeidingsmoment in die politieke- en sportbetrekkinge tussen Suid-Afrika en Nieu-Seeland te identifiseer.

5. METODE VAN ONDERSOEK

In die navorsing was ek primêr aangewese op 'n literatuurstudie : boeke, tydskrifte, koerante, brosjures en pamflette. Onderhoud gevoer met dr Danie Craven, President van die Suid-Afrikaanse Rugbyraad.

6. INDELING VAN STUDIE

Oriënterende taakstelling.

1. Inleidende teoretiese perspektief.
2. Sport en Politiek : Oriënterende inleiding.
3. Die dilemma van Suid-Afrikaanse sport.
4. Rugbybetrekkinge as politieke faktor in Nieu-Seeland.
5. Anti-apartheidsorganisasies betrokke by Springbok- en All Black rugbytoere, 1960 - 1981.
6. Die Springbokrugbytoer van 1981 deur Nieu-Seeland.
7. Slotbeskouing.

H O O F S T U K 1

INLEIDENDE TEORETIESE PERSPEKTIEF

INLEIDENDE TEORETIESE PERSPEKTIEF

Die verklaarde standpunt teen Suid-Afrikaanse sport is teenwoordig: Geen normale sport kan in 'n abnormale samelewing beoefen word nie. Ongeag alle moontlike aanpassings binne die raamwerk van die bestaande regeringsbeleid moet daar steeds daarmee rekening gehou word dat die doelwit van 'n ongedifferensieerde politieke stelsel, oftewel een man een stem, uit die staanspoor agter die sportaksie teen die RSA sit. Abdul Minty van SANROC stel dit gekwalifiseerd duidelik: *Selvs al sou Suid-Afrika sport integrasie toepas, sal ons nie tevrede wees nie. Wat ons wil hê, is 'n swart regering.*

(Die wêreld in oënskou : Augustus 1976, p. 6). Dus, ongeag die pogings om op politieke, sport en elke ander gebied 'n regverdige en lonende lewenspatroon uit te werk sal die eis altyd dieselfde wees.

Die koppeling tussen sport en politiek bestaan wanneer sport instrumenteel word tot die bevordering van suiwer politieke oogmerke, en wanneer die sportvelde van die wêreld nie meer die bymekaarkomplek vir individuele kompetisie tussen sportlui is nie, maar waar die kompetisie as toetsterrein moet dien vir die sterkte van politieke stelsels. (vgl. Scholtz: Februarie 1975, p. 12). Sedert die Amerikaanse atletiekspan geweier het om hul vlag voor koning Eduard VII te laat sak tydens die Olimpiese Spele van 1908 in Londen is politiek nou verbonde aan internasionale sport.

Die isolasie van die Republiek van Suid-Afrika op sportgebied -

of enige ander terrein, hetsy dit direk deur die kommuniste of indirek en selfs onbewustelik deur enige ander groep nagestrewes word, moet meewerk om die kanse op 'n beoogde rewolusie rooskleuriger te maak. Dit moet egter bewustelik meewerk en bydra tot die vervulling van dié belangrike funksie, naamlik om die internasionale klimaat voor te berei op die aanvaarding van die onafwendbaarheid van rewolusie in Suid-Afrika.

Sport het in veral die na-oorlogse wêreld nie net 'n instrument van die globale konfliktsituasie geword nie, maar ook deel geword van hierdie konflik wat alle tradisionele grense oorspan. Dit word op alle lewensterreine en met elke denkbare metode gevoer. Die vraag ontstaan nou in wat se soort wêreld bevind Suid-Afrika hom dan tans deurdat hy so instrumenteel geword het in die globale internasionale konflik.

Samevattend kan die volgende as redes aangevoer word: die Republiek van Suid-Afrika se besondere geografiese posisie as sleutelpunt óók met betrekking tot die belangrike Kaapse Seeroete en weens sy mineralerykdom, hoë peil van ontwikkeltheid en interne beleidsrigting. Teen hierdie agtergrond sal die sake wat ons tot dusver as van suiwer huishoudelike aard beskou het, in toenemende mate in die internasionale kollig kom.

In totaal perspektief gesien is Suid-Afrika se ongunstige omstandighede nie alleen terug te voer na die feit dat ons wêrelddeel 'n nuwe front en prioriteitsgebied in die kommunistiese strewes

na wêreldmag geword het nie. Dit is onder andere ook te wyte aan die geleidelike agteruitgang van die Westerse lande, en aan die emosioneel-vyandige houding van Afrika en die res van die Derde Wêreld.

Die vernaamste Westerse moondhede word vandag deur 'n legio vraagstukke geteister wat algaande besig is om hul magsfondamente af te takel en hul geestelike wil tot weerstand te vermurwe. 'n Byna chroniese toestand van monetêre en politieke onstabiliteit, asook 'n stygende inflasiespiraal, lae produktiwiteit, arbeidsonrus, die versplintering van die politieke lewe en enge belangegroepes en 'n algemene gees van selfsug, materialisme en vervlakking, is besig om die geestelike en fisieke substansie van eens magtige lande te dreineer. As 'n uitvloeisel van hierdie negatief-afbrekende faktore vind ons die verskynsel dat die plek en rol van die militêre organisasie in die Westerse samelewings steeds meer onder skoot kom. Dan ly die Weste ook nog in die algemeen aan die nagevolge van 'n akute skuldgevoel oor sy koloniale verlede, iets wat handig deur die Kommuniste en die Derde Wêreld uitgebuit word. In geen geringe mate nie is die dikwels huiwerende en irrasionele Westerse optrede op die internasionale toneel aan dié feit toe te skryf.

Hierteenoor staan die Internasionale Kommunisme wat weet wat hy wil en wat ingevolge sy aggressief-ekspansionistiese ideologie sekere duidelike eindoojmerke najaag.

Hiermee is die prentjie met betrekking tot groepsinmenging en -betrokkenheid in Suid-Afrika egter nog nie volledig nie. Ook die Afrikablok het regstreekse belang by die gang van sake in Suider-Afrika en veral in Suid-Afrika wat per slot van rekening vir hulle die vernaamste steen des aanstoots is. Dit is hulle verklaarde oogmerk om die blanke gesag op hierdie subkontinent met swart meerderheidsbewinde te vervang. En dit wel omdat hulle dié blanke gesag as onderdrukkende kolonialistiese en/of rassistiese minderheidsoorheersing beskou. Hierdie hoofoogmerk - met Suid-Afrika as vernaamste teiken - probeer hulle bevorder deur 'n houding van onverbondenheid tussen die grootmoondhede te handhaaf. Te midde van al hul onderlinge geskille en verdeeldhede is dit meteen ook die vernaamste saambindende faktor tussen die Afrikalande. Die grootmoondhede aan albei kante van die ideologiese spektrum probeer mekaar om voor-die-hand-liggende redes oorbie om die guns en stemkrag van dié getalryke groep. Dit bied aan Afrika die geleentheid om die mededingende partye in die magstryd teen mekaar af te speel ten einde steun vir sy planne teen Suid-Afrika te monster. Van al hierdie dinge moet daar dus op 'n nugtere wyse kennis geneem word, want as ons werklik die beste van 'n slegte saak wil maak, tel alleenlik die realiteite.

Een van die belangrikste werklikhede waarmee daar voortaan rekening gehou moet word, is dat ou bondgenootskappe, vriendskappe en lojaliteite nie meer in dieselfde mate as vroeër

geld nie. In die breë Oos/Wes-konfrontasie het Suid-Afrika hom tradisioneel feitlik onvoorwaardelik aan die kant van die Weste geskaar en toe die beskikking van die Weste gestel. In die dae toe die Westerse lande en veral Brittanje nog op die toppunt van hul mag en invloed was en die magstryd nog ver van ons eie boëem gewoed het, was dit 'n relatief eenvoudige keuse. Vandag is ons na ons eie mening en uit eie keuse nog basies 'n deel van die Westerse stategemeenskap, hoewel dit nie altyd deur ons gewaande bondgenote na waarde geskat word nie. Terselfdertyd is ons ook 'n onomstootlike dog verstote deel van die Afrika-opset. In die oneindig ingewikkelder situasie van die laaste helfte van hierdie eeu is dit vir Suid-Afrika nie meer 'n klinkklare alternatief tussen (by wyse van spreke) wit of swart nie maar dikwels 'n keuse tussen allerlei skakeringe van grys. Ongelukkig moet gekonstateer word dat ons onself tot redelik onlangs so gesus het met die idee dat die Weste altyd en in alle omstandighede by ons sal staan, dat ons baie verwickelinge totaal verkeerd beoordeel het.

Vandag in die era van detênte, is die Westerse lande in hul behepthed met die vermeende veiligheid wat dit hul bied, uiters onwillig om regstreeks in konflikgebiede betrokke te raak. Dit is nog te meer die geval in óns wêrelddeel waar hierdie stryd volgens die heersende Westerse mening op 'n kleurgrondslag berus. Die Westerse moondhede is egter wel bereid tot uiterste pogings om vreedsame oplossings om die

konferensietafel te probeer beding. In hierdie opsig word die waarde van Suid-Afrika wel deeglik ingesien, soos onder andere bewys word deur die miernes van diplomatieke bedrywighede waarby dié land tans betrokke is en waarin hy selfs 'n sleutelrol vertolk. In dié sin is Suid-Afrika dus glad nie so geïsoleerd as wat sy kritici dikwels wil beweer nie. Hier moet ons natuurlik weer eens baie nugter en realisties wees. In die laaste instansie gaan dit vir dié lande wat nou ons samewerking soek - dus die Westerse lande en die gematigde Afrikastate - steeds óók om die uiteinde-like verandering van die bestaande orde in Suid-Afrika.

Wanneer die stelling gemaak word dat die druk op Suid-Afrika fenomenaal gaan toeneem, word daar nie in die eerste plek van die Kommuniste en hul aanhangers gepraat nie. Wat hier ter sprake is, is druk van die kant van die Weste en die nie-Marxistiese en meer gematigde Swart state van Suider-Afrika.

Waar die Westers-geïnisieerde pogings in Suider-Afrika darem nog deur 'n eerlike, hoewel soms misplaaste soeke na regverdige en vreedsame oplossings gemotiveer word, is die linkse-militante akteurs slegs oor die verkryging van die mag en invloed begaan. Dié oogmerk sou hulle verkieslik óók op vreedsame wyse maar dan wel op hulle voorwaardes wou verwesenlik. Indien dit nie moontlik is nie, is hulle egter heeltemal gereed om dit met gewelddadige middele na te jaag.

Suid-Afrika moet dus toenemend met die feit saamleef dat die Sowjet-Unie op 'n offensief-militante wyse in ons subkontinent betrokke is en dat dié betrokkenheid deur die meerderheid Afrika- en ander Derde Wêreld-lande as lofwaardige hulp aan die bevrydingstryd gesteun word. Hierteenoor het die Weste met sy vreedsaam-defensiewe benadering 'n feitlik voortdurende agterstand.

Suid-Afrika beskik egter oor die nodige toerusting in die vorm van sy mensemateriaal, sy rykdom aan natuurlike hulpbronne en ander kragpunte om sy weerbaarheid op alle vlakke maksimaal uit te bou. Dit is wel binne ons vermoë om ons krag sodanig te monster dat 'n regstreekse militêre aanslag selfs vir die magtigste van ons vyande 'n tē riskante onderneming mag blyk te wees. Dit vereis dat Suid-Afrika altyd vanuit 'n magsposisie in sy wydste betekenis sal moet optree, allereers geestelike krag met daarnaas politieke, ekonomiese en militêre krag. Dit is om in sy optrede na buite altyd absoluut korrek en onbesproke te wees. Binnelands sal wrywingspunte tot die minimum beperk moet word, sodat minstens ál die gematigde elemente in 'n eenheid saamgesnoer kan word om die links-militante aanslag na binne en na buite te weerstaan.

'n Teenswoordig swaarbelagde faktor in die aanslag teen die Republiek van Suid-Afrika is die na-oorlogse idee van mense-regte. Dit is kenbaar so dat ons, ons tans in 'n moraliteitsoorspanne wêreld bevind vanweë die verabsoluttering van

die etiese in internasionale verhoudinge. Gepaardgaande er-
vaar ons ook in 'n sintuiglike verband die verskuiwing van
'n geosentriese na 'n heliosentriese wêreldbeeld waarin die
gesekulariseerde* mens die maatstaf van alles geword het.
Hierdie sekularisme is opsigself sterk waarneembaar binne
die teenswoordige staatkundige strominge omdat vir interna-
sionale verhoudinge bring die humanistiese verabsoluttering
van die regte en vryhede van die individuele mens 'n subjek-
tivistiese, individualistiese of universalistiese versteuring
mee, want die mens kan alleenlik vry wees - ook in die staat -
in onderhorigheid aan die gedelegeerde gesagsbevoegdhede van
die staatsowerheid.

Deurdad die humanisme die beskawingsvormende kragte van die
Protestantse Christendom gekruis het, en die leiding oorge-
neem het in die Westerse beskawingsontwikkeling, verkry ons
in veral die na-oorlogse era die bestendinging van die humanis-
tiese (mensverheerlikende) idee dat die mens sy eie wetgewer
(outonoom) is, en daarom in homself die hoogste norm van sy
lewe vind. Die struktuur-individualiteit van die staat word
hierin gedegradeer tot intermenslike verhoudinge waarin die
onbepaalde vryheid van die massamens oor die grense van 'n
genormeerder tussenstaatlike etiek heensny om te verval in 'n
humanistiese individualisme.

In sy eenvoudigste vorm word hieronder verstaan 'n verwêreldliking, 'n
gelykvorming aan die wêreld deur alle Goddelike norme oorboord te gooi,
en die mens en sy rede tot hoogste geheel te verhef.

Dit kan daarom ook nie ontken word nie dat die Suid-Afrikaanse rassefilosofie teenswoordig swaar belas word deur sekere tydgebonde faktore. Sekere faktore het, veral sedert die beëindiging van die Tweede Wêreldoorlog, kragtig meegewerk tot die veroordelende houding van die teenswoordige wêreld. Hierdie faktore kan kortliks soos volg saamgevat word: anti-Nazisme; valse en misleidende beriggewing; die humanistiese filosofie met sy kosmopolitisme en die neiging tot nivellering op grond van 'n abstraksie van die mensheid; die ekumeniese beweging met sy gewysigde of nuwe begrip van kerkeenheid; 'n besonder hoogskatting van die "ontwaking" van Afrika en Asië; die Amerikaanse aanbieding van die humanitêrgetinte dogma van vryheid, gelykheid en broederskap (Vgl. Du Preez: 1959) en ook Rusland se rol in die sogenaamde "Derde Wêreld", en dié se besondere toegeneentheid tot die kommunisme.

Die reaksie teen die Hitleristiese rasseverering en die koppeling van Suid-Afrika se rassefilosofie met die rasseteorie van die Nazisme het die konsep "ras" hoogs ongewild gemaak. Daar kan egter met reg gekonstateer word dat met die uitsondering van enkele gevalle van oppervlakkige eksperimente met Nasionaal-Sosialisme, het die Afrikaner nooit tot 'n diepgaande toepassing van Nasionaal-Sosialisme gekom nie.

Die na-oorlogse era het nietemin 'n wêreldmening nagelaat wat wraak gesweer het teen enige vorm van rasse-verabsolutering in 'n Nazistiese sin. Die kunsmatige rassesuiverheid van die

Hitler-regime met sy bloed, ras, volkstem en eer is tot rangordes van ewigheidswaardes verhef. Die Ariese ras is verabsoluteer en die volk tot hoogste geheel verhef. Hierdie *Entchristlichung* is ook tot die Afrikaanse volkslewe geprojekteer (Du Preez: 1959, p. 12) soos Joshi onder meer veroordelend opmerk: "*South Africa is a gigantic stronghold of whiteism. The South African whiteism is by no manner of means less strong or virulent than Nazism or Fascism. On the contrary it is more calamitous than both these monstrosities*" (Joshi: 1942, p. 287).

Die identifikasie kan alleen verklaar word vanuit 'n abnormale anti-Nazisme wat in 'n gewisse mate verblind is deur 'n gevoelsoorspanning. Hiertoe was die Duitser 'n kragtige meewerkende faktor. Nasionale terminologie soos "Volk, Heimat, Vaderland" is materialisties-egoïsties gekoppel om te ontsnap aan eie nasionale denke. Duitsland en die Duitse volk is gede-Nazifiseer. Hulle kon van die rasse-elemente "ontsnap" en die Europese (en wêreldse) wraaklus herkanaliseer na die Suid-Afrikaanse volk (Rhodie: 1968, pp. 295-360). Daar is na Suid-Afrika se staatsbestel verwys as, "*a pigmentocracy in which the discrimination is racial and unashamed*" (Legum: 1964, pp. 6-7). Hierdie wraaklus het dus op Suid-Afrika toegesak omdat die sinkern van sy staatsfilosofiese denke 'n kategorieë identifisering van volke omvat.

Dit het byna demonies geword "*om in die tyd van die na-oorlogse gevolgsgebiede reaksie teen die Nazisme te probeer om Suid-Afrika 'n*

doodsteek te gee deur hom aan die wêreld se veragting oor te lewer deur-
dat hy ten onregte verbind word met Nazistiese-Duitsland as 'n volk met
'n 'Herrenvolk'-mentaliteit. Die mentaliteit sou dan gebore wees uit
'n egoïstiese motief met die apartheidsfilosofie as die stabiliserings-
faktore tot die heerskapsmonopolie van die blanke" (Du Preez: 1959,
p. 15).

Valse beriggewing het Suid-Afrika en die Afrikaner aan die
buiteland uitgelewer en voorgestel as 'n meerderwaardige ras -
as 'n ras wat op Bybelse gronde regverdiging soek vir sy so-
genaamde heersugmentaliteit. Verder lê die twintigste eeu
se geestesstrominge - soos vervat in die humanistiese denke -
'n kosmopolitiese homogeniteit bloot. Du Preez verwys na
hierdie onrealistiese abstraksie van die mensheid as die
heersende na-oorlogse filosofie van Europa, "n sterk gesekulari-
seerde humanisme of antroposentrisme wat hoegenaamd nie voortkom uit
Christelike oorweginge nie. Dit ken geen teosentriese denke nie, maar
het die mens tot maatstaf van alles gemaak veral uit konsiderasie vir
die nie-Blanke mens" (Ibid: p. 17).

Negrofilisme kom voort uit 'n skuldige Europese gewete wat
in sy wese afkeurig staan ten opsigte van die vorm van
nasionaalisme en die neiging tot gelykshakeling van alle mense
op grond van 'n abstraksie van die mensheid. Dit is met
humanistiese entoesiasme dat daar 'n beweging is na die ge-
lykshakeling van alle mense, ongeag ras of kleur. In hierdie
denkpatroon en staatkundige ordeninge pas die Afrikaner se

rassefilosofie van die twintigste eeu nie in nie en het hy tegelykertyd die stormsentrum van die gees van die twintigste eeu met sy simpatie vir die Swartman geword. Dit is 'n gerigtheid wat spreek uit die woorde van Toura Gaba van Tsjad tydens 1960 se sitting van die VVO: "... the African continent is shaped like a question mark, and, at the same time, like a pistol pointed as if by chance towards the Union of South Africa" (Mazrui: 1977, p. 392).

'n Komende revolusie word wêreldwyd voorsien en gepredik teen die bestaande magstruktuur in Suid-Afrika soos in die woorde van Kuper: "As for the non-whites, the systematic oppression creates a situation in which they begin to feel that only the most radical measures will effect change. And so the conflict moves continuously to greater extremes" (Kuper: 1965, p. 392).

Dit is revolusionêre beeldspraak wat steeds sy herleidingsfunksie vind in die Nazi's se rasse-abstraksie van 'n "Herrenvolkdogma". Bunting verval ook in hierdie drogbeeld in sy The Rise of the South African Reich: "It took a world war and the loss of 30 million lives to dispose of the Nazi menace - simply because those who had the power refused to use it in time to stop Nazism from overrunning Europe. Let us hope that the cost of ending apartheid will not be so great" (Bunting: 1968, p. 159).

'n Fanatieke stigma is om apartheid opgebou en 'n morele kruisvaart is in die internasionale mens-gesentreerde gemeenskap

daarteen gerig. Die stryd teen apartheid is tot 'n vlak gevoer waar owerhede omskep is in agentskappe van die internasionale bepaalde bestemmingsfunksie van die staatsverband. So is die strukturele van die Suid-Afrikaanse staatkundige samelewingsverband dan in stryd met die humanistiese geformuleerde etiese kodes van 'n universele "mancentered society".

Gross sê: *"South Africa undoubtedly is in the path of the coming storm, by reason of its intolerable racial policies"*, omrede: *"..... scarcely anyone other than the white South Africans takes the view that apartheid is a bona fide nationalist policy; the nearly universal judgement is that it is primarily racist"* (Van Dyke: 1972, p. 67).

Dit is 'n universele beoordeling wat De St. Jorre soos volg uitspel: *"The Afrikaners can no longer 'trek' (in verwysing na die Groot Trek); there is nowhere to trek. They have to dominate, deal or die. So far they have chosen the first course"* (Jorre: 1976, p. 186).

Afsonderlike ontwikkeling - of in internasionale terminologie gestel "apart-hate" het te staan gekom teenoor die magte van die liberale humanisme - 'n Christenstaat en -staatsvolk oorgelewer aan 'n internasionale moralistiese etiek wat Strauss soos volg teen die agtergrond van 'n sondegebroke wêreld afteken: *"Gemeet met die maatstok van hierdie humanistiese mensbeskouing en samelewingsbeeld, lewer die beleid van afsonderlike ontwikkeling dus beslis niks waarmee ons vyande in hulle skik kan wees nie"* (Strauss: 1972, p. 2).

Die humanisties-georiënteerde internasionale openbare mening wil so ook "wetgewer" wees van die idee van 'n universele wêreldgemeenskap. Die owerheid en staatsvolk wat nie daarby inval

nie en nie die bestemmende *Leitmotiv* van die mens as die strukturele subjek van die wêreldpolitiek aanvaar nie, sal die volle geweld van so 'n aanslag ervaar.

Suid-Afrika bevind hom langs die weg midde in 'n internasionale veldtog om die herstel van menseregte. Saam met die destydse Portugese bewindhebbers in Afrika is die blanke bewindhebbers in Suid-Afrika en Rhodesië as kolonialistiese reste geïnterpreteer. Gedurende 1965 se sitting van die VVO het die Afro-Asiatiese blok 'n amendement tot Artikel 5 van die *Declaration on the Inadmissibility of Intervention in the Domestic Affairs of States* voorgestel, waardeur 'n beleid van apartheid (en rassediskriminasie) voorgehou is as 'n beleidsmaatregel wat strydig is met die beginsel van nie-inmenging (Commission on Human Rights, Verslag van die 25ste sessie E/4621, p. 76). Apartheid en rassediskriminasie is momenteel verlaag tot skendingskomponente van basiese menseregte en die uitingspraktyke van selfbeskikkingsreg. Die polêre uiterstes is as simptome van dekoloniseerde denke binne 'n etiese normbeeld geplaas as apartheid, menseregte, selfbeskikkingsreg en een-man, een-stem.

Deur hierdie beheptheid met apartheid is 'n politieke, juridiese en morele klimaat geskep wat alle grense van logiese denke en begrip oorskry het. Moskowitz haal tereg aan: "*.... the fight against the racial policies of South Africa was endowed with a sense of cosmic justice which overshadowed by far the savage despotism that rule so many parts of the world it was bound to become but the vanguard of an increasing assault on the right of a State to an internal offer of its own choosing* (Moskowitz: 1974, p. 52).

Apartheid en rasse-diskriminasie het die *ultima ratio* van VVO-denke rondom menseregte geword. Dit is nie gegrond op realisme nie, maar eerder op dit waarna Solzhenitzyn verwys het as "*different scales of values*" (Solzhenitzyn, 1974, pp. 7-59).

Laasgenoemde is binne die breë verband van die bevryding van die onderdrukte "*volke*" van die wêreld geplaas. Die kreet om selfbeskikking met sy klem op meerderheidsregering ("*majority rule*") maak dan die sogenaamde vryheidstryd 'n gewettigde stryd van die sogenaamde onderdrukte meerderheid teen die tirannie en despotisme van die minderheid. Uitsprake van onder andere die Raad van Ministers van die Organisasie vir Afrika-Eenheid bevestig "*.... its full and unconditional support of the oppressed people of South Africa in their legitimate struggle to eliminate apartheid and achieve majority rule*" (OAE-Resolusie, CM/242 (XVII)).

Die Algemene Vergadering van die VVO het male sonder tal ook die terrein betree. In resoluusie 2775/XXVI is byvoorbeeld die volgende standpunt geformuleer: "*..... the legitimacy of the struggle of the oppressed people of South Africa to eliminate by all means at their disposal, apartheid, racial discrimination and similar ideologies, and to attain majority rule in the country as a whole*" (Resolusie van die Algemene Vergadering, 2775 (XXVI)).

Die Veiligheidsraad voeg ook sy stem van veroordeling hierby: "*..... the legitimacy of the struggle of the oppressed people of South Africa in pursuance of their human and political rights as set forth in the Charter of the United Nations and the Universal Declaration of Human*

Rights", omdat "apartheid" soos dit omskryf is in die Lusaka Manifest, gebaseer is op, ". . . . a rejection of man's humanity It depends upon man's colour, his parentage and his ancestors Everything depends upon race. Manhood is irrelevant" (Cervenka: 1968, pp. 21-2).

Dit is dié wêreld van kleur waarna die Negerregseleerde, William du Bois, reeds in 1925 verwys het as: "*The problem of the Twentieth Century is the problem of the colour line* (Du Bois: 1972, p.43) - 'n probleem wat in die tweede helfte van die twintigste eeu tot sy katastrofiese werklikhede gevoer is.

Binne die voorgaande raamwerk moet Suid-Afrika as staat plek inneem in die internasionale statery, tussenstaatlike politiek bedryf, en sy bestemmingsfunksie uitwerk.

SLOTGEDAGTE

Individuele menseregte het dus te staan gekom teenoor afsonderlike ontwikkeling. Dit is opsigself 'n foutiewe teenstelling omdat die VV-handves nie menseregte in 'n juridiese sin geskep het nie, maar dit voorsien het. Die Handves lê slegs as norm neer dat daardie regte, wat hulle ook mag behels, uitgeoefen moet word sonder onderskeid ("without distinction") ten opsigte van ras, geslag, taal, of godsdiens (Art. 1(3), 13(1)(b), 55(c), 68 en 76). Die uitdrukking "without distinction" beteken nie dat 'n lidland geen onderskeid in die toepassing in die neutrale

sin van die woord mag tref nie, maar dat in die toepassing van menseregte daar nie ten gunste van een persoon tot nadeel van 'n ander onderskeid getref mag word op grond van ras, geslag, taal of geloof nie (Botha: 1974, p. 11).

Suid-Afrika het hom nie - hoewel die Handves en sy bepalinge onderskryf word - tot substantiewe menseregte verbind nie, maar wel die grondslag waarop menseregte uitgeoefen sou word, aanvaar. Saam met Rusland het Suid-Afrika om tegniese-formele redes afsydig gestaan teenoor die Menseregte-verklaring van 1948 deur nie daarteen te stem nie, maar buite stemming te bly. Hierdeur is die indruk geskep dat Suid-Afrika daardie regte soos in die Deklarasie omskryf, vertrap. Die voormalige Sekretaris-Generaal van die VVO, U Thant, stel dit sonder 'n omhaal van woorde: "*The most conspicuous and anachronistic mass violation of human rights and fundamental freedoms is that which continues to be enforced against the non-white majority of the people of the Republic of South Africa*" (Adegbite: datum onbekend, p. 75).

Dit is die antwoord van 'n wêreld wat lank reeds kant gekies en standpunt ingeneem het. Vir hierdie humanistiese-verankerde wêreld is daar geen morele regverdiging te vind in die beleid van afsonderlike volksontwikkeling nie. Dit bly steeds apartheid, ("apart-hate") "*... the most emotionally charged issue in the politics of the United Nations and perhaps the word at large*", (Mazrui: 1967, p. 137) "*.... a crime against humanity*" (Resolusie van die Algemene Vergadering, 3068 (XXVII), 1973, Artikel 1).

Daarom ook die simplistiese aanname soos aan die begin van die hoofstuk gegee: Geen normale sport kan in 'n abnormale samelewing beoefen word nie.

H O O F S T U K 2

SPORT EN POLITIEK : ORIËNTERENDE INLEIDING

HOOFSTUK 2

SPORT EN POLITIEK : ORIËNTERENDE INLEIDING

1. INLEIDING

Die 23ste Olimpiese Spele van 1984 te Los Angeles is nou reeds geskiedenis. Die vraag wat nou ontstaan is: Was hierdie Olimpiese Spele, soos sovele vooraf, in Los Angeles ook polities geïnspireerd?

Aangesien die Olimpiese Spele die grootste enkele sportbeweging en byeenkoms ter wêreld is, is dit vir doeleindes van hierdie studie noodsaaklik om daarop te wys, dat ofskoon Suid-Afrika 'n fokuspunt van die internasionale politisering van sport is, dit nie 'n geïsoleerde "geval" is nie, maar slegs deel vorm van 'n bouse kringloop waarin sport verval het. Daarom vertrek ons in die studie vanuit die Olimpiese Beweging.

Binne die huidige tydsgewrig van internasionale betrekkinge waar polarisasie tussen magsgroepe en state met verskillende ideologiese uitgangspunte die internasionale arena betree, het sport die slagoffer geword van 'n stelsel wat niks met sport as sulks te doen het nie. Sport word aangewend as 'n wapen in die magstryd tussen Oos en Wes vir die bereiking van sekere vooropgestelde politieke oogmerke (Saaiman: 1981, p. 7).

2. SPORT EN POLITIEK IN DIE OLIMPIESE BEWEGING

Die verstrengeling van sport in die politieke stelsels van die wêreld dateer so ver terug as die tyd toe Sparta sy oorwinnings by die Olimpiese Spele as toets vir die Spartanese vitaliteit en aansien aangewend het (Botha: 1970, p. 37).

Sedert die aanvang van die moderne Olimpiese Spele in 1896 in Athene (Griekeland) staan die geskiedenis van hierdie beweging in bykans direkte kontras tot die Olimpiese ideaal en leuse van CITIUS, ALTIUS, FORTIUS - Vinniger, Hoër, Sterker - as gevolg van die alles oortreffende politieke magstryd wat die wêreld van die twintigste eeu kenmerk (Kanin: 1981, p. 148).

'n Belangrike aspek wat noodwendig as gevolg van die strewe van nasionale state na mag en prestige na vore getree het, is dat sport oor 'n propagandistiese inslag beskik wat met vooropgesette doelstellings aangewend kan word. Dit spreek reeds vanuit die oogmerke wat die Franse baron en vader van die moderne Olimpiese Spele, Pierre de Coubertin, in 1894 aan die Olimpiese beweging geheg het:

"The aims of the Olympic Movement are to promote the development of those fine physical and moral qualities which are the basis of amateur sport and to bring together the athletes of the world in a

great quadrennial festival of sports thereby creating international respect and goodwill and thus helping to construct a better and more peaceful world" (Lapchick: 1975, p. 15).

Reël 25 van die Olimpiese reëls bepaal onder meer dat geen regering druk op sport mag uitoefen nie. Hierdie idilliese vooropstelling maak Morrow af as hy sê: *"To say that the Olympic Games have nothing to do with politics is the equivalent of saying that disco dancing has nothing to do with sex. Politics has always been a glowing, insistent presence in the Games, and in some ways their reason for being"* (Saaiman: 1981, p. 8). Dat Orwell dan na die moderne Olimpiese Spele verwys as, *"it is war minus the shooting"*, en sy redes voorhou as, *"it is bound up with hatred, jealousy, boastfulness, disregard for all rules and sadistic pleasure in witnessing violence"*, (Lapchick: 1975, p. 15) word gestaaf as die politiseringsproses van die Olimpiese Spele kronologies nagevors word. In dié verband merk die uitgeweke Suid-Afrikaner Dennis Brutus heel tereg op:

"Sport has not only become a universal phenomenon; it has also become an important means of securing national prestige and is often a tool of state policy. In addition, it reflects the political attitudes of a nation" (Brutus: 1970, p. 2).

Reeds in 1936 met die Olimpiese Spele in Duitsland is die Hoofliggaam van die Olimpiese Spele, die Internasionale Olimpiese Komitee of andersins genoem IOK, getreiter deur

politieke intriges en gebeure. By hierdie Spele het die botsing gekom tussen die IOK en Hitler. Hitler wou die Spele in 'n persoonlike triomf vir hom asook vir Duitsland omskep. Reeds hier het die idee van nasionalisme gebots met die oorspronklike doelstelling van individualisme van die IOK. Goebles, Hitler se minister van propaganda, het die 1936-Spele beskryf as meer werd vir Nazi-Duitsland as 20 divisiessies (Hogberg: 1984, pp. 3-4).

Die saad vir die politisering van die moderne Spele is met die Helsinki-Spele van 1952 gesaai. Die Sowjet-Unie neem hier vir die eerste keer deel en word deur die Internasionale Olimpiese Komitee (IOK) toegelaat om saam met die atlete van Hongarye, Pole, Bulgarye, Roemenië en Tsjeggo-Slowakye 'n eie afsonderlike Olimpiese nedersetting op te rig. Hieroor skryf Wilson in sy boek, The Olympic Games, 1984:

"It is hard to understand how the International Olympic Committee which had strained at so many gnats, allowed itself to swallow this particular camel. Probably they were anxious to accommodate the lost sheep which had returned" (Ibid: 1984, p. 4).

Deur die insluiting van die Kommunistiese Oosblok by die Olimpiese-beweging het die klem weer eens en waarskynlik finaal verskuif vanaf die individuele prestasie en die individuele sportsman as die wenner van die Olimpiese medalje na nasionale spanne en nasionale prestasies. Dit is 'n stand van sake wat

Hogberg ook skets ten opsigte van die Berlyn-Spele van 1936, as hy daarna verwys as 'n "showcase of Aryan supremacy" (Ibid: 1984, p. 4). Kanin sluit hierby aan as hy sê:

"The 1936 Olympic Games were used as an appeal to German Volk consciousness, somewhat in the tradition of Father Jahn and the Trunvereine. Nazi preparations demonstrated the effectiveness of an athletic appeal to a ruling ethnic group designed to tie together concepts of nation, state, and race" (Kanin: 1981, p. 53).

"Politieke hoogtepunte" van die moderne Olimpiese Spele sou by wyse van 'n kort opsomming die volgende politieke-gemotiveerde gebeure kon insluit:

- * Die Olimpiese Spele van 1948 lui die ideologies gepolitiiseerde na-oorlogse wêreld in met die opskorting van Israeliese deelname om 'n Arabiese boikot van die Spele te voorkom ná die totstandkoming van die nuwe Israeliese staat in 1948.
- * Die Olimpiese Spele van 1956 in Melbourne, Australië, vind plaas onder die politieke wolk van die Russiese inval in Hongarye. Nederland en Spanje onttrek hul spanne as gevolg van die naakte aggressie wat teen Hongarye gepleeg is (Espy: 1979, p. 29). Tydens 'n waterpolo-wedstryd by dié Spele verslaan die Hongare die Russe in 'n swembad waarvan die water bloedbevlek nagelaat is.

- * Egipte onttrek van dieselfde Spele as gevolg van beweerde aggressie teen hom deur Israel, Brittanje en Frankryk, en dring terselfdertyd aan op die skorsing van dié drie lede van die Olimpiese beweging. Libanon volg uit simpatie die optrede van Egipte na.

- * Politieke geweld word tot sy uiterste gevoer tydens die München-Spele van 1972 toe onskuldige sportmanne die direkte slagoffers word van 'n terroriste-organisasie wat nie gekroom het om met die verlies van menselewens hul politieke oogmerke te bereik nie. Vroeg die oggend van 4 September 1972, die 11de dag van die Spele, het agt Arabiese Swart-September-terroriste die Olimpiese nedersetting binnegedring en 'n gewelddadige drama ontketen waarin elf atlete van Israel met hul lewens moes betaal. Die politieke eis wat gestel is, was die onmiddellike vrylating van 200 Palestynse en Arabiese gevangenes in Israel.

- * Die Volksrepubliek van China onttrek as gevolg van die toelating van die Republiek van China (Taiwan). Hierdie was 'n geskil wat sy hoogtepunt sou bereik met die Montreal-Spele van 1976.

- * Die 1980 Olimpiese Spele in Moskou, sou bekend word as die "Groot boikot." Rusland het geweldig baie geld bestee aan die voorbereidings vir hierdie groot okasie, die eerste Olimpiese Spele in daardie deel van die wêreld.

Die aanleidende faktor tot hierdie boikotaksie deur die VSA en 61 ander lande in 1980 het gekom as gevolg van die Russiese inval in Afganistan in Desember 1979. Hierdie boikotaksie was die grootste tot dusver in die geskiedenis van die Olimpiese Spele of enige ander sportgebeurtenis. Sestien ander lande wat nie aan die Moskou-Spele onttrek het nie, het onder die vaandel van die Olimpiese Spele deelgeneem, eerder as onder hulle eie vlag.

In sy afsluitingstoespraak het die uittredende IOK-president, Lord Killanin, in 1980 gesê en Hogberg stel dit so in sy artikel *The Olympic Games - Mirror of Mankind*:

"I implore the sportsmen of the world to unite in peace before a holocaust descends the Olympic Games must not be used for political purposes The Olympic Games are for the benefit of our children."

Hogberg vra homself dan ook die volgende vraag af na aanleiding van Killanin se woorde: *"Another appeal to the deaf?"* (Hogberg: 1984, p. 5).

Die 1984-Spele in Los Angeles het ook gebuk gegaan onder 'n boikotaksie. Hierdie keer was dit die Oosbloklande met Rusland wat die leiding geneem het. Die wraakaksie-idee moet beslis aan hierdie boikotaksie gekoppel word, aangesien

dit die V S A was wat met hierdie Spele miljoene dollars se onkoste aangegaan het. Die Spele is dan ook deur die Russe bestempel as die "Kapitalistiese Spele".

Die amptelike rede wat die Russe gee vir die boikotaksie was die veiligheidsaspek. Die Russe het beweer dat die V S A nie die nodige veiligheid vir sy atlete kon waarborg nie.

Dit moet bygesê word dat die V S A se veiligheidsplan moontlik nie so "security tight" soos die van Moskou in 1980 was nie. Die tydskrif Time se korrespondent by die 1980-Spele, B.J. Phillips, som dit so op:

"You could not find a dissident, a drunk or a child under 18 on the streets of Moscow" (Phillips: 1984, p. 10).

Almal is dit eens dat politiek die fundamentele oorsaak van die Russiese boikotaksie was en wel om die volgende onderliggende redes:

- * Die Russe sit met ekonomiese probleme tuis;
- * Die Russe kan nie die V S A se ontplooiing van kernmissiele stop nie;
- * Die Russe is steeds vies vir President Reagan oor sy uitspraak dat hulle die "*focus of evil in the modern world*" is;

* Die Russe wou niks doen wat positief tot President Reagan se herverkiesing as Amerikaanse President bydra nie, maar sou eerder iets in die verkiesingsjaar wou doen om hom te verkleineer.

Ná hierdie reeks van politieke motiewe en polities-gemotiveerde aksies, en reaksies verklaar die destydse president van die IOK, Avery Brundage:

"We are dead (set) against any country using the Games for political purposes, whether right or wrong. The Olympics are competitions between individuals and not nations" (Hogberg: 1984, p. 4).

Hierdie woorde sou nie kon stand hou teen die magspolitiese oogmerke wat die strewes van nasies rig nie. Die sportvelde van die Olimpiese Spele sou in die vervolg nie net meer dien as kompetisie tussen atlete nie, maar ook as toetsterrein vir die sterkte van politieke stelsels. Hieroor merk Morrow ook baie betekenisvol op:

"Each Olympics is an immense and garish parade of nationalism. Over the years, political arguments have erupted repeatedly in the games" (Saaiman: 1981, p. 23).

3. SLOTBESKOUING

In totale perspektief gesien, het ongehinderde internasionale

sportmededinging sy bydrae om vrede en harmonie tussen nasies te bewerkstellig, verloor en eerder 'n afdreigmiddel geword waarmee obstruksie in die magspel van die grotes gestraf kan word. Die twee supermoondhede het die onderlinge magstryd reeds tot die terrein van vreedsame internasionale sportmededinging gevoer. *"Fundamentally"*, verklaar Halle, *"it is like the case of the scorpion and the tarantula in the bottle, and we may properly feel sorry for both parties, caught as they are in a situation of irreducible dilemma"* (Halle: 1967, p. xiii).

Die Olimpiese Spele wat sportmanne en vroue van reg oor die wêreld bymekaar moet bring, sodat daar vrede kon heers, is wreed ontnugter toe nasies belangrik geword het en politiek sy rol moes speel. Politiek speel nie meer slegs 'n rol in sport nie, maar die politiek bepaal selfs nou die sport.

Suid-Afrika se sportlui word vandag verantwoordelik gehou vir die land se politieke bestel. Ons sportlui word deelname in ander landeontsê of ander lande se sportlui onttrek hulle aan deelname, hetsy uit eie beweging of onder druk van hul regerings wanneer Suid-Afrikaners aan dieselfde kompetisie deelneem. Dit alles omdat regerings, politici of sportadministrateurs nie met die binnelandse beleid van die Suid-Afrikaanse regering saamstem nie. Geen ander land se sportmanne en -vroue word vir hul regerings se beleid verantwoordelik gehou nie. Daar is tog immers lande wie se binnelandse beleid of menseregte rekord veel meer te wense as Suid-Afrika s'n oorlaat. Tog is dit opvallend dat dit meeren-deels die kommunistiese lande is wat Suid-Afrika se grootste vyande in hierdie verband is.

H O O F S T U K 3

DIE DILEMMA VAN SUID-AFRIKAANSE SPORT

HOOFSTUK 3

DIE DILEMMA VAN SUID-AFRIKAANSE SPORT

1. INLEIDING

Die spontane¹⁾ "politisering" van sport kom in Suid-Afrika voor sedert die vroegste tye van die twintigste eeu. Reeds voor Unie-wording in 1910 het daar al sportgebeure plaasgevind waar Blankes en nie-Blankes apart aan sekere sportsoorte deelgeneem het, dit wil sê 'n suiwere en spontane gemeenskapsordening. Hier het ons alreeds te doen gehad met sport wat "vrywillig" op 'n rassegrondslag georganiseer is. Gemengde deelname het wel by wyse van welwillendheid geskied, maar in die algemeen is die beoefening van sport op afsonderlike gebiede, deurgetrek vanaf die laagste vlak tot op internasionale vlak.

Om maar slegs een voorbeeld te noem wat bogenoemde inleiding staaf, kan daar verwys word na die rugbybetrekkings tussen Suid-Afrika en Nieu-Seeland. Sedert 1905 speel Maori's in All Blackspanne en sedert 1928 word blanke-kleurige Maori's (*Pakehas*) in All Blackspanne ingesluit wat in Suid-Afrika toer.

1. Bedoelende buite 'n statutêre raamwerk.

DIE VRAAG GAAN NOU UIT VANAF WATTER TYDSTIP IS DIE SPORTVERHOUDINGE (MET SPESIFIEKE VERWYSING NA RUGBYBETREKKINGE) TUSSEN SUID-AFRIKA EN NIEU-SEELAND GEPOLITISEER? WIE HET DIE EERSTE POLITISERINGSAKSIE GENEEM?

Nie-amptelike politisering van sportverhoudings tussen Suid-Afrika en Nieu-Seeland kan sover as 1921 teruggevoer word. In sy outobiografie maak Graham Mourie, voormalige All Black-kaptein, melding van die volgende berig wat deur 'n Suid-Afrikaanse verslaggewer na afloop van 'n wedstryd in daardie jaar tussen die Springbokke en die Nieu-Seelandse Maori's* geskryf is:

"This was die most unfortunate match ever played - it was bad enough having to play a team officially designated New Zealand natives, but the spectacle of thousands of Europeans frantically cheering on a band of coloured men to defeat members of their own race was too much for the Springboks, who were frankly disgusted" (Soos aangehaal deur A Mc A Harvey, Voormalige Ambassadeur vir Suid-Afrika in Nieu-Seeland in 'n skrywe aan die navorser).

Toe die 1928-All Blacks na Suid-Afrika genooi is, is daar van Suid-Afrikaanse kant aanbeveel dat geen Maori's in Nieu-Seeland se span ingesluit word nie. Hieraan is gehoor gegee en legendariese spelers soos George Nepia en Jimmy Hill moes in Nieu-Seeland agterbly.

*Maori's word deur die Verklarende Afrikaanse Woordeboek omskryf as "inboorlinge van Polinesiese afkoms, wat ook Polinees as taal besig. In die Political Handbook of the World (Banks: 1984, p. 281) word hulle as die oorspronklike inwoners van Nieu-Seeland omskryf: "New Zealand was first discovered by Abel Tasman in 1642, but settlement by the English did not begin until the eighteenth century. In 1840, British sovereignty was formally accepted by Maori chieftains in the Treaty of Waitangi. Recurrent disputes between the settlers and the Maori's were not resolved, however, until defeat of the latter in the Maori wars of the 1860's."

In 1937 het die Springbokke nie in Nieu-Seeland teen die Maori's gespeel nie, grootliks as gevolg van gebeure tydens die vorige toer.

In 1948 het die Nieu-Seelandse Rugby-unie die volgende verklaring gedoen:

"In view of the domestic policy of South Africa, the council of the NZRFU reaffirms its previous decision made both this year and prior to the 1928 tour, that as much as it is regretted, players to be selected to tour South Africa cannot be other than wholly European. This is in accordance with the policy of the Maori Advisory Board to the New Zealand union which adds that it is its wish not to interfere with the Government decrees of another country" (Ibid).

h Bekende wat gedurende daardie toer moes tuisbly, was Ben Couch, h latere kabinetsminister en goeie vriend van Suid-Afrika.

Tot op daardie stadium was dit baie duidelik dat Nieu-Seeland uit hulle pad gegaan het om by Suid-Afrika se wense in te val.

Die Springbokke het gedurende die 1956-toer deur Nieu-Seeland weer teen die Maori's gespeel. Voor die toer van 1960 deur Suid-Afrika het die Nieu-Seelandse rugby-unie self verkies om geen Maori's in te sluit nie, want *'to include Maori's would be to expose them to intolerable indignity'* (Ibid). Tot op daardie stadium het Suid-Afrika nie aan Nieu-Seeland voorgeskryf wie om in hulle spanne in te sluit nie.

Hierdie toedrag van sake het egter in 1965 verander toe dr H F Verwoerd verklaar het dat Suid-Afrika van ander lande verwag om ons gewoontes en tradisies te respekteer soos ons lande s'n

respekteer. Die uitnodiging in 1967 om deur Suid-Afrika te toer is deur Nieu-Seeland van die hand gewys omdat Suid-Afrika voorskriftelik begin optree het deur te sê dat Maori's nie in die span ingesluit mag wees nie.

Hierdie verklaring - nou bekend as die Loskopdam-toespraak - het 'n keerpunt gebring in die rugbybetrekkinge tussen Suid-Afrika en Nieu-Seeland. Wat het Loskopdam behels?

Waar sport nooit spesifiek by die naam genoem is in die daarstel en uitvoering van politieke beleid nie, het dit al skerp afgeteken geraak in die herskikking van die wêreld na die sogenaamde "rassistiese" Tweede Wêreldoorlog. Op die grondslag van 'n credo van "*human rights*" en "*human dignity*", sou dit noodwendig mettertyd by die naam genoem moes word. "Loskopdam" sou die naam word waaraan Suid-Afrikaanse en Nieu-Seelandse rugbybetrekkinge vir die toekoms gekarakteriseer (en geïdentifiseer) sou word. Dit was na ons oordeel die politieke waarheidsmoment in Suid-Afrikaanse sport.

Loskopdam was die plek waar seker die belangrikste sportverklaring in die geskiedenis van Suid-Afrikaanse sport die lig gesien het. Graag gebruik ek hierdie aspek as my vertrekpunt, aangesien ek daarvan oortuig is dat hierdie gebeurtenis sport en politiek 'n harde werklikheid in Suid-Afrika gemaak het. Tot en met hierdie gebeure het almal sport beskou as deel van die normale ordening van sy samelewing in Suid-Afrika. Met hierdie gebeurtenis word sport egter binne die politieke ordening van die samelewing geïdentifiseer. Vir Suid-Afrika sou dit verreikende gevolge inhou.

Skielik het die Republiek van Suid-Afrika voor die dilemma gestaan van sport binne of buite die politiek. Hoe ons dit ookal wou afmaak, kon sport as sulks nie verby daardie wette kom wat die breë samelewing georden het nie, verwysende na onder andere die Groepsgebiedewet en die Bevolkingsregisterwet. Die beoefening van sport op 'n kleurgrondslag het skielik in die openbaar in botsing gekom met die selfopgestelde moreel-etiese kodes van die internasionale gemeenskap. "Kleur-diskriminasie" in sport as gevolg van die ordening van die samelewing op 'n "kleurgrondslag" het die slagkreet gebring van: Geen normale sport kan in 'n abnormale samelewing beoefen word nie. Die dilemma van Suid-Afrikaanse sport is dus: Dit moet gestruktureer en beoefen word binne die raamwerk van wette wat die breë samelewing orden op grondslag van ras en kleur. Die sportman en sportadministrateur is nie wetgewers nie en is dus onderworpe aan daardie maatreëls wat polities van oorsprong is.

Om die gebeure by Loskopdam in 1965 in perspektief te stel, is dit belangrik dat daar na faktore en gebeure gekyk moet word wat Loskopdam voorafgegaan het.

Die eerste aanleidende faktor wat genoem kan word, is die aankondiging deur die Nieu-Seelandse Rugby-unie in Junie 1959 dat die All Blackspan van 1960 na Suid-Afrika geen Maori's

sou insluit nie.¹⁾ Die aankondiging het geweldige protes in Nieu-Seeland uitgelok. Daar is onder andere 'n bewaarskrif deur 500 studente aan die premier mnr Nash, oorhandig. Dit sou later nog baie bydra tot die Maori-kwessie en die toelating van Maori's as deel van Nieu-Seelandse rugbyspanne na Suid-Afrika (Rapport: 25 November 1973).

Die volgende aanleidende faktor²⁾ het gehandel rondom die Suid-Afrikaanse Rugbyraad se Jubileumfees in 1964. Vir hierdie feesviering is twee belangrike Maori-leiers, mnrre Ralph Love en Pat Walsh as gaste van die Suid-Afrikaanse Rugbyraad en lede van die Nieu-Seelandse afvaardiging, na die feesvieringe genooi.

Die Nieu-Seelandse afvaardiging het baie goeie behandeling in Suid-Afrika ontvang. Onthale waar ook kabinetslede teenwoordig was, is gehou, want dit sou en kon die regte klimaat skep, sodat die weg voorberei kon word vir die insluiting van Maori's

1) Die aankondiging deur die Nieu-Seelandse Rugbyunie is gemaak deurdat hulle presies geweet het hoe die wind in Suid-Afrika gewaai het met betrekking tot die Regering se beleid jeens anderkleuriges. Indien hulle in daardie stadium enigsins eise sou stel, kon die Suid-Afrikaanse Regering moontlik die toer gekelder het. Nieu-Seeland sou eerder die blaam in hulle eie land dra, as om die toer in gevaar te stel.

Die besluit is reeds in Julie 1958 in camera geneem, nadat die Maori-adviesraad besluit het dat dit nie wenslik sal wees om Maori's in te sluit nie. Die besluit is dan eers in Junie 1959 aan die pers bekend gemaak (McLean: 1960, p. 20).

2) Die faktor was van deurslaggewende belang, om die regte klimaat te skep, om Maori's op 'n latere tydstip na Suid-Afrika te nooi.

in die All Blackspan wat in 1967 deur Suid-Afrika sou toer. Die behandeling het selfs daartoe gelei dat mnr Morrison (voormalige voorsitter van die Nieu-Seelandse Rugbyunie) wat deel uitgemaak het van die Nieu-Seelandse afvaardiging wat na die feesvieringe genooi was, by sy terugkeer in Nieu-Seeland verklaar het dat die insluiting van Maori's in Suid-Afrika groot byval sal vind.

Die toer van die Springbokke in 1965 na Nieu-Seeland het baie goed verloop. Terselfdertyd, (tydens die toer) besluit die Suid-Afrikaanse Rugbyraad dat sy uitnodiging aan Nieu-Seeland sou moes beteken dat die "beste" All Blackspan in 1967 na Suid-Afrika kon kom. Hierdie "beste" span kon bestaan uit lede van alle rasse ongeag kleur en dat hierdie span op meriete gekies moes word. 'n Afvaardiging bestaande uit onder ander dr Craven het senator Jan de Klerk, eertydse Minister van Binnelandse Sake, oor die aangeleentheid gaan spreek. Volgens dr Craven sou Senator De Klerk aan hom gesê het:

"Dr Craven jy gaan na Nieu-Seeland. Hou jou ore oop en laag op die grond. Bespreek alles met die betrokke instansies daar anderkant. Kyk of jy 'n formule kan vind wat vir ons aanneemlik is. Dan kom jy terug en jy en ek werk saam 'n modus operandi vir die kabinet uit" (Rapport: 25 November 1973).

Teen die einde van die 1965-toer besoek dr Craven Nieu-Seeland as gas van die Nieu-Seelandse Rugbyunie. Kort na

sy aankoms op 1 September 1965 hou hy 'n perskonferensie waarin hy melding maak dat Maori's wat in die span ingesluit sou word, dieselfde behandeling sal ontvang wat mnre Love en Walsh in 1964 ontvang het.

Die verklaring wat dr Craven in Nieu-Seeland gemaak het, het beslis daarop gedui dat Maori's wel in die All Blackspan van 1967 ingesluit sou kon word. Soos hy dit gestel het:

"You will receive your official invitation to tour in April next year. The invitation will be extended to New Zealand as a rugby country. I am sure the sequel will be satisfactory to everyone"
(Thompson: 1975, p. 38).

Hierdie verklaring het baie wye reaksie in Suid-Afrika uitgelok. Die belangrikste hiervan was dr Verwoerd se toespraak op 4 September 1965 - die sogenaamde Loskopdam-toespraak. (Kyk Bylae 1, p. 72).

Dr Verwoerd het hierdie toespraak tydens die kongres van die Transvaalse Nasionale Jeugbond te Loskopdam, op 4 September 1965, gelewer.

Die kern van die toespraak omvat onder andere die volgende: Dr Verwoerd het gesê dat hy nie eintlik oor die argumentasie, in verband met ons voetbalspan in Nieu-Seeland wil kommentaar lewer nie, aangesien ons voetbalspan steeds in die buiteland toer. Verder het hy gesê hy doen dit, omdat hy gedwing word, as gevolg van openlike berigte wat in die opposisiepers gepubliseer word.

Die belangrikste gedagte rondom hierdie toespraak handel oor die kwessie dat ons nie vir 'n ander land kan voorskryf wat hy in sy eie land mag doen en wat hulle nie mag doen nie, want Suid-Afrika wil nie hê dat ander lande hulle moet bemoei met ons huishoudelike sake nie.

Nog 'n aspek wat dr. Verwoerd beklemtoon het, was dat as jy in 'n ander land gaan toer of op 'n amptelike besoek gaan, gedra jy jou soos wat daardie land se gedragsreëls dit vereis. Deur hierdie stellings is die moontlikheid van "gemengde sport" en die insluiting van Maori's finaal die nek ingeslaan.

Wanneer iemand of 'n span na Suid-Afrika kom, sou ons verwag dat hy of hulle, hulle sal gedra na gelang van ons "reëls" Wanneer ons dan na Nieu-Seeland gaan om rugby te speel, dan speel ons teen wie hulle ookal wil hê ons moet speel. Ons kan en behoort nie te kan kies teen wie ons wil of nie wil speel nie.

Dit wou vir hom (dr. Verwoerd) voorkom of joernaliste in Nieu-Seeland gedurig vir dr. Craven en mnr. Louw, bestuurder van die Springbokspan in Nieu-Seeland, met hierdie tipe van vroeë peper. Die afleiding wat hierdie mense dan maak, is dat indien Maori-spelers in Nieu-Seelandse spanne opgeneem kan word, kan kleurlinge in Suid-Afrikaanse spanne opgeneem word. Hierdeur wil

hulle die Suid-Afrikaanse regering dwing om oor die kwessie te praat (te onderhandel?: B.J.W.).

In dr Verwoerd se eie woorde:

"Ons het nie van standpunt verander nie. Soos ons ons in ander lande gedra, verwag ons dat hulle, hulle hier sal gedra volgens ons gewoontes en ek wil daarby voeg: en almal weet wat dit is"
(Soos aangehaal in Kotze: 1978, pp. 59-60).

Dr. Verwoerd sê dus aan Nieu-Seeland en die internasionale wêreld, speel die spel volgens ons (blankes) se reëls of los dit. Ons reëls toe: Afsonderlikheid - ook in sport!

2. REAKSIES NÁ DIE LOSKOPDAM-TOESPRAAK

Hewige reaksie het uit alle oorde toegesak op dr Verwoerd se Loskopdam-toespraak. Opposisiekoerante het dit uitgebuit en regeringsgesinde koerante het nie eintlik geweet hoe om die saak te hanteer nie.

Die kabinet het eenparig die sportverklaring aanvaar en in Nieu-Seeland was dit voorbladnuus. Dr Craven, wat steeds in Nieu-Seeland was, stel dit so aan my tydens 'n persoonlike onderhoud op 29 Junie 1985 by sy huis op Stellenbosch:

"..... voordat ek kon terugkom om te rapporteer, toe kom die Loskopdam-toespraak wat geweldige opspraak gemaak het en wat geweldige leed veroorsaak het. Ek was byvoorbeeld in Rotorua waar die Springbokke ook sou speel toe die nuus bekend geword het. Ek moes die aand gaan na 'n funksie wat deur die Maori's aangebied sou word. Die mense by die funksie sou hoofsaaklik bestaan uit onderwysers en onderwyseresse en ek het vir hulle, mede-toerlede, gesê ek gaan nie, maar ek het gegaan en daar het die Maori's vir my baie mooi opgetree. Jy weet Maori's was nog altyd ons vriende. Jy weet, van die huidige tien groepe Maori's wat daar nog bestaan het, het nege groepe ten gunste van die 1985 All Black-toer na Suid-Afrika gestem. Dit is omdat daar spesiale goeie verhoudings opgebou is vanaf 1937 deur 1956 en 1965, maar dit is eintlik die Loskopdam-toespraak wat die ding moeilik gemaak het" (Onderhoud met dr Craven: 29 Junie 1985).

Sy standpunt het steeds gebly dat Nieu-Seeland 'n amp-telike uitnodiging in 1966 sou ontvang, omdat hy bygevoeg het: *I have different facts at my disposal*¹⁾ (Soos aangehaal in Thomson: 1975, p. 39).

Terug in Suid-Afrika is menige samesprekings met regeringslede gevoer, waarby die Suid-Afrikaanse Rugbyraad tog besluit het om voort te gaan met die uitnodiging van 'n verteenwoordigende span uit Nieu-Seeland. 'n Versoek in die verband is deur die

1. Dr Craven het ander feite tot sy beskikking gehad, deurdat hy voor sy vertrek na Nieu-Seeland met Minister De Klerk gesels het, wat aan hom sekere opdragte gegee het wat hy in Nieu-Seeland moes uitvoer.

regering verwerp en was die Suid-Afrikaanse Rugbyraad verplig om 'n uitnodiging aan Nieu-Seeland te rig wat daarvoor voorsiening sou maak dat die All Blackspan slegs uit blankes sou bestaan. Soos ver wag is, is die uitnodiging van die hand gewys.

Die opspraakwekkende gebeure was die begin van 'n verandering ten opsigte van sport en politiek in Suid-Afrika met betrekking tot die buiteland. Suid-Afrika se sport-politiek sou 'n keuse moes maak: isolasie of verandering.

3. BELANGRIKHEID VAN 'N SPORTBELEID OM SPORT TE KAN BEOEFEN

In die breë internasionale politisering van sport, waar Suid-Afrika onmiskenbaar die fokuspunt daarvan vorm, is dit noodsaaklik dat die "politieke spelreëls" baie duidelik geformuleer moet wees. Verwarring was aan die orde van die dag, en duidelikheid moes kom. Die vraag: Waarvandaan? Onmiskenbaar vanuit die politiek! - Die mees dominerende element in die lewe van veral die twintigste eeuse mens.

Met die dood van dr Verwoerd in 1966 sou Suid-Afrikaanse sport 'n nuwe rigting inslaan, nie onmiddellik nie, maar wel oor 'n tydperk en veral via die hand van die opvolger van dr Verwoerd, adv B J Vorster. As Minister van Justisie en Polisie het hy baie te doen gehad met onder andere die aanslag teen Suid-Afrikaanse sport. As sportliefhebber en

sportman het adv Vorster die uitdagings aan hom gestel met betrekking tot Suid-Afrika se internasionale sportmededinging, met wjer aangepak. Hy verklaar dan ook onder andere:

"... my standpunt (is) dat Suid-Afrika nie aan Nieu-Seeland kan voorskryf wie om in sy rugbyspan in te sluit nie" (Aangehaal in Kotze: 1978, p. 63).

4. HERSKIKKING IN DIE SPORTBELEID, 1966 - 1967

Gedurende 1966 word die keuse vir Suid-Afrikaanse sport soos volg deur Botha opgesom:

"Suid-Afrikaanse sport staar tans probleme in die gesig wat groot veranderinge in die nabye toekoms teweeg kan bring. Die grootste probleem is dié van internasionale isolasie en indien dit werklikheid word, sal groot eise aan die owerhede gestel word om sport binnelands, op verbeeldingryke wyse aantreklik te maak. Hierdie probleem is die uitvloei van die verfoeilike internasionale politiek, wat ook reeds in die internasionale sport wortel geskied het. Die politieke druk wat Suid-Afrika weens sy beleid van afsonderlike ontwikkeling ondervind, het nou helaas, ook 'n gevoelige aanslag op sport hier te lande gemaak. Sport in Suid-Afrika is vanweë hierdie toestand onmiskenbaar met die politiek gekoppel" (Botha: 1968, p. 312).

Adv Vorster se doel was om die isolasie van Suid-Afrikaanse sport met alle mag te beveg. Hy stel dit in 1967 so:

"South Africans did not have a spirit of isolation and were prepared to go out into the world" (Soos aangehaal in Serfontein: 1970, p. 119).

Seer sekerlik was dit ook sy doel met, en oogmerke vir Suid-Afrikaanse sport.

Die vloeibaarheid van die internasionale politiek en Suid-Afrika se betrokkenheid daarby, het hom genoop om die self-opgelegde isolasiegordels wat nou deel geword het van Suid-Afrika se internasionale sportbetrekkings af te skud, want soos adv. Vorster dit stel:

"South Africans did not have a spirit of isolation and were prepared to go out into the world"

Dit was die keuse waarvoor Suid-Afrika te staan gekom het.

Vir die eerste keer in September 1965 verskyn in *News/Check* onder die titel, *The Choice for South Africa - Looking Inwards or Outwards*, 'n nuwe begrip in die verhoudingspolitiek in Suid-Afrika, naamlik dialoog of Suid-Afrika in uitwaartse beweging.

"To grow means looking outwards, to the other people of South Africa, to the outside world. This modernity's inescapable logic - an interweaving of men and things. And to grow is to survive. Yet this also means change, adaptation, tolerance, and a committed acceptance of the new, and employing of the new to one's own advantage. (.....) For building a nation is a pragmatic task; it is a matter of looking wisely to self-interest, to growth and to long-term prospects above

all, in a modern world it is a business of looking outwards, to building contact and thriving on the exchange. This is the choice to be made" (News/Check: 24 September 1965, p. 549).

"Suid-Afrika in uitwaartse beweging", het die nuwe benadering van die regering gekenmerk om deur die isolasiegordels te breek wat van buite af opgelê is. Die beleidsbenadering het te staan gekom voor die uitdaging en noodsaaklikheid om teen die tradisionele en geakkumuleerde wanbegrippe en vyandigheid deur te breek na normale betrekkinge met ander state in geografiese kontinentale verbondenheid (Krüger: 1979, p. 7).

Suid-Afrika moet weer deel word van die internasionale gemeenskap. Dit sou beteken dat aan die wêreld daarbuite getoon moet word dat die Suid-Afrikaanse beleid van afsonderlike ontwikkeling nie gebaseer is op die minderwaardigheid of meerderwaardigheid van volke nie, maar gefundeer in die basiese beginsel van die verskeidenheid in en andersheid van volke (Mulder: 1970, pp. 98-99).

Die taak sou voorwaar groot wees, want toe Suid-Afrika ná die Tweede Wêreldoorlog weer deur die "nuwe" wêreld "ontdek" is, is die Afrikaner gesien as mense met opvattinge wat tot 'n ander "ou" wêreld behoort. Nietemin het die voormalige Eerste Minister, adv B J Vorster die volgende toekomsverwachting uitgestippel waarby seer sekerlik ook Suid-Afrikaanse sportverhoudinge ingesluit sou wees:

"We are Africans, we are of Africa and to my last days in politics I will strive to have us accepted by the peoples of Africa"

(Soos aangehaal in D'Oliviera: 1977, p. 256).

Die uitgangspunt was en is steeds onderlinge agting, respek en begrip soos die Suid-Afrikaanse Eerste Minister dit op 'n perskonferensie in Maart 1971 gestel het:

"I will welcome the opportunity to discuss this very policy with each and everybody concerned for the simple reason that more nonsense has been written and spoken about the policy of separate development than about any other subject I know of" (Soos aangehaal in Metrowich: 1977, pp. 48-49).

As gevolg van die toenemende isolasie van Suid-Afrikaanse sport het adv. Vorster aan die begin van 1967 ernstige oorweging begin skenk aan 'n hersiening van die sportbeleid. Volgens homself wou hy 'n einde maak aan die impasse in Suid-Afrika se sportbetrekkings om aan die land se jeug die geleentheid tot volle deelname aan internasionale sport te gee. As pragmatiese leier en sportliefhebber het Vorster die sportbeleid anders as Verwoerd benader. Terwyl Verwoerd sport sonder meer ondergeskik gestel het aan die ideologie van afsonderlike ontwikkeling, wou sy minder dogmatiese opvolger probeer om 'n formule te vind om die behoud van Suid-Afrika se tradisionele sportbetrekkings met sosiale apartheid te versoen.

Op 15 Februarie 1967 is die sportbeleid in die kabinet behandel. Die Eerste Minister het sy siening van spesifieke sportkwessies soos volg aan die kabinetslede voorgehou.¹⁾

- * Hy is in beginsel bereid om die Olimpiese Spele in Suid-Afrika aan te bied, hoewel dit 'n gemengde sportbyeenkoms is. Hy het ook geen beswaar daarteen dat die Blanke en anderskleurige lede van die Suid-Afrikaanse kontingent na die Olimpiese Spele van 1968 saam reis en dieselfde uniforms dra nie.

- * Die Suid-Afrikaanse regering het nie in die verlede aan die Nieu-Seelandse rugbykeurders voorgeskryf wie hulle mag kies nie en verskeie spelers met Maori-bloed het Suid-Afrika reeds as lede van All Black-toerspanne besoek. In die toekoms sou Suid-Afrika steeds nie ondersoek instel na besoekende All Black-spelers se afkoms nie.

- * Spanlede van die MCC-kriekettoerspan van 1968 se geslagsregisters sou eweneens nie nagegaan word nie. Hulle sal toegelaat word mits hulle nie die landswette oortree nie.

Die botsing in die kookus oor sport was basies 'n konfrontasie

1. Vir 'n volledige bespreking hiervan sien Du Pisani se artikel, "B J Vorster se nuwe sportbeleid as faktor in die verdeeldheid binne die Nasionale Party wat gelei het tot die stigting van die Herstigte Nasionale Party", in Joernaal vir Eietydse Geskiedenis, Vol./Jg. 9, No. 2, INEG, UOVS, Bloemfontein, Desember 1984, pp. 35-74.

tussen die uitwaartse en inwaartse denkrigtings in Afrikaner-geledere:

* Vorster en sy ondersteuners het uitgegaan van die noodsaaklikheid van kontak na buite, selfs al beteken dit 'n aanpassing van gevestigde beleid by nuwe omstandighede. Hulle het geglo dat sekere sporttoegewings noodsaaklik was in belang van die verbetering van Suid-Afrika se internasionale posisie en dat dit geen wesentliche bedreiging vir die apartheid-beleid ingehou het nie. Na hulle mening het internasionale isolasie veel groter gevare vir Suid-Afrika ingehou as enkele sporttoegewings.

* Daarteenoor was Jaap Marais en sy geesgenote oortuig dat sporttoegewings die dun ent van die wig was wat uiteindelik sou lei tot die volledige aftakeling van apartheid op sosiale en selfs politieke gebied. Hulle was onversetlike voorstanders van die konsekwente deurvoering van apartheid ten alle koste, selfs al lei dit tot die toenemende internasionale isolasie van Suid-Afrika.

* Veral oor die Maori-kwessie het daar ernstige verwarring geheers.

Adv Vorster het die uitwaartse politiek op 17 Februarie 1967 op Parow begin, toe hy verklaar het dat Suid-Afrika maar die wêreld

kan ingaan, ondanks al die probleme wat Suid-Afrika teëgemoetgaan.

Om hierdie probleem die hoof te bied, stel adv. Vorster hom die volgende ten doel:

"Om Suid-Afrika te lei om ten volle deel te hê aan die internasionale wêreld" (Soos aangehaal in Serfontein: 1970, p. 119).

Nadat die kabinet en die NP-koukus die nuwe sportbeleid goedgekeur het, het geruime tyd verloop voordat Vorster dit op 11 April 1967 amptelik aangekondig het. Die weerstand in die koukus teen die sportbeleid het hom laat besef dat die aangeleentheid baie versigtig gehanteer moes word. Die Eerste Minister wou die gewone Nasionaliste eers goed voorberei op 'n wysiging van die sportbeleid. Dit het hy veral gedoen met behulp van die Nasionaalgesinde Afrikaanse koerante. Hierdie koerante het herhaaldelik benadruk dat dit moontlik is om die sportbeleid sonder prysgawe van beginsels só te herformuleer dat dit Suid-Afrika se voortgesette deelname aan internasionale sport sal verseker.

Op 4 Maart 1967 gee adv. Vorster op Oudtshoorn die versekering dat hy uit sy pad sal gaan om tradisionele sportbande met die buiteland te behou, want, sê hy, die Suid-Afrikaanse jongmanne is daarop geregtig.

B J Vorster het sy lang verwagte sportverklaring op 11 April 1967 in die Volksraad gedoen. Hy het begin deur nadruklik te herbevestig dat die beginsel van afsonderlike binnelandse sportbeoefening in Suid-Afrika nie ter wille van internasionale sportbande prysgegee sal word nie. Hierna het hy die amptelike regeringstandpunt met betrekking tot spesifieke internasionale sportbyeenkomste gestel. Dit het kortliks op die volgende neergekom:

* Die Olimpiese Spele: Omdat daar geen alternatief is nie, sal Suid-Afrika in Mexiko deur 'n enkele veelrassige kontingent verteenwoordig word. Deur die Suid-Afrikaanse Olimpiese Vereniging sal die sportadministrateurs van die verskillende bevolkingsgroepe met mekaar skakel met die oog op die samestelling van die kontingent en die reëlings vir hul deelname. Suid-Afrikaners van verskillende rasse-groepe sal in Mexiko teen mekaar mag meeding (The Cape Times: 22.3.1967).

* Rugby- en krieketbetrekkings: Suid-Afrika beoog net om sy tradisionele sportbande te handhaaf en nie om nuwe bande te sluit nie. Wat rugbybetrekkings met Nieu-Seeland betref, sal Suid-Afrika nie voldoen aan die eis dat Springbokspanne anderskleuriges moet insluit nie, aangesien dit 'n interne aangeleentheid is. Eweneens sal Suid-Afrika nie aan Nieu-Seeland voorskryf wie hulle vir die All Black-span mag kies

nie. Soos in die verlede sal spelers met Maori-bloed in Suid-Afrika ontvang word, mits aan die volgende drie voorwaardes voldoen word: politici moet nie inmeng om die verhoudinge tussen die twee lande te vertroebel nie; sport moet nie in die politiek ingesleep word om die een of ander oogmerk te bereik nie; dit moet nie vir Suid-Afrika binne-lands moeilikhede skep nie. Indien hierdie voorwaardes verontagsaam word, *"sal ek nie aarsel om op te tree soos my voorganger by Loskopdam opgetree het nie."* Vir krieketbetrekkinge sal presies dieselfde beginsels as vir rugby geld (Debatte van die Volksraad: 11.4.1967, kol. 4108-4117, 4144-4145).

Uit die sportbeleid van adv. Vorster was dit duidelik dat Vorster wel in die volgende opsigte van Verwoerd se sportbeleid afgewyk het:

- * Vir die eerste keer is amptelik van regeringsweë ingestem dat Suid-Afrika deur 'n enkele veelrassige span by die Olimpiese Spele verteenwoordig kan word en dat Suid-Afrikaners van verskillende rasse oorsee teen mekaar mag meeding.
- * Nooit voorheen is aangebied dat veelrassige toernooie soos om die Kanadabeker en Davisbeker in Suid-Afrika mag plaasvind nie.

* Hoewel Vorster die Maori-kwessie doelbewus in dubbelsinnige terme behandel het, was dit die eerste keer dat 'n Suid-Afrikaanse Premier amptelik verklaar het dat Maori's (die vae onderskeiding tussen spelers met Maori-bloed en volbloed-Maori's ten spyt) in 'n All Black-rugbyspan in Suid-Afrika ontvang sou word.

* Die Premier het by implikasie gesê dat Basil D'Oliviera as lid van 'n MCC-krieketspan vir Suid-Afrika aanvaarbaar sou wees, mits aan die drie voorwaardes wat hy gestel het, voldoen word.

B J Vorster was deeglik bewus van die nadelige effek wat die meningsverskille oor sport op NP-teenheid kon hê en het geprobeer om bedenkinge oor sport op alle vlakke te neutraliseer. In opdrag van hom het dr. Connie Mulder, die NP-inligtingshoof, 'n breedvoerige inligtingstuk oor die sportbeleid opgestel wat in Skietgoed, die party se inligtingsblad, gepubliseer is. Dit was 'n volledige weergawe van die sportverklaring met meegaande kommentaar. Die belangrikste stellings daarin is die volgende:

* Geen uitsonderings sal ten opsigte van apartheid in binne-landse sport in Suid-Afrika gemaak word nie.

* 'n Nuwe benadering met betrekking tot Suid-Afrika se deelname aan die Olimpiese Spele was noodsaaklik, omdat skorsing uit

die Olimpiese Vereniging bykans volkome sportisolasië vir Suid-Afrika sou meebring. Die veelrassige Suid-Afrikaanse span vir die Olimpiese Spele sal nie Springbokbaadjies dra nie.

- * Indien Suid-Afrika as gasheerland vir die Kanadabeker- en Davisbeker-toernooie optree, sal hy volle beheer oor alle reëlins in verband met deelnemers en toeskouers hê. Dit laat ook nie die deur oop vir onbeperkte sportbetrekkings met anderskleurige lande nie.
- * Wat die Maori-kwessie betref, het die Premier sy voorganger se standpunt by Loskopdam opnuut onderskryf en bevestig. (In die lig van latere gebeure was hierdie beslissing 'n twyfelagtige stelling).

Hoewel daar aanvanklik ná B J Vorster se sportverklaring van April 1967 groot verwarring oor die Maori-kwessie in NP-geledere geheers het, het dit algaande al duideliker geword dat die regering bereid was om Maori's as lede van die All Black-toerspan van 1970 in Suid-Afrika te ontvang.

Vroeg in April 1968 is bekend gemaak dat die Suid-Afrikaanse Rugbyraad met die goedkeuring van die regering die Nieu-Seelandse Rugby-unie genooi het om hul sterkste toerspan in 1970 na Suid-Afrika te stuur. Suid-Afrikaanse koerante het die verwagting uitgespreek dat daar beslissing Maori's in die

1970-toerspan ingesluit sou word (Die Vaderland: 5.4.1968; Die Burger: 6.4. 1968; The Cape Argus: 6.4.1968; Sunday Times: 7.4.1968).

Vorster se weiering in September 1968 om die MCC-krieket-toerspan te aanvaar weens Basil D'Oliviera se insluiting, het onmiddellik in Nieu-Seeland en Suid-Afrika die vraag laat ontstaan of Maori-rugbyspelers met die All-Black-toer van 1970 vir die Suid-Afrikaanse regering aanvaarbaar sal wees. In antwoord hierop het B J Vorster op 27 September in Brakpan verklaar dat Suid-Afrika nie aan die Nieu-Seelandse rugbykeurders sou voorskryf wie hulle moes kies nie en dat spelers met Maori-bloed soos in die verlede in Suid-Afrika ontvang sou word. Die enigste voorwaarde was dat binnelandse verhoudinge in Suid-Afrika nie daardeur vertroebel moes word nie. Hierdie herhaalde aankondiging van die Premier dat Maori's in Suid-Afrika toegelaat sal word, het opnuut besware uit ultraregse geledere uitgelok.

Teen die einde van Augustus 1969, net voor die finale breuk in die NP, het die Maori-kwessie nogmaals op die voorgrond getree. Op 22 Augustus het minister Ben Schoeman in 'n veglustige luim by 'n NP-vergadering in die kiesafdeling Innesdal gesê dat die regering anderskleuriges in besoekende Nieu-Seelandse en Franse rugbyspanne sal toelaat omdat dit in belang van Suid-Afrika se internasionale betrekkinge is en nie

die einde van die Blanke beskawing sal beteken nie. Kort hierna het Gerrie van der Merwe, leier van die Nasionale Jeugbond van Transvaal, egter beweer dat die Eerste Minister gesê het dat Maori's nie na Suid-Afrika sal kom nie.

Volgens Hoofstad, regsgeesinde Pretoriase dagblad onder die redakteurskap van dr A P Treurnicht, sou spelers met Maori-bloed in Suid-Afrika aanvaar word, maar nie volbloed-Maori's nie. Hierdie uitlatings het protes in Nieu-Seeland veroorsaak en mnr Peter Philips, Suid-Afrikaanse konsul-generaal in Nieu-Seeland, sowel as dr Danie Craven, president van die Suid-Afrikaanse Rugbyraad, moes inderhaas versekerings gee dat Maori's as lede van 'n All Black-span welkom is in Suid-Afrika en gelyke behandeling met Blankes sal ontvang. Die Minister van Sport, Frank Waring, het amptelik bevestig dat 'n All Black-span wat Maori's insluit, wel in Suid-Afrika ontvang sou word (Die Beeld: 24.9.1969; Die Transvaler: 23.8.1969 en 1.9.1969; Hoofstad: 1.9.1969; Rand Daily Mail: 2.9.1969; The Star: 2.9.1969).

Adv Vorster tref 'n duidelike verskil tussen persoonlike verhoudinge en interstaatlike verhoudinge wanneer hy in die Volksraad verklaar:

"Ek sê ek maak 'n verskil tussen persoonlike en interstaatlike verhoudinge. Om dit vir die agbare lid verder te illustreer, dit

is nie ons beleid dat daar sosiale vermenging tussen Blankes en nie-Blankes in Suid-Afrika moet wees nie, maar omdat ek hier met 'n interstaatlike verhouding te maak het, kan ek die Eerste Minister van Lesotho ontvang soos ek hom ontvang het, want dit is nie 'n persoonlike verhouding nie, maar 'n interstaatlike verhouding. Ek ontvang hom as die eerste minister van sy land, net soos my ou mense en die agbare lid se ou mense, mense van daardie stand baie jare gelede ontvang het, soos die Vrystaatse Volksraad vir Mosjesj ontvang het in Bloemfontein" (Debatte van die Volksraad: 11 April 1967, Kolom 4112-4114).

Met hierdie geskiedkundige beleidsverklaring deur adv Vorster het talle sportgeesdriftiges onregstreeks die groen lig gesien vir toestemming dat Maori's in die All Black-span van 1970 na Suid-Afrika ingesluit mag word.

5. TERUGSLAG: BASIL D'OLIVIERA, 1968

'n Belangrike geval op die kalender van politieke sportgebeure was die van Basil D'Oliviera in 1968. Vir Suid-Afrikaanse krieket was die naderende Engelse toer na Suid-Afrika in 1968 van deurslaggewende belang. Dit sou bewys dat Suid-Afrika steeds stewig geanker is in internasionale krieket. Die toer-span het in die algemeen bekend gestaan as die MCC. Die MCC krieketspan, "Marylebone Cricket Club", is die amptelike Engelse krieketspan. Sodra hierdie span in 'n toets optree

staan hulle bekend as Engeland. Die span word ook saamgestel deur die Engelse krieketkeurders.

Die aanvanklike MCC-span wat gekies is om deur Suid-Afrika te toer, het nie die Suid-Afrikaanse kleurling Basil D'Oliviera ingesluit nie. Die MCC is onder geweldige druk hieroor gelaas, omdat daar afgelei is, dat Suid-Afrika se binnelandse politiek hulle gedwing het om hom nie te kies nie. Die MCC se verweer was dat hy van stryk was en dat die span dus bloot op meriete gekies is. Verder het die Engelse krieketkomitee beweer dat D'Oliviera se boulwerk op harde baanblaaie nie as goed genoeg beskou word nie - en dit is die soort baanblaaie wat Suid-Afrika het (Geysers: 1976, p. 92; D'Oliviera: 1980, pp. 59-61; Kotze: 1978, pp. 67-70).

Met die onttrekking van Tom Cartwright as gevolg van 'n besering uit die toerspan, is D'Oliviera in die span ingesluit. Sy eie opmerking lui soos volg:

"12 September 1968 - Tom Cartwright broke down through injury and I was summoned to take his place in the tour party; a batsman replacing a bowler" (Soos aangehaal in D'Oliviera: 1980, p.60).

Die politisering van die situasie deur veral die media het vir die Suid-Afrikaanse regering onaanvaarbaar geword. Dit

was dus nie 'n verrassing toe die Suid-Afrikaanse regering baie skerp gereageer het op D'Oliviera se "politieke" insluiting nie.

Adv. Vorster het 'n uitgebreide verklaring ten tye van die Nasionale Party-kongres in Bloemfontein op 17 September 1968 gelewer. Die volgende uittreksel illustreer die regering se standpunt:

"From then on Sir, the matter passed the realm of sport to the realm of politics the team as constituted now is not the team of the MCC. It is the team of the Anti-Apartheid Movement. It is the team of SANROC. It is the team of Bishop Reeves. It is the team of political opponents of South Africa. It is the team of people who don't care about sport or sport relations at all by people who's interest are not the game, but to gain certain political objectives which they don't even attempt to hide" (Soos aangehaal in Geysler: 1976, p. 92).

Die toer van die MCC-krieketspan is 'n week later amptelik afgelas.

Die impak van hierdie gebeure was geweldig en het dan ook 'n baie negatiewe uitwerking op Suid-Afrika se internasionale sportbetrekkings gehad. Gelukkig vir Suid-Afrika was die 1969/70 Australiese Kriekettoer na Suid-Afrika reeds so ver

georganiseer en die druk op die Australiërs veel minder sodat die toer wel plaasgevind het. Dit was ook die laaste internasionale krieketspan wat Suid-Afrika besoek het. Van toe af was krieket aangewese op die sogenaamde rebelletoeere, wat nie werklik die impak het as volle internasionale spanne nie.

Die gevolge van die D'Oliviera-debakel word vandag nog ten opsigte van Suid-Afrikaanse sport gevoel. Dit het inderwaardeid die einde van krieketkontak tussen Suid-Afrika en Engeland beteken.

6. GEBEURE IN 1970

Die jaar 1970 het vir Suid-Afrikaanse sport verdere isolasie beteken. Die groot "gebeurtenis" was die skorsing van Suid-Afrika uit die Internasionale Olimpiese Komitee. Gedurende Maart 1970 het die lidlande van die Opperraad vir Sport in Afrika besluit dat hulle die Olimpiese Spele in München, West-Duitsland, in 1972 sou boikot indien Suid-Afrika sy lidmaatskap van die IOK sou behou.

Dit is belangrik om net 'n breë oorsig te gee oor die houding jeens Suid-Afrika met betrekking tot die Olimpiese Spele wat aanleiding gegee het tot die skorsing van Suid-Afrika in 1970.

In 1908 tree Suid-Afrika tot die Internasionale Olimpiese Beweging toe, en in 1955 klap die eerste skote in die veldtog teen sy lidmaatskap. Eerwaarde Trevor Huddleston, 'n uitgesproke teenstander van die apartheidsbeleid, verklaar aangaande Suid-Afrika se lidmaatskap en deelname aan die Olimpiese Spele:

"The Olympic Games are open to all competitors from the whole world over with the exception of the non-white peoples of South Africa. South African teams to these Games have so far been selected from the white population of the country although the other sections have produced men of Olympic status" (Soos aangehaal in Lapchick: 1975; p. 22).

Tydens 'n vergadering van die Internasionale Olimpiese Komitee gedurende 1963 in Baden-Baden (Wes-Duitsland) word die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Nasionale Spele-Vereniging kragtens 'n meerderheidsbesluit van die komitee voor die volgende keuse gestel:

"That the SAOC be told that it must make a firm declaration of its acceptance of the spirit of the Olympic Code and in particular of Principle I and Rule 24 read together, and must get from its government by December 31st 1963 a change in policy regarding racial discrimination in sports and competitions in its country, failing which the South African National Olympic Committee will be debarred from entering its teams in the Olympic Games" (Soos aangehaal in Lapchick: 1975, p. 52; Horrell: 1968, p. 14).

So het Suid-Afrika te staan gekom teenoor die opvatting dat sportliggame in staat sou wees om die politieke stelsel van 'n land te bepaal of te rig. Op grond van bogenoemde keusestelling het die IOK dan ook tydens die daaropvolgende vergadering in Innsbruck (Oostenryk) gedurende Januarie 1964 besluit om die uitnodiging aan die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Nasionale Spele-Vereniging om 'n span na die Tokio-Spele van 1964 te stuur, terug te trek. Riordan dui in sy boek, Soviet Sport: Background to the Olympics, die prominente rol aan wat die Sowjet-Unie gespeel het in die opskorting van Suid-Afrikaanse deelname:

"The Soviet Olympic Committee instigated moves in 1962 to exclude South Africa from the Olympic Games; the moves succeeded, and South Africa has subsequently not been able to compete in the Olympic" (Riordan: 1980, p. 159).

Ondanks versekeringe van die kant van die Suid-Afrikaanse regering dat 'n gemengde merietespan Suid-Afrika by die Mexiko-Spele van 1968 sou verteenwoordig ('n uitnodiging tot deelname is ontvang op aanbeveling van 'n IOK-feitesending onder die voorsitterskap van die latere president van die IOK, Lord Killanin, wat Suid-Afrika in 1967 besoek het), swig die IOK onder ekstremistiese politieke druk vanuit die Organisasie vir Afrika-Eenheid, wat aanbeveel dat alle Afrikastate die Spele moet boikot uit protes teen die deelname van Suid-Afrika en steun hulle die boikotdreigemente van die kant van die Sowjet-Unie, Kommunistiese Oosblok-lande, Asiatiese state,

Italië en die Amerikaanse Negers. Op 26 April 1968 trek die IOK weer eens 'n uitnodiging tot Suid-Afrikaanse deelname terug.

In 'n hoofartikel in die Sunday Express van 28 April 1968 word hierdie terugtrekking soos volg beskou:

"Politics, not the Olympic ideal, mob law and not the Olympic Movement's legal procedures had won the pre-Olympic test. It has been shown that validly taken decisions can be reversed because of the vile threats of a venomous and vociferous pressure group"
(Sunday Express: 28.4.1968).

Hierdie polities-gemotiveerde veldtog som mnr. Rudolf Opperman, voorsitter van die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Nasionale Spele-Vereniging, op in dié woorde: *"They won't be satisfied until they get a black Prime Minister"* (Lapchick: 1975, p. 195). Espy beaam hierdie stelling as hy beweer:

"The issue of sport was just a vehicle for expressing Africa's general opposition to the South African policy of apartheid and white rule. South Africa's intense preoccupation with sport provide an ideal arena of opposition for Africa's overall campaign In essence, sport as such had nothing substantively to do with the African position against political conditions in South Africa, but the Olympic Games and sport as a worldwide forum determined Africa's mode of opposition"
(Espy: 1979, pp. 128-129).

Gedurende Mei 1970 is Suid-Afrika by 'n IOK-vergadering van verskillende onreëlmatighede beskuldig, wat gelei het tot die skorsing. Die stemverdeling was 35 stemme teenoor 28 met drie lande buite stemming.

Mnr Rudolph Opperman, 'n lid van die Suid-Afrikaanse afvaardiging, het die politieke doelwitte van die Afrikastate so opgesom:

"After ten years of humiliation, what do you expect? They won't be satisfied until they get a Black Prime Minister" (Soos aangehaal in Lapchick: 1975, p. 195).

Espy het hom soos volg uitgelaat oor die Swart State se doelwitte. Hy meen die kwessie van die sport was slegs die metode waardeur die Afrikastate hulle algemene teenkanting teen die Suid-Afrikaanse beleid van apartheid en wit regering wou toon (Espy: 1979, pp. 129-130).

Die koms van 1970 se All Blacks na Suid-Afrika het ook nie altyd vlot verloop nie. Groot onmin het in die Nasionale Party geheers as gevolg van die aankondiging van adv Vorster. Die Hertzog-ondersteuners was nog verheug oor die D'Oliviera-standpunt, toe adv Vorster aankondig dat Maori's wel in 1970 se All Black-toerpsan opgeneem kan word. Die Rand Daily Mail haal adv Vorster soos volg aan:

"When Dr Danie Craven asked me how the invitation to New Zealand for the 1970 tour should be worded, I told him to word it precisely as he did in all the years in the past we will receive them as we have in the past and will give them our warm and traditional welcome" (Rand Daily Mail: 28 September 1968).

Hierdie nuwe sportbeleid van die Vorster-regering, het dit nou moontlik gemaak dat anderskleurige sportspanne na Suid-Afrika kon kom, mits hulle sonder enige politieke bymotiewe in spanne ingesluit is. Die insluiting van Basil D'Oliviera in die MCC se span was deurtrek met politieke bymotiewe.

7. GEBEURE TEN OPSIGTE VAN SPORT EN DIE SPORTBELEID IN DIE SEWENTIGERJARE

In 'n onderhoud met Gert Kotzé, sportredakteur van die Transvaler, in Londen gedurende 1973, gee Peter Hain sy oogmerke met die sportaanslag teen Suid-Afrika te kenne. Dit gaan vir hom en sy meelopers om die daarstelling van 'n ander staatsbestel in Suid-Afrika. Hy voeg verder by dat die sport-aksies slegs 'n middel tot 'n groter doel is: Voordat die huidige bewind in Suid-Afrika nie omvêr gewerp is nie, sal boikotte teen Suid-Afrika voortduur al het elke individu die geleentheid, ongeag ras of kleur om op enige vlak vry van wetlike beperkings aan sport deel te neem (Kotze: 1978, p. 125).

In teenstelling hiermee verklaar adv Vorster in 1977 in 'n onderhoud met Kotze:

"Elke leier moet die eise van sy tyd in aanmerking neem. Met die besluit destyds oor die Maori's was dit, as hoofbeleidvertolker van my party, my standpunt dat Suid-Afrika nie aan Nieu-Seeland kan voorskryf wie om in sy rugbyspanne in te sluit nie. Ek wou 'n einde maak aan die impasse wat ontstaan het in die tradisionele rugby- en ander sportverhouding tussen Suid-Afrika en Nieu-Seeland"
(Soos aangehaal in Kotze: 1978, p. 63).

In dieselfde jaar laat adv Vorster hom oor die Maori-kwessie soos volg uit:

- * Dit was sy oortuiging dat Suid-Afrika nie aan Nieu-Seeland moet voorskryf wie en watter spelers sy keurders mag kies vir 'n span van daardie land na Suid-Afrika nie.
- * Hy het die besluit oor die Maori's nie eensklaps geneem nie. Omdat dit 'n belangrike aangeleentheid was, het hy, soos altyd sy gebruik was, dit met alle belanghebbende instansies en ook enkele vooraanstaande persoonlikhede bespreek. In alle gevalle is daar met hom saamgestem dat hy die regte besluit geneem het.
- * Op politieke terrein self het hy die aangeleentheid in die

kabinet en in die Nasionale Party-koukus bespreek, en laat bespreek, voordat daar tot 'n finale besluit geraak is. (Hy het ook by geleentheid privaat met mnr Jaap Marais daaroor gepraat).

* Hy het self die inisiatief in hierdie saak geneem - hy het nie gewag op versoeke van die Suid-Afrikaanse Rugbyraad nie (Kotze: 1978, pp. 74-75).

Die nuwe sportbeleid sou spoedig 'n brandnetel word tussen die sogenaamde "verkrampes" en "verligtes" in die Nasionale Party. Daar was selfs sprake dat sekere mense van die Nasionale Party oor die sportbeleid kon wegbreek. Die verkrampde heethoofde was onder andere dr Albert Hertzog en mnr Jaap Marais (tans leier van die Herstigte Nasionale Party).

Gedurende hierdie baie moeilike tyd binne die Nasionale Party sê dr A P Treurnicht (toe redakteur van Hoofstad) die volgende aangaande die sportbeleid:

"Ons aanvaar dus dat teen die agtergrond van ons beleid van nie-gemengde sport en met die nodige omsigtige hantering, Nieu-Seeland ons nie gaan vergas met Maori's nie. Ek vind dus in die sportkwessie nog nie 'n rede om van die Nasionale Party weg te breek nie" (Hoofstad: 25 April 1969).

Minister Ben Schoeman, senior segsman in die Vorster-kabinet,

sê reguit dat hy geen beswaar sou hê as Maori's in All Blackspanne ingesluit sou word nie, trouens dit het alreeds in die verlede gebeur. Ook Frankryk is by die sport-politiek betrek. Daar is 'n vraag aan hom gestel aangaande wat die regering se houding sou wees as daar 'n swarte in die Franse Rugbyspan ingesluit sou word. Hy het geantwoord deur te vra of dit regverdig sou wees as Suid-Afrika as gevolg van 'n swartrugby-speler sy land se veiligheid op die spel moes plaas, deurdat die Franse regering kan besluit om nie meer wapens aan ons te verkoop nie (Saaiman: 1981, pp. 179-180).

Om die oppervlakkige vrede binne die party te illustreer, word die volgende woorde van Minister Ben Schoeman aangehaal:

"Jaap Marais het heeltyd op die verhoog gesit en alles stilswyend aangehoor. Hy het geen poging aangewend om die Partybeleid te verdedig nie. Dit was vir my duidelik dat Jaap Marais en sy maats vasgevat moes word" (Schoeman: 1978, p. 361).

Die woorde het geval op 22 Augustus 1969 terwyl Minister Ben Schoeman 'n vergadering in mnr Jaap Marais se kiesafdeling, Innesdal, toegespreek het.

Tydens die Transvaalse Kongres van die Nasionale Party, gehou op 9 September 1969, het dr Hertzog die volgende te sê gehad oor die sportbeleid:

".... ek kan nie help om probleme met die nuwe sportbeleid te hê nie Of ons sou sê, dat ons sportbetrekkinge met Nieu-Seeland het en nie met Maori's nie, bly dit 'n feit dat as daar Maori's in die span is, kom hulle nie net rugby speel nie. Hulle gaan ook op sosiale funksies wees, waar hulle saam met ons dogters aan tafel gaan sit en met ons dogters dans" (Schoeman: 1978, p. 364).

Hy het voortgegaan:

"Dansery met blanke Suid-Afrikaanse meisies sal 'n president skep wat die dun ent van die wig is. As hy die wig eers eenkeer in die deur het, sal hy die deur nooit weer kan toemaak nie" (Rapport: 2 Desember 1973).

Hy sluit af met die volgende woorde:

"as u my hieroor uit die Party wil sit, laat ek dit in u hande"
(Schoeman: 1978, p. 364).

Die Nasionale Party was finaal aan die skeur oor die sportkwessie. Aangaande die finale breek in die Party merk Scholtz tereg op:

"Sport, wat deur die jare veertig en daarna op sonderlinge wyse meegehelp het om die Afrikaner saam te bind, het hier die faktor geword wat verdeel het" (Rapport: 2 Desember 1973).

Met die "Maori-verkiesing" in April 1970 is die Herstigte Nasionale Party met 'n geweldige (vernederende) meerderheid by die stembus verslaan.

Onder die nuwe "sportbeleid" besoek die eerste verteenwoordigende span uit Nieu-Seeland Suid-Afrika met vier gekleurde spelers daarin.

Die 1973-Springboktoer na Nieu-Seeland is as gevolg van druk deur daardie land se regering "uitgestel". Protesbewegings in Nieu-Seeland en in ander dele van die wêreld het nou daarop begin aandring dat Suid-Afrikaanse spanne ook veelrassig moes wees. Suid-Afrika het stelselmatig begin om sy beleid in hierdie opsigte te verander tot waar ons vandag is met Kleurlinge en Swartes as volwaardige Springbokke.

Die All Black-toer van 1976 deur Suid-Afrika het geen politieke botone gehad nie. Die veelbesproke Springboktoer van 1981 is nog vars in die geheue. Alhoewel die twee regerings nie betrokke was nie, kan gesê word dat die Nasionale Party van Nieu-Seeland sy sukses tydens die algemene verkiesing later daardie jaar grootliks te danke gehad het aan sy besluit om die toer te laat plaasvind. Daar kan ook met reg beweer word dat die Nieu-Seelandse regering verantwoordelik was vir die gemoedskepping in daardie land wat aanleiding gegee het tot die uiteindelijke kansellering van die 1985-toer.

Nieu-Seeland se huidige beleid oor sportverhoudinge met Suid-Afrika is dat geen visums toegestaan sal word aan Suid-Afrikaanse sportspanne of individue wat Suid-Afrika verteenwoordig nie, terwyl dit algemeen bekend is dat die Suid-Afrikaanse regering hom nie met die besluite van sportliggame inmeng nie.

Die teenswoordige standpunt van die regering is:

Sport en politiek behoort nie onlosmaaklik verbind te wees nie. Dit is juis dié uitgangspunt wat daartoe gelei het dat die Regering sy voorskrifte aan en betrokkenheid by sport uitgeskakel het sodat die hoofogmerke van die Regering se sportbeleid tans die volgende is:

- Om alle sportmanne en sportvroue in Suid-Afrika die geleentheid te gee om hul potensiaal ten volle te ontwikkel.
- Om sport te ontwikkel op 'n manier ten einde gesonde inter-groepverhoudings in Suid-Afrika te bewerkstellig.
- Om enigiets in sport te vermy wat kan lei tot konfrontasie, verwydering en bitterheid in ons land.

8. SLOTGEDAGTE

Oor die algemeen is die moontlikheid blykbaar nie meer daar tot sport nog los van die politiek kan geskied nie. Dit is immers nog die ideaal waarvoor 'n organisasie soos *FREEDOM IN SPORT* hom beywer. Ongelukkig is dit tans die situasie dat sport as 'n politieke middel gebruik word om Suid-Afrika by te kom. Trouens, nie net teen Suid-Afrika nie, maar dit word ook deur die super-moondhede gebruik as 'n politieke speelbal teen mekaar. Dink maar byvoorbeeld hoe die VSA die Olimpiese Spele in Moskou geboikot het ná die Sowjet-inval in Afganistan

en uit vergelding die USSR se boikot van die Olimpiese Spele in Los Angeles.

Wat die regering betref, kan sport in Suid-Afrika los van die politiek beskou word. Ongelukkig is daar organisasies in Suid-Afrika soos die UDF-geaffilieerde SACOS wat dit nie so wil sien nie en wat sport nog steeds as 'n politieke hefboom teen die Regering wil gebruik. Die verklaarde beleid van die Regering oor sport en politiek is duidelik. Alle sportliggame in Suid-Afrika is outonoom. Hulle mag sport oor die kleurgrens beoefen en sportfasiliteite mag deur alle sportgroepe gebruik word. Geen owerheidstoestemming is deur toeskouers nodig om 'n sportbyeenkoms by te woon nie. Insgelyks het spelers nie owerheidstoestemming nodig om op enige sportgronde in Suid-Afrika te speel en om by enige sportklub aan te sluit nie. Voorgenoemde is 'n universele beginsel wat regdeur die Vrye Wêreld onderskryf word en dit is 'n feit dat daar tans min lande in die wêreld is wat kan aanspraak maak op so min regeringsbetrokkenheid by sport as in Suid-Afrika.

DR VERWOERD SE LOSKOPDAM-TOESPRAAK

"Ons het op die oomblik die argumentasie aan die gang op dié terrein wat ek nie graag oor sou wou praat nie, naamlik in verband met ons voetbalspan in Nieu-Seeland. Maar ek word gedwing om daaroor te praat omdat daar soveel in die jongste tyd openlik oor geskryf en gesê is in opposisiekoerante wat vir my verplig om baie duidelik en ondubbelsinnig my eie en die regering se standpunt te stel.

"Daar het ons die geval dat 'n span van Suid-Afrika, wat volgens ons gebruik 'n blanke span is, waarin daar ook nie-Blankes is, nie nie-Blankes waarop ons neersien nie, nie-Blankes van heeltemal 'n hoë peil, nie-Blankes vir wie se tradisies ons ook eerbied kan hê, maar in elk geval, hier gaan ons na 'n ander land waarin daar beide Blankes en 'n aansienlike minderheidsgroep van sekere nie-Blankes is, die Maori.

"In daardie land, weens daardie omstandigheid, het daar 'n vorm van integrasie ontwikkel. Ek wil dit nie beoordeel nie, en ek wil dit ook nie kritiseer nie. Dit is daardie land se sake, dit is daardie land se gebruike, en hy het die volste reg daarop. Dit is sy besigheid en nie ons s'n nie, en ooreenkomstig ons basiese beginselhouding, sê ons dat wanneer jy na 'n ander land gaan en jy is die gas van daardie ander land, dan gedra jy jou volgens daardie land se omstandighede en

volgens sy verwagtings. En dus gaan ons span daarheen en ons sal speel teen blanke Nieu-Seelanders, of Blankes en Maori's, of Maori's, net soos Nieu-Seeland dit reël. Dit is hulle saak, want die feit dat ons die uitnodiging aanneem het om na daardie land te gaan, beteken dat ons gewillig moet wees om ons aan te pas by daardie land se gewoontes.

"En dit is ook reg, want dit is in ooreenstemming met ons grondbeginsel waarop ons hele geveg van ons voortbestaan berus, naamlik van nie in te meng in 'n ander staat se sake nie, waarby dan die ander sy ook is, dat ons laat geen ander land toe om in te meng in ons sake nie."

H O O F S T U K 4

RUGBYBETREKKINGE AS POLITIEKE FAKTOR IN NIEU-SEELAND

HOOFSTUK 4

RUGBYBETREKKINGE AS POLITIEKE FAKTOR IN NIEU-SEELAND

1. HISTORIESE OORSIG VAN RUGBYBETREKKINGE TUSSEN NIEU-SEELAND EN SUID-AFRIKA

As daar gesoek word na die historiese begin van rugbybetrekkings tussen Suid-Afrika en Nieu-Seeland, lei dit ons 66 jaar terug. In die jaar 1919 het Suid-Afrika teen 'n Nieu-Seelandse "Dienste-span" gespeel.

Selfs toe al was daar 'n nie-statutêre "probleem" rondom 'n gekleurde speler. In daardie jaar was daar 'n Asiatiese speler in die Nieu-Seelandse span. In die brosjure, *The Possible Dream in South Africa* word dit so gestel:

"The South African rugby administrators cleared the way for him to play. Little did they realize, at that time, this was the earliest beginnings of their struggle for the right of all to play the game in South Africa. That was 66 years ago"

(Campbell: 1985, p. 4).

In 1921 is die eerste amptelike toets tussen Suid-Afrika en Nieu-Seeland gespeel. Die geskiedkundige wedstryd is gespeel in Carisbrook, Dunedin, op Saterdag, 13 Augustus

1921. Attie van Heerden het die heel eerste drie gedruk in 'n toets tussen die twee lande. Hierdie eerste toetswedstryd het gelykop geëindig.

Sewe jaar later het die All Blacks hulle eerste verskyning in Suid-Afrika gemaak onder kapteinskap van Maurice Brownlie. Die toetsreeks het gelykop geëindig en is dit nog die enigste All Blackspan wat twee toetse in Suid-Afrika kon wen.

Selfs die oorlog kon nie die tradisie breek nie.

"The last game before the war in 1937 saw one of the greatest Springbok teams in New Zealand. Before 58 000 people they beat the All Blacks in the final test, 17-6, to win the series. The war however did not stop the great rugby tradition, every time New Zealanders and South Africans met in the desert, a scrummage would ensure, and to this day, the friendships established still continue of which 'The Book' bears witness", aldus Campbell (Ibid).

Die rugbybande is weer in 1949 hervat met die All Blacktoer na Suid-Afrika in daardie jaar. Ongelukkig het iets anders ook kop begin uitsteek - Politiek. Soos Campbell tereg opmerk:

"Because rugby commanded such popularity as a spectacle, because of its exposure world-wide through the media, because the players have no franchise to answer back (unlike the powerful vested interests of business), politicians representing all shades of opinion saw it as a powerful weapon to exploit their views"
(Ibid).

Twee stawende voorbeelde vanuit hierdie opmerking is onder andere die Gleneagles-ooreenkoms wat saamgestel is deur politici sonder die medewerking van sportliggame; en ook die politisering van die Olimpiese Spele as 'n wêreldskou-spel.

Nieteenstaande al die inmenging het die tradisie bly voortbestaan, *"because it stands for comradeship, co-operation, not isolation,"* aldus Campbell (Ibid). Vir die ware sportman het politiek niks met sport as sulks te doen nie. Campbell sluit hierdie historiese oorsig van rugbybetrekkinge tussen Suid-Afrika en Nieu-Seeland af met die volgende betekenisvolle opmerkings:

"Indiscreet criticism against sports people by politicians has been fired down those range too often. Public opinion now shows beyond all doubt they are fed-up with this interference, and future elections will reflect their feelings. Apart from the rugby playing aspects the very presence of those who come to our shores for this New Zealand tour, 1985, enthusiasm for change and gives recognition

to all those involved with it.

"Going back to the end of the 1921 series, the toast was 'Till we meet again'. Long may this continue" (Ibid).

2. DIE POLITISERING VAN DIE SPORTBETREKKINGE

Sportbetrekkings tussen Suid-Afrika en Nieu-Seeland was nog altyd vir albei lande van groot belang. Sedert die vroegste tye is kontak op verskillende vlakke deur verskeie sportsoorte gemaak. Vir sportmanne en sportvroue was die deelname wedersyds van belang, want hulle het geglo dat sport 'n brug is waardeur bande gebou kan word.

Vir politici het hierdie sportkontak veel meer as blote deelname beteken. Die handhawing van sportbetrekkings met Suid-Afrika word deur die twee hoof politieke partye in Nieu-Seeland, te wete die Arbeidersparty en die Nasionale Party, uitgebuit vir politieke doeleindes. Hierdie uitbuiting is nie bloot net om politieke gewin nie, maar dit is selfs verhef tot 'n openbare debatspunt wat soms alle grense van logiese denke en die persepsie van burgerlike vryheid oorskry het.

Sportkontak met Suid-Afrika en veral kontak op rugbygebied het al 'n deurslaggewende rol in algemene verkiesings in Nieu-Seeland gespeel. Die sportbetrekkings met Suid-Afrika

het nie net 'n politieke kleur gekry nie, maar het 'n politieke speelbal geword tussen politici eendersyds en die gemeenskap andersyds.

In hierdie verband haal Opperman betekenisvol aan dat,

"Sport is so important to New Zealanders that Government can stand or fall on this issue" (Opperman: 1978, p. 340).

Terry McLean, bekende Nieu-Seelandse sportskrywer, skryf in The Star van 3 Februarie 1972:

"South African interest in the election yesterday, 2nd of February, of Mr Jack Marshall to succeed Sir Keith Holyoake as Prime Minister of New Zealand could centre on the new Premier's attitudes and actions as to sporting relations between the two countries,"

(The Star: 3 February 1971, p. 36).

McLean gaan voort en skryf dat na wat verneem word, die premier, mnr Marshall nie baie ingenome was met die 1970-toer, in Suid-Afrika nie. Tot in die doodsnikke van daardie toer het hy nog druk op die Nieu-Seelandse Rugbyunie uitgeoefen om die All Blacks weg te hou uit Rhodesië en Suidwes-Afrika. Die Nieu-Seelandse Rugbyunie het ingestem om hierdie twee wedstryde in

Rhodesië en Suidwes-Afrika¹⁾ af te stel, as mnr Marshall bereid sou wees om dit landswyd in Nieu-Seeland bekend te maak dat hy dit voorgestel het. Met die algemene verkiesing van 1972 om die draai, skryf McLean na aanleiding van die Nieu-Seelandse Rugbyunie se versoek aan mnr Marshall, die volgende:

"At this direct confrontation Mr Marshall took no action and the All Blacks completed their tour without further political problems in their own countries" (Ibid).

Nog 'n sprekende bewys van die belangrikheid van sportbetrekkings in verkiesingsstryde in Nieu-Seeland kom vanaf die Oud-All Black-speler Graham Thorne. Thorne word soos volg deur Phil Zaayman, sportredakteur van Rapport, op 23 Januarie 1972 aangehaal:

Niks kan die Springbok-rugbytoer aanstaande jaar, 1973, deur Nieu-Seeland verongeluk nie, mits die huidige Nieu-Seelandse regering, die Nasionale Party aan bewind bly. Gebeur dit egter nie, kan ons maar vergeet (Rapport: 23 Januarie 1972).

Voor die algemene verkiesing van 1972 in Nieu-Seeland het mnr Norman Kirk van die Arbeidersparty soos volg sy party

1. As gevolg van die internasionale fokus op die volkeregtelike status van die twee gebiede.

se beleid jeens die voorgestelde 1973-Springbok-rugbytoer na Nieu-Seeland uitgespel:

As die Arbeidersparty in Nieu-Seeland aan bewind was, sou hy nie die Suid-Afrikaanse rugbytoer van 1973 verhinder nie, maar hy sou ook nie die besoek aanmoedig nie (Vgl. Le Roux-versameling, No. 2).

Mnr Kirk het voortgegaan en gesê dat die Arbeiders se houding jeens die toer gegrond is op twee duidelike beginsels - algehele teenkanting teen apartheid en algehele steun vir 'n vrye en demokratiese gemeenskap in Nieu-Seeland.

Die Arbeidersparty het die algemene verkiesing van 1972 gewen, waarna mnr Kirk sy standpunt verander het en die 1973-Springboktoer na Nieu-Seeland afgelas het.

Op 10 April 1973 maak die Nieu-Seelandse Rugbyunie bekend dat 'n brief van die Premier, mnr. Norman Kirk, ontvang is waarin hy vra dat die Nieu-Seelandse Rugbyunie aan die Suid-Afrikaanse Rugbyraad moet laat weet dat die 1973-toer afgelas moet word. (Kyk Bylae 2, p. 100).

Die Volksblad haal onder andere die volgende aan uit die brief aan die Nieu-Seelandse Rugbyunie.

h Toer deur h Springbok-rugbyspan wat slegs uit blankes gekies is, sal meningsverskil oor rassesake in Nieu-Seeland verskerp en spanning binne die gemeenskap skep (Die Volksblad: 10 April 1973).

Vervolgens slegs enkele grepe uit die brief van mnr Kirk aan die Nieu-Seelandse Rugbyunie.

- * Die regering het alle situasies wat geskep is deur die toer, deeglik ondersoek;
- * Alle moontlike raad is ingewin en die aspek is op alle vlakke bespreek;
- * Samesprekings wat met die Rugbyunie gevoer is, het duidelik geblyk dat die Unie nie bereid was om aan Suid-Afrika voor te skryf hoe hy sy span moes kies nie;
- * Die toer sal Nieu-Seeland se breëre internasionale betrekkinge skaad;
- * Ernstige probleme skep binne die Statebond;
- * Wanorde en geweld sal aan die orde van die dag wees, wat verdeeldheid in Nieu-Seeland sal skep;
- * Dit laat die regering geen keuse as om so 'n stap te neem nie.

Die regering het ook die volgende verklaring in die brief uitgereik:

Die regering verklaar dat wanneer duidelik getoon is dat alle Suid-Afrikaners 'n gelyke geleentheid het om in gemengde proewe vir 'n Springbokspan geskies te word dit geen beswaar sal hê teen 'n besoek deur so 'n span nie; inderdaad sal hy dit verwelkom (Die Volksblad: 10 April 1973).

Hierop volg 'n besluit deur die Suid-Afrikaanse Rugbyraad dat die volgende kabelgram aan die Nieu-Seelandse Rugbyunie gestuur moet word:

"The South African Rugby Board wish to place on record its deepest appreciation for the stand taken by die New Zealand Rugby Union throughout the trying times they experienced as a result of the pressures of non-rugby organisations and political bodies and for fighting the cause of rugby and its right to run its own affairs stop We believe that the bonds of friendship between the rugby sections of our two countries can only be strengthened by the trials and ordeals that we have experienced and will in the end lead to victory for the game itself stop We regretfully accept the position and share the sentiments expressed in your cable" (Afskrif van Kabelgram, S A Rugbyraad, Kaapstad).

Gabe David, bekende sport-joernalis, berig uit Nieu-Seeland in Die Volksblad (11 April 1973) dat die Nieu-Seelandse Rugbyunie baie sterk standpunt ingeneem het teen die Premier se brief aan hom. Die Nieu-Seelandse Rugbyunie se verklaring

lui onder andere soos volg:

Op 'n vergadering vandag het die uitvoerende bestuur van die Nieu-Seelandse Rugbyunie eise en 'n versoek van die regering oorweeg dat die Suid-Afrikaanse Rugbybond in kennis gestel word dat ons uitnodiging uitgestel moet word. Met diepe spyt meen die bestuur dat, hoewel hy baie van die stellings van die eerste minister nie aanvaar nie, dit geen alternatief het as om onder protes aan hierdie versoek toe te gee nie en ons sal die Suid-Afrikaanse Rugbybond dienooreenkomstig inlig.

Die verklaring gaan voort en word afgesluit met die volgende snydende woorde na die Kirk-regering:

Hy keur die regering se besluit af om in 'n Nieu-Seelandse sportliggaam in te meng, net soos hy ook die bedrywigheide afkeur van diegene wat deur intimidasie en dreigemente van geweld en ontwrigting die hele aangeleentheid vererger het (Die Volksblad: 11 April 1973).

Ook in die verkiesing van 1975 het dieselfde kwessie van sportbetrekkinge tussen Suid-Afrika en Nieu-Seeland 'n strydpunt geword.

Die volgende uittreksel uit 'n berig uit Nieu-Seeland illustreer hoe sterk die saak na vore getree het tydens die voorverkiesingsveldtog:

"Die vonke spat reeds in die Nieu-Seelandse politiek oor die beoogde 1976 All Black-rugbytoer aanstaande jaar na Suid-Afrika. Die Arbeidersregering word aangeval oor sy standpunt van geen sportbande met Suid-Afrika nie en die rugbybonde en Nasionale Party, die vernaamste opposisie, staan saam ten gunste van sportbande" (Vgl. Le Roux-versameling, No. 3).

Dat rugby as sulks 'n besliste en selfs deurslaggewende rol in die Nieu-Seelandse algemene verkiesings gespeel het, blyk onder andere ook uit die volgende:

"Next year's, 1976, All Black rugbytour of South Africa is emerging increasingly as a key issue as the New Zealand general election approaches, with the two major parties making almost daily policy statements about the controversial visit" (Ibid).

Die All Black-rugbytoer van 1976 deur Suid-Afrika het ook die Arbeidersparty in Nieu-Seeland se nederlaag by die stembus bewerkstellig deurdat hulle deur mnr Robert Muldoon se Nasionale Party uit die kussings gelig is. Reeds in Augustus 1975 het The Truth geskryf dat die Arbeidersparty politieke selfmoord gepleeg het, met die opskorting van sportbetrekking met Suid-Afrika. Mnr Muldoon het die teenkanting van die Arbeidersparty teen die 1976-toer uitgebuit en besef dat 'n standpunt van nie-inmenging in sport binne 'n "rugby-mal" Nieu-Seeland 'n magtige wapen in die verkiesingstryd sou wees. Gedurende die verkiesingstryd verklaar mnr Muldoon dan ook:

"New Zealand is a free society; the Government treats its citizens as free, grown-up, responsible people; the Government will not move into areas of individual freedoms. The freedom of our citizens to travel overseas or to receive people from other countries is important. Any interference by the Government with the freedom to practise sport would mean a significant extension of power by the New Zealand government over an important aspect of the life of our people. Free people must be free to make decisions - right or wrong, within the confines of the law. We are, therefore, not prepared to say to a sporting association: No, you must not play sport with South-Africa, with Uganda, with the Soviet Union, with Taiwan or anyone else" (Odendaal: 1977, p. 159).

Dat mnr Muldoon se standpunt gegaan het om politieke gewin in die verkiesing van 1976 staan bo enige twyfel as gelet word op sy verklaring van 9 Maart 1981 op 'n perskonferensie in Wellington waar hy gesê het dat hy glo die meerderheid van die mense in Nieu-Seeland is gekant teen die rugbytoer van die Springbokke deur Nieu-Seeland gedurende 1981. Hy verklaar verder dat hy en sy regering gekant is teen die toer ingevolge die Statebondslande se Gleneagles-ooreenkoms wat 'n sportboikot teen Suid-Afrika voorstaan (Die Transvaler: 11 Maart 1981).

Die opskrif van Keith Hooper, 'n Nieu-Seelandse korrespondent van Nasionale Pers, het die laaste sê:

"Rugbybande met Suid-Afrika speel 'n belangrike rol in die aanstaande, 1975, algemene verkiesing in Nieu-Seeland; waarin die regering kan val" (Vgl. Le Roux-versameling, No. 3).

Na die verkiesing van 1975 het 'n gewese Premier mnr Wallace Rowling gesê:

Die verkiesingsneerlaag wat die Arbeidersparty gelei het, is grootliks gewyt aan die kwessie van sportbande met Suid-Afrika (Ibid).

Soos afgelei kan word aan die paar koerantberigte en stellings wat bespreek is, was daar selde in die sportarena so 'n vervlegting van sport en politiek soos dit in Nieu-Seeland ten opsigte van Suid-Afrika na vore getree het.

Die nuwe Eerste Minister vanuit die verkiesing van 1975, mnr Robert Muldoon, het hom egter nie maklik laat afskrik nie en het volhard met sy beleid van sportkontak met Suid-Afrika - 'n beleid wat hom waarskynlik die latere verkiesing (1984) gekos het. Met die Springboktoer-kwessie van 1981 het mnr Muldoon inderdaad weer die 1981-verkiesing gewen, maar na die 1981-toer het hy in 1984 verloor.

Die volharding van mnr Muldoon se sportkontak met Suid-Afrika het 'n onmiddellike verskerping van die sportveldtog teen Suid-Afrika in Nieu-Seeland laat opvlam. Dit was hoofsaaklik Afrika-lande wat hulle steun aan anti-Apartheidsorganisasies in Nieu-Seeland gegee het, wat die organisasies nou baie sterker na vore laat tree het. Hoe ernstig die Afrika-lande was, word weerspieël in die optrede van Abraham Ordia, president van die Opperraad vir Sport in Afrika. Hy het na Nieu-Seeland gegaan met die doel om mnr. Muldoon te sien, sodat hulle planne kon beraam om die 1976-toer na Suid-Afrika afgelas te kry. Aangesien mnr Muldoon geweet het wat Ordia ingedagte gehad het, het hy geweier om hom te woord te staan, aangesien hy geen diplomaat of regeringsverteenvoerder is nie.

In die Nieu-Seelandse koerant The Dominion van Woensdag, 9 Junie 1976, sê mnr Muldoon, soos aangehaal in sy eie woorde, aan joernaliste:

"Mr Ordia is not a diplomat, not a representative of a government, not a man the Government has to deal with."

Hy het voortgegaan en gesê:

"That is not to say that a Minister of Sport and Recreation might not have been available, as a courtesy; but it should not have been expected as a right which, if withheld, was to be interpreted as a snob" (The Dominion: 9 June 1976).

In 1975 het Bert Walker van die Nasionale Party vir Phil Amos, Minister van Opvoeding, versoek om ondersoek te laat instel in hoeverre anti-Suid-Afrikaanse propaganda van HART skole in Nieu-Seeland binnegedring het. (Die propaganda genoem "*The Law in South Africa today*" wat in skole in Nieu-Seeland versprei word, bevat 51 "feite" oor die lewe in Suid-Afrika). Walker het hom voorts soos volg uitgelaat:

Ek dink HART tree nie reg op nie. Hulle speel reg in die hande van die kommuniste. (Die Volksblad: 8 Desember 1975).

Jean-Claude Ganga, sekretaris-generaal van die Opperraad vir Sport in Afrika, het hom by die Spele in Montreal soos volg uitgelaat:

"If New Zealand does not change its policy and is invited to the next Commonwealth Games, scheduled for Edmonton, Alberta in 1978, Africa will stay away." (Morning Star: 28 July 1976).

Ganga het ook op 27 Augustus 1976, op 'n perskonferensie in Londen, dieselfde dreigemente geuiter (Beeld: 7 Junie 1976).

In 'n onderhoud met die tydskrif African Agenda verstrek Dennis Brutus die volgende redes waarom Nieu-Seeland uitgesonder word terwyl daar ook verskeie ander lande is wat sportbetrekkings met Suid-Afrika handhaaf:

- (i) Nieu-Seeland het in een jaar se tyd in 17 sportsoorte teen Suid-Afrika meegeding;

- (ii) Nieu-Seeland se mededinging teen Suid-Afrika word deur die Nieu-Seelandse regering goedgekeur;
- (iii) Oor die derde rede het hy hom soos volg uitgelaat:
"This third point is one that is difficult to understand if you're not involved in a sport like rugby. Rugby is South Africa's national obsession. It's even more important than religion or politics. This is the most important for South Africa. By the New Zealanders going to South Africa to play rugby, particularly immediately after the Soweto massacre, all of this was a demonstration of support not only for apartheid, but was evidence that here was a country that was friendly toward the South African racist system and coming to support them at the same moment that the rest of the world was horrified"
(African Agenda: June/July 1976).
- (iv) Vir Brutus is dit die belangrikste punt dat wanneer 'n land weens "rassisme" geskors is, geen ander land hierdie "rassisme" lewendig moet hou deur teen Suid-Afrika mee te ding nie (Ibid).

Op 14 Junie 1977 het mnr Muldoon in 'n verklaring gesê dat die All Blacks nooit weer teen die Springbokke rugby sal speel solank as die Suid-Afrikaanse span op 'n grondslag van rassisme en nie van itegrasie gekies word nie. Hy het hom voorts soos volg uitgelaat:

Ons het verander in die sin dat ons naam nou staan op 'n dokument wat aktiewe ontmoediging van sportbande nastreef. Ons is nou meer intens bewus van swart Afrika se gevoelens oor die kwessie
(Beeld: 15 Junie 1977).

Druk op mnr Muldoon se standpunt rakende sportbande met Suid-Afrika het egter van buite af toegeneem. As lid van die Britse Statebond word Nieu-Seeland, deur mnr Muldoon, 'n mede-ondertekenaar van die nou-bekende Gleneagles-ooreenkoms - 'n dokument waarin sportbetrekkings met Suid-Afrika ontmoedig word. Hierdie dokument het midde kom staan in die sport-politieke konflik tussen Suid-Afrika en Nieu-Seeland. Van die dokument sê Edward Grayson onder andere:

"Have you ever seen the text of the so-called Gleneagles Agreement? So-called, because its true title is the Commonwealth Statement On Apartheid in Sport - The Sports Agreement. If you have not seen its text, why not? - If you have, have you read it? If you have read it, have you understood it? If you have understood it, have you ever wondered why it has been persistently misunderstood, misinterpreted or just deliberately distorted?"

All or at least some of these questions need answers. For if war is much too important a matter to be entrusted to the generals, so sport is much too great a topic today to be left to sportspersons politicians. It concerns each and every member of a civilised community, whether concerned with sport or not.

Ideally, sport should be fun, joy and magic. Privately and personally it still can be. Publicly, however, it appears to have become the victim of commercial predators and political agitators. Even worse, the worlds of different sports and of individual sportspersons do not recognise or understand how in the past they have been manipulated and exploited personally, and are now the

objects of international political expediency. The English football team which was required to give the notorious Nazi salute at Berlin in 1938 on the advice of the British ambassador guiding the football association is but one example; the post-war 1945 Moscow Dynamo football tour of Britain was another. Yet today nowhere has this been more clearly demonstrated than through the Sports Apartheid Agreement, drafted at Gleneagles in Scotland and ratified in London in June 1977" (Soos aangehaal in Freedom in Sport: datum onbekend).

Hierdie dokument sien die lig in Junie 1977 grootliks as gevolg van die onttrekking van 'n groot aantal Swart Afrika-state van deelname aan die 1976-Montreal Olimpiese Spele as gevolg van die Nieu-Seelandse rugbytoer gedurende 1976 na Suid-Afrika, en dan die vrees wat bestaan het vir 'n herhaling daarvan met betrekking tot die Edmonton Statebondspele van 1978. Dit spreek van Nieu-Seelandse indirekte betrokkenheid tot die opstel van die dokument.

Hoewel die dokument vanuit die geleedere van die sogenaamde "New Commonwealth"* vertolk (geïnterpreteer?) word as 'n opskorting van alle sportkontakte met Suid-Afrika, is die vertolking daarenteen van die sogenaamde "White Man's Club"* waaronder dan Nieu-Seeland, dat dit hier gaan om sportkontak

*Verwysende na onder andere Jamaica, Nigerië, Tanzanië, dit wil sê die onafhanklike koloniale moondhede.

*Dit sluit die oorspronklike lede van die Statebond in: die Verenigde Koninkryk, Australië, Kanada, Ierse Vrystaat, New Foundland, Nieu-Seeland (waartoe ook Suid-Afrika voor 1961 behoort het).

met Suid-Afrika te ontmoedig. Soos mnr Muldoon dan ook tereg opmerk:

"At my instance, the Gleneagles Agreement was drafted in such a way that, although governments undertook to try to persuade their sportsmen not to have contact with South Africa under an apartheid system, we were not required to take away from our sportsmen and sporting bodies the freedom and right to make the final decision themselves.

'The agreement (i.e. on apartheid in sport) - which I made, and Britain made, and Australia made, and I believe Canada made and others as well - was that, abhorring apartheid, we would do our best to dissuade our sportsmen from contact with South Africa. With little or no opposition we explained to our colleagues that to take from our sportsmen and sporting bodies the right to make their own decision finally on whom they would play against or with was to take from them a freedom which they had always had and which was just one of many freedoms which the citizen should enjoy in a civilised country.

'Because New Zealand, and subsequently other countries, made it clear that they could not subscribe to an agreement which required them to abrogate the freedom of their sportsmen and prohibit sporting contacts.

'What they agreed to was to discourage sporting contacts and that they did successfully in our case, until the present (1981) rugby

tour. Now, unfortunately, and with the concurrence and I believe support of the Commonwealth Secretary-General, our colleagues of the New Commonwealth are trying to read the Gleneagles Agreement (i.e. on apartheid in sport) in a manner which suits their wishes but which is not in accordance with either its letter or the spirit and understanding in which it was drafted" (Ibid).

Ofskoon mnr Muldoon sterk standpunt teen sportkontak met Suid-Afrika ingeneem het, het hy sportlui nie die reg van keuse van deelname teen Suid-Afrikaanse sportlui ontsê/ontneem nie.

Suid-Afrika staar egter steeds die feit in die gesig dat al is sy sport totaal geïntegreer, sportboikotte teen die Republiek van Suid-Afrika sal voortduur totdat die hele samelewing totaal geïntegreer is - of soos gestel: "We seek black majority rule!" 'n Woordvoerder van die Britse Minister van Sport, mnr Hector Munro, lewer die volgende kommentaar teenoor The Star op 9 Junie 1980:

"Many people are confused about this, but the Gleneagles Agreement is perfectly clear. It does not matter if cricket, for example, is totally integrated. It is the integration of society that counts" (The Star: 9 June 1980).

Dat mnr Muldoon geswig het onder buitelandse druk met die ondertekening van die Gleneagles-ooreenkoms, is nie te betwyfel nie. Gedurende 1980 verklaar die Nieu-Seelandse regering aan die organiseerders van die Wêreldspele vir veterane, wat in Christchurch Nieu-Seeland plaasgevind het,

dat 'n skenking van R32 000 ingevolge die Gleneagles-ooreenkoms teruggehou sal word indien planne sou voortgaan om 'n Suid-Afrikaanse span te nooi (Die Volksblad: 17 September 1980).

Op die internasionale front het die druk op mnr Muldoon begin toeneem oor sy verdediging van sportbande met Suid-Afrika as 'n reg van individue om self te kan kies waar en teen wie hulle wil meeding. Asof dit nie alreeds genoeg was nie het die druk van binne Nieu-Seeland ook al hoe heftiger geword.

Die Suid-Afrikaanse Oorsig van 2 September 1977 skryf:

"Mnr Muldoon verkeer onder sterk druk van veral die Minister van Buitelandse Sake, mnr Brian Talboys, jeens sy houding ten opsigte van rugbybetrekkinge met die Republiek van Suid-Afrika. Gedurende die inwyding van die nuwe Loftus Versfeldstadion gedurende 1977 in Pretoria, was mnr Ron Don, voorsitter van die Aucklandse Rugbyunie teenwoordig en is hy deur mnr Talboys daarvan beskuldig dat hy besig is met 'propoganda' vir die Republiek van Suid-Afrika"
(Suid-Afrikaanse Oorsig: 2 September 1977, p. 12).

Die Springbok-rugbytoer na Nieu-Seeland in 1981, het die Nieu-Seelandse regering in direkte konfrontasie met die sogenaamde "New Commonwealth" gebring. Mnr Muldoon was genoodsaak om sterk standpunt in te neem teen die Statebondslande. In 'n sterk

persoonlike aanval op die Sekretaris-generaal van die Statebond, mnr Shridith Ramphal, het mnr Muldoon hom daarvan beskuldig dat hy en sy sekretariaat verantwoordelik was vir die verskuiwing van die beraad van die ministers van finansies van die Statebond van Nieu-Seeland na die Bahama-eilande weens die Springbok-rugbytoer in sy land. Volgens mnr Muldoon was hierdie stap in stryd met die konsensusbenadering van die Statebond (Die Volksblad: 5 Oktober 1981).

Die eenheid in die Statebond is ook ernstig bedreig weens die Springbok-rugbytoer. Volgens mnr Muldoon het die oerlede van die Statebond in 1977 die Gleneagles-ooreenkoms aanvaar onder die uitdruklike veronderstelling dat regeringslegs sportbande met Suid-Afrika sou ontmoedig, terwyl sportliggame steeds hul eie besluite in dié verband sou kon neem (Die Transvaler: 29 Julie 1981).

Mnr Muldoon laat hom onder andere as volg uit:

Die nuwe vertolking deur veral die gekleurde lede van die Statebond, dat lande deur die weiering van visums en ander metodes die reg in eie hande moet neem, is nie geregverdig nie. As die ooreenkoms nou skielik gewysig moet word om aan dié lande se vertolking te voldoen, sal die vertroue in die instellings van die Statebond self in die gedrang kom. (Die Transvaler: 29 Julie 1981).

Tydens die Statebonds-konferensie in Melbourne, Australië, in 1981, het mnr Muldoon daarop aangedring dat Statebonds-lande hul kritiek op sy land se sportbeleid met Suid-Afrika moet staak. Hy het gesê dat sportmanne van die Statebond vry moet wees om te kan kies of hulle teen Suid-Afrikaners wil meeding, en gedreig dat Nieu-Seeland hom uit die Glen-eagles-ooreenkoms sal onttrek indien die Organisasie nie sou toegee dat lede (regerings) nie verplig is om sportbande met Suid-Afrika te verbied nie. Hy het verder gesê dat hy 'n leër gemaak het oor die skending van menseregte in al die lande van die Statebond en daarop gedreig om aanklagte van die skending van menseregte teen Afrika-state aanhangig te maak indien hulle aanhoudende aanvalle teen Nieu-Seeland maak oor die Springbok-rugbytoer (Die Transvaler: 30 September 1981).

Mnr Arbraham Ordia, president van die Opperraad vir Sport in Afrika, het mnr Muldoon aangeval en gesê hy probeer die kwessie van sportbande met Suid-Afrika uitbuit om hom te help om die algemene verkiesing in sy land gedurende November 1981 te wen (Die Transvaler: 2 Oktober 1981).

In sy aanval op mnr Robert Mugabe van Zimbabwe weens sy bemoeiing met die Springbok-rugbytoer, het mnr Muldoon die volgende treffende woorde geopper:

Hy is buite voeling omdat hy te veel tyd in die oerwoud deurbring en mense doodgemaak het (Die Transvaler: 5 Oktober 1981).

Die Afrika-state het deurgaans die Nieu-Seelandse standpunt gekritiseer oor die Springboktoer, waarop mnr Muldoon geantwoord het:

Julle vergryp juisself aan oordadige maaltye, hou baldadige toesprake en nadat jul ego's gestreel is, gaan julle huis toe en kyk terug op 'n geslaagde konferensie (Ibid).

Guiana het ook gedreig om die Statebondspele gedurende 1982 in Brisbane te boikot indien Nieu-Seeland toegelaat sou word om deel te neem sonder dat die land sy standpunt oor die Gleneagles-ooreenkoms verander het (Die Transvaler: 2 Oktober 1981).

Teen die einde van die Melbournekonferensie het mnr Muldoon daarop aangedring dat 'n verklaring oor sy land se beleid betreffende sportkontak met Suid-Afrika in die amptelike notule van die Statebondskonferensie opgeneem moet word. Dit is egter verwerp. In die finale verklaring van die beraad oor die Springbok-rugbytoer is slegs verklaar dat dit die dringende plig van alle Statebondslande is om apartheid te bestry (Die Transvaler: 8 Oktober 1981).

In Die Volksblad van 18 Mei 1978 spel mnr Muldoon weer eens die Nieu-Seelandse regering se standpunt teenoor die Gleneagles-ooreenkoms uit as hy sê:

Die Nieu-Seelandse regering sal geen Nieu-Seelander 'n paspoort of 'n visum weier om na enige plek ter wêreld te gaan nie, en behalwe vir 'n misdadiger, ook niemand 'n visum weier om Nieu-Seeland te besoek nie (Die Volksblad: 18 Mei 1978).

3. SLOTGEDAGTE

Die toekoms sal wel leer of daar weer rugbywedstryde tussen die Springbokke en die All Blacks sal plaasvind.

Die All Blacktoer van 1985 sou aan ons bewys dat die twee rugbyspelende lande se vriendskap inderdaad nog baie sterk en standvastig is. Die spelers wat gekies is om Nieu-Seeland te kom verteenwoordig, was almal eens dat sportbetrekkingsbeslis gehandhaaf moet word.

Die 1985-toer was al byna werklikheid, toe die omstrede hofsak in Nieu-Seeland plaasgevind het met die tragiese uitslag: All Blacks mag nie uit Nieu-Seeland vertrek nie.

Weer word individue die reg ontsê om hulle talente teen die van ander in 'n rugbywedstryd te meet. Die demokratiese beginsel is weer eens oorboord gegooi, om plek te maak vir 'n politieke oorwinning.

EERSTE MINISTER, NORMAN KIRK, SE BRIEF AAN DIE NIEU-SEELANDSE
RUGBYUNIE

Geagte mnr. Sullivan

U sal daarvan bewus wees dat die regering alle aspekte van die situasie wat geskep is deur die voorgestelde Springboktoer, versigtig ondersoek het.

Ons het alle moontlike raad ingewin en menings gewissel en hierdie aangeleentheid op elke vlak bespreek. Daar is vir ons geen ander uitweg waardeur 'n oplossing gevind kan word as deur amptelike optrede nie.

So graag as wat die regering sou verkies het om hierdie toedrag van sake te vermy, het ek gaan alternatief as om hierdie brief aan u te rig nie.

Ek verwys nou na u brief van 5 Februarie en die daaropvolgende samesprekings oor die Springbokrugbytoer tussen ministers en lede van die rugbyunie se uitvoerende bestuur.

ONWILLIG

Tydens hierdie samesprekings is dit deur die rugbyunie se verteenwoordigers duidelik gestel dat die unie onwillig is

om voorwaardes neer te lê vir die kies van 'n Springbokspan.

Dit is ook duidelik gestel dat die rugbyunie die aangeleentheid suiwer as 'n sportuitnodiging behandel en nie die breë beleidsake, wat in my brief van 23 Januarie en die byvoegsel teen die voortsetting van die toer aangevoer word, as hul sake beskou nie.

Die rugbyunie sê in sy brief dat die verantwoordelikheid van Nieu-Seeland se Rugbyunie die bevordering en handhawing van rugby in Nieu-Seeland is.

In ons bespreking het verteenwoordigers van die rugbyunie die vraag geopper of, wanneer alles opgeweeg is, insluitende die internasionale implikasies, dit die regering se beskouing is dat die toer nie moet plaasvind nie. U sal u herinner dat ek gesê het dat dit so is.

OPLOSSING

Terselfdertyd het ek dit duidelik gestel dat die regering nie die toer wil verbied nie: dit het voortgegaan om te hoop dat 'n oplossing deur oorreding verkry kan word.

Die rugby-verteenwoordigers het gesê as die regering besluit "geen toer", sal dit so wees: die regering sal self moet besluit in die lig van inligting wat beskikbaar is. U het

egter die persoonlike mening gestel dat dit onwaarskynlik sal wees dat die rugbyunie sy houding sal verander.

Die redes wat daartoe gelei het dat die regering die gevolgtrekking gemaak het dat 'n toer deur 'n span wat slegs uit blanke Suid-Afrikaners gekies is, nie behoort plaas te vind nie, sal nou welbekend aan u wees.

'n Toer op so 'n grondslag sal meningsverskil oor rasse-aangeleenthede in Nieu-Seeland verskerp en spanning binne ons samelewing verskerp. Dit sal Nieu-Seeland se breëre internasionale betrekkinge skaad deur sy aansien en geloofwaardigheid as 'n ordentlike menslike land met 'n suksesvolle veelrassige samelewing verminder.

In die besonder is dit duidelik uit samesprekings wat ek met Statebondsleiers gevoer het en wat ander ministers op oorsese besoeke gehad het, dat Nieu-Seeland se reputasie op die gevoelige terrein van rassebetrekkinge groot skade sal ly en lank in die toekoms sal voortduur in die oë van die Statebond en ons bure in die Stille Oseaan. Ons kan nie bekostig dat dit gebeur nie.

Aan my is verslag gedoen, en die verantwoordelike owerhede het deurentyd by hul mening volstaan, dat die wanorde en geweld wat hierdie toer sal veroorsaak, die grootste sal wees wat Nieu-Seeland nog gesien het: die polisie sal

verplig wees om op 'n massale omvang in te gryp met die moontlike vereistes van steun deur die weermag en met die skadelike uitwerking op die polisie se moreel asook gevaar van beserings.

So 'n toestand sal die samelewing verdeel en gevoelens en bitterheid wek wat lank sal voortduur.

BESKERMING

Polisiegetalle sal in talle gebiede verminder moet word in 'n mate wat dit moeilik sal maak om die normale beskerming van ons burgers teen elemente van misdadigheid te verseker. As die weermag ingeroep moet word om die toestand te kan hanteer en gemagtig moet word om op te tree as aanvullende polisie, vereis dit wet dat ingrypende magte verleen word ingevolge die verklaring van 'n noodtoestand.

Daardeur sal beperkings geplaas word op die normale burgerlike regte van Nieu-Seeland se burgers.

Ek glo nie dat enige regering sodanige optrede sal oorweeg as dit vermy kan word nie.

In hierdie omstandighede moet die regering ingryping in die begerte van 'n sportliggaam om spele te organiseer en van die mense wat hulle gaan dophou, aan die een kant opweeg

teen die ingryping in die burgerlike regte van alle Nieu-Seelanders.

GEEN TWYFEL

Gekonfronteer met so 'n keuse, is daar geen twyfel oor wat die besluit moet wees nie.

Nadat al hierdie oorwegings in aanmerking geneem is, glo die regering nie dat dit in die breëre belang van Nieu-Seeland sal wees om 'n span wat op 'n grondslag van rasse-diskriminasie gekies is, te ontvang nie.

Toe die regering voelers uitgesteek het, het duidelik geblyk dat daar in die beskikbare tyd geen moontlikheid is dat 'n Suid-Afrikaanse span op 'n werklike grondslag van meriete vir 'n toer in 1973 deur Nieu-Seeland gekies kan word nie: ook is daar enige aanduiding dat die Suid-Afrikaanse Regering op die oomblik bereid is om 'n span op hierdie grondslag te laat kies nie, selfs al was daar genoeg tyd.

Hangende keuring op 'n werklike grondslag van meriete, sien die regering dus geen alternatief as dat die toer uitgestel word nie.

Dit spyt my dus dat ek verplig is om die rugbyunie te versoek om die Suid-Afrikaanse Rugbyraad in kennis te stel dat sy uitnodiging uitgestel moet word. Ek sou verkies het en inderdaad hard gewerk het om die nodigheid van so 'n versoek te vermy.

Die Regering verklaar dat wanneer duidelik getoon is dat alle Suid-Afrikaners 'n gelyke geleentheid het om in 'n gemengde proewe vir 'n Springbokspan gekies te word dit geen beswaar sal hê teen 'n besoek deur so 'n span nie; inderdaad sal hy dit verwelkom.

'n Afskrif van hierdie brief word onder die aandag van die Suid-Afrikaanse Regering gebring, sluit die brief af.

COMMONWEALTH STATEMENT ON APARTHEID IN SPORT

The member countries of the Commonwealth, embracing peoples of diverse races, colours, languages and faiths, have long recognised racial prejudice and discrimination as a dangerous sickness and an unmitigated evil and are pledged to use all their efforts to foster human dignity everywhere. At their London Meeting, the Heads of Government reaffirmed that apartheid in sports, as in other fields, is an abomination and runs directly counter to the Declaration of Commonwealth Principles which they made at Singapore on 22 January 1971.

They were conscious that sport is an important means of developing and fostering understanding between the people, and especially between the young people, of all countries. But, they were also aware that, quite apart from other factors, sporting contacts between their nationals and the nationals of countries practising apartheid in sport tend to encourage the belief (however unwarranted) that they are prepared to condone this abhorrent policy or are less than totally committed to the Principles embodied in their Singapore Declaration. Regretting past misunderstandings and difficulties and recognising that these were partly the result of inadequate inter-governmental consultations, they agreed that they would seek to remedy this situation in the context of the increased level of understanding now achieved.

They reaffirmed their full support for the international campaign against apartheid and welcomed the efforts of the United Nations to reach universally accepted approaches to the question of sporting contacts within the framework of that campaign.

Mindful of these and other considerations, they accepted it as the urgent duty of each of their Governments vigorously to combat the evil of apartheid by withholding any form of support for, and by taking every practical step to discourage, contact or competition by their nationals with sporting organisations, teams or sportsmen from South Africa or from any other country where sports are organised on the basis of race, colour or ethnic origin.

They fully acknowledged that it was for each Government to determine in accordance with its laws the methods by which it might best discharge these commitments. But they recognised that the effective fulfilment of their commitments was essential to the harmonious development of Commonwealth sport hereafter.

They acknowledge also that the full realisation of their objectives involved the understanding, support and active participation of the nationals of their countries and of their national sporting organisations and authorities. As they drew a curtain across the past they issued a collective call

for that understanding, support and participation with a view to ensuring that in this matter the peoples and Government of the Commonwealth might help to give a lead to the world.

Heads of Government specially welcomed the belief, un-
animously expressed at their Meeting, that in the light of
their consultations and accord there were unlikely to be
future sporting contacts of any significance between Com-
monwealth countries or their nationals and South Africa
while that country continues to pursue the detestable poli-
cy of apartheid. On that basis, and having regard to their
commitments, they looked forward with satisfaction to the
holding of the Commonwealth Games in Edmonton and to the
continued strengthening of Commonwealth sport generally.

GLENEAGLES

June 12, 1977

H O O F S T U K 5

ANTI-APARTHEIDSORGANISASIES BETROKKE BY SPRINGBOK-
EN ALL BLACK RUGBYTOERE, 1960 - 1981

HOOFSTUK 5

ANTI-APARTHEIDSORGANISASIES BETROKKE BY SPRINGBOK- EN ALL BLACK RUGBYTOERE, 1960 - 1981

1. INLEIDING

Die ideologiese magstryd tussen Oos en Wes vind na die Tweede Wêreldoorlog sy eerste en vernaamste manifestasie in 'n wapenwedloop. Die opbou van die kernwapen-arsenale van die Sowjet-Unie en die VSA lei tot 'n posisie van kernskaakmat. Die vernietigingspotensiaal van die onderskeie arsenale skeep nietemin 'n delikate balans van terreur, dit wil sê die menslike voortbestaan lê opgesluit in 'n bevriësing van die aanwending van totale magsvermoëns. Ander weë moes derhalwe gesoek word om steeds momentum te behou in hierdie magstryd. In die praktyk sou dit beteken 'n verskuiwing van die militêr-imperialistiese karakter van die Koue Oorlog na 'n sogenaamde kulturele imperialisme, soos Morgenthau (1973, p. 93) dit in sy werk Politics among nations omskryf. In hierdie stryd om die sogenaamde "hearts and minds of men", sou ook sport 'n baie betekenisvolle bydrae te lewer hê.

Toegepas op Suid-Afrika is sport geïdentifiseer as 'n middel (medium) tot 'n doel. John Dugdale, eertydse Britse Minister van Koloniale Sake sê in 1958 onder andere:

"If we can break down the colour bar in sport, we will break down the whole barrier of Apartheid" (Soos aangehaal in Lapchick: 1975, p. 5)

Die rede hiervoor word onder andere soos volg opgehaal:

Lord Killanin, voormalige president van die IOK sê:

"South Africa is obviously a very sports minded country" (Ibid).

En Dennis Brutus:

"Sports approaches the status of a national religion in South Africa" (Ibid).

Die eerste organisasie wat hierdie snaar getokkel het was logieserwys die SAKP via die South African Sports Association wat in 1959 in Durban gestig is (Vgl. Hain: 1971, p. 53). Vanuit die organisasie is in 1963 die nou-bekende SANROC gestig.

Wanneer daar aan sogenaamde "apartheid" gedink word, is dit heel logies om te aanvaar dat iemand daarteen standpunt sal inneem. So het anti-apartheidsorganisasies, anti-apartheidskonferensies en anti-apartheidsbetogings al deel geword van 'n wêreldwye georganiseerde standpunt daarteen.

As iemand nie van iets hou nie en so 'n persoon kry ietwat steun, dan word daar dadelik 'n "Anti-iets" op die been gebring. So was dit ook met die rugbybetrekkinge tussen Suid-Afrika en Nieu-Seeland.

Sedert 1959 het hierdie tendens van anti-apartheid, gemik teen sportbande met Suid-Afrika, al in Nieu-Seeland begin kop uitsteek. Die Maori-kwessie het toe in Nieu-Seeland

publisiteit begin kry en die anti-individue en -groepe het net vir die regte gaping gewag om dit te benut.

Hierdie anti-apartheidsorganisasies kry gewoonlik omvattende publisiteit, omdat hulle kwansuis vir iets sou staan wat indruis teen die vryheidsnorme van die moderne samelewing. So het hierdie kwessie met verloop van tyd in baie politieke debatte na vore getree. Hierdie politieke debatte het dikwels uitgeloop op 'n uitstel of kansellering van een of ander gebeurtenis waarby Suid-Afrika betrokke sou wees.

Voor die 1981-Springboktoer na Nieu-Seeland moes Suid-Afrika en Nieu-Seeland deurloop onder hierdie "anti-kwessie". Wat die rugbyunie ookal gedoen het, was verkeerd en die anti-organisasies het gewoonlik die meeste simpatie gekry.

Dit is ook so dat Nieu-Seeland - en veral die aspek van rugbybetrekkinge - die stormagtige middelpunt geword het van die poging om Suid-Afrika op sportgebied te isoleer.

Bo en behalwe dat Suid-Afrika se binnelandse beleid van meet af vir die meeste Nieu-Seelanders onaanvaarbaar was, het protesgroepe soos HART en CARE, gerugsteun deur hulle eweknieë in ander wêrelddele, reeds in die vroeë sestigerjare begin betoog vir die insluiting van Maori's in Nieu-Seelandse rugbyspanne wat deur Suid-Afrika getoer het vir die verkiesing op meriete van Suid-Afrikaanse sportspanne. Hierbenewens het die All Blacktoer van 1976 tydens die Soweto-onluste daartoe bygedra dat verhoudings tussen die twee lande aansienlik

versuur is. Daaropvolgende insidente soos die Biko-geval en ander sterftes in aanhouding, aangeblaas deur 'n linkse pers in Nieu-Seeland, was grootliks verantwoordelik vir emosionele uitbarstings voor, tydens en na die Springbok-toer van 1981. Suid-Afrika is onder meer verantwoordelik gehou vir die onmin wat die toer tussen Nieu-Seelanders veroorsaak het.

Na aanleiding van VN-resolusies wat na afloop van die Soweto-onluste geneem is, het die partykongres van die Nieu-Seelandse Arbeidersparty in 1976 'n beskrywingspunt aanvaar om konsulêre bande met Suid-Afrika te beëindig indien die party aan bewind sou kom. Hierdie beskrywingspunt is van jaar tot jaar oorge- dra en op die dag na die laaste algemene verkiesing in Nieu-Seeland wat met 'n groot meerderheid deur die Arbeidersparty gewen is, het ene Jim Anderton, toenmalige president van die party en pasverkose parlamentslid, verklaar dat een van die eerste aksies van die nuwe regering sou wees om die Suid-Afrikaanse Konsulaat-generaal te sluit.

Ons let vervolgens op onderskeidelik binne en buitelandse (in Nieu-Seeland) organisasies wat hul tot die sport-politieke konfrontasie gewend het.

2. ORGANISASIES IN SUID-AFRIKA

SANROC (Die South African Non-Racial Olympic Committee) en

SACOS (South African Council on Sport)

2.1 STIGTING

Die rede vir die totstandkoming van SANROC word gegee as:

"In 1958 the South African Sport Association (SASA) was formed with a view to fostering the interests of Non-White sport at a time when there was a general awakening of interest in sport amongst this section of the population and when legitimate reason existed for them to strive for their rightful place in South African sport."

Dit sou die "South African Non-Racial Olympic Committee" (SANROC) heet (Hain: 1971, p. 53).

Die nuutgestigte SANROC se eerste vergadering is op 13 Januarie 1963 in Johannesburg gehou. Dennis Brutus is as president verkies en later John Harris, van stasiebom faam, as vise-president (Ibid, pp. 56-57).

Luidens Chris de Broglio is SANROC gestig deur,

".... an enthusiastic assembly of sports administrators, who set themselves the goal of non-racial sport inside South Africa and decided to wage all-out war against the racialist organisations, who were masquerading as South African national organisations in the sports forums of the world" (De Broglio: 1970, p. 4).

Gerald Ludi (geheime polisie-agent wat kommunistiese frontorganisasies ingefiltreer het) het SANROC bestempel as 'n Rooi frontorganisasie wat in opdrag van die Suid-Afrikaanse

Kommuniste party gestig is met die doel om Suid-Afrika uit die Olimpiese Spele geskors te kry (Die Vaderland: 1 Mei 1968).

2.2 DOELSTELLING

Sedert sy stigting tot die hede is SANROC se vernaamste doel om die Republiek se deelname aan alle internasionale sport te verhinder. Hoewel SANROC in die Republiek ontstaan het, het die sedert 1966 toe Brutus die land verlaat het, op 'n internasionale grondslag gefungeer (Brickhill: 1976, p. 11). Die Suid-Afrikaanse Olimpiese Komitee verklaar onder andere soos volg:

"From the outset these associations directed their efforts at obtaining overseas assistance petitioning the IOC and other overseas federations, disseminating propaganda, attending international meetings, establishing contacts with anti-South African forces at the United Nations, the Organisation for African Unity and the Supreme Council for Sport in Africa. It also linked up with a wide variety of political organisations, mostly on the far left, in many countries of the world."

"The SACOS element directed its criticism at the South African Olympic Committee (SANOC) for not complying with the OIC Charter in terms of non-discrimination. As late as 1967, in a statement to the OIC Executive at Durbrovnik, SANROC stated:

"SANROC seeks and has always sought, the entry of all South Africans to the Olympic and all international sport: it has never

been our desire to exclude them it is only that those who contravene the Olympic regulations must rightly be excluded from participation in the Olympic Games."

The facts as they saw them were:

1. The existence of racial discrimination in sport.
2. Facilities for Non-Whites being inferior.
3. Direct evidence of political interference in sport"

"Over the years their tactics and policy changed considerably"

"When it became clear that all the erstwhile arguments against South African sport were being removed one after another: when discrimination was being systematically removed: when Non-Whites were being elected at all levels - including those of national presidencies, - a new battlecry or reason for continued existence had to be found. 'No normal sport in an abnormal society' became the new slogan. This landed them directly into the political arena where they have belonged for a long time but have pretended to be sportsmen. As will be pointed out later, it is being openly admitted, even boasted, that sport is not really what they are after. It has so little to do with sport and sportsmen that in the process sport has fallen prey to a blatant political vendetta"

(Ongedateerde publikasie van South African Olympic and National Games Association (SANOC)).

Onder die vernuftige leiding van Brutus was SANROC die begin en is steeds die vernaamste organisasie wat gemoeid is om die Republiek op internasionale gebied te isoleer. Alle federasies, verenigings en sportliggame, wat maar enigszins met sport te make het, word deur SANROC op hoogte gehou en met propaganda gevoer om teen Suid-Afrika op te tree.

2.3 AKTIWITEITE

Vervolgens word daar slegs 'n paar van SANROC se belangrikste aktiwiteite sedert sy stigting bespreek en wel met die doel om hulle metode van optrede aan te dui.

SANROC was van die begin af nie tevrede met die versekering wat hulle van SAOGA (South African Olympic Games Association) gekry het dat enige nie-blanke wat oor die vereiste standaard beskik, na die Olimpiese Spele gestuur sal word en dat die belange van nie-blanke sport in die algemeen bevorder en aangemoedig sal word binne die raamwerk van apartheid soos deur die regeringsbeleid omskryf (South African Institute of Race Relations: 1963, p. 268).

Gedurende 1963 het SANROC 'n voorstel ingedien by die IOK waarin gepoog is om erkenning te verkry as verteenwoordigende liggaam van Suid-Afrika by die IOK. In 1964 is Suid-Afrika deelname aan die Tokio-spele ontsê, maar is nie uit die IOK geskors nie (Opperman: 1978, p. 323).

In Julie 1964 het SANROC briewe aan al die staatshoofde gestuur wat voornemens was om die Statebondskonferensie by te woon. In hierdie brief is staatshoofde versoek om alle finansiële hulp aan sportorganisasies in hul onderskeie lande wat sportbande met die Republiek handhaaf, te staak en om alles in hulle vermoë te doen om die Republiek op sportgebied te isoleer (South African Institute of Race Relations: 1963, p. 286).

In 1966 het Chris de Broglio, 'n gewese Suid-Afrikaanse lig-gewig gewigoptelkampioen en Springbok, in 1958 - 1961 asook 'n selfopgelegde banneling uit die Republiek, verbonde aan SANROC, in Rome tussen die sportbeampes voorspraak gedoen om teen die Republiek op te tree. Hy het ook onderhoude gevoer met sportadministrateurs van Amerika, Kuba, Rusland, Oos-Duitsland en verskeie Afrika-state om hulle teen die Republiek gekant te kry. De Broglio het ook pamflette versprei sowel as 'n lang memorandum wat gehandel het oor diskriminasie in Suid-Afrikaanse Sport (Eastern Province Herald: 23 April 1966, p. 3).

Na aanleiding van die "nuwe" sportbeleid, wat die Suid-Afrikaanse regering aan die begin van 1971 aangekondig het, het Brutus die beleid namens SANROC veroordeel en hom voorts soos volg uitgelaat:

"We welcome the increased volume of protest which has developed, particularly in Australia, Britain, France and New Zealand and thank the many thousands who have been active in this field; without their efforts we would not have achieved the major advance represented by the changes we have compelled in policy in South Africa. But much more needs to be done, especially in the immediate future" (UN Unit on Apartheid, Against Racialism in Sport, Department of Political and Security Council Affairs, Notes and Documents, Background Note, Nr. 26, 28 May 1971, p. 1).

Deur die jare het SANROC sy veldtog al meer verskerp om die Republiek verder op sportgebied te isoleer. By 'n perskonferensie in Londen op 30 Julie 1975 het Jasnat Dhiraj, verbonde aan SANROC en 'n gewese Suid-Afrikaanse tennisspeler van Asiatiese afkoms, onder meer die volgende laat blyk:

- * SANROC verwag 'n skenking van 8000 dollar van die Wêreldraad van Kerke;
- * Veldtogte sal in die toekoms veral gerig word teen tennistoernooie waaraan Suid-Afrikaners en "simpatiseerders van apartheid" soos Arthur Ashe, deelneem. Planne word beraam om Suid-Afrika, met behulp van die VN uit die "International Tennis Federation" (ITF) te skors;
- * Lidmaatskap van die Opperraad vir Sport in Afrika word in die vooruitsig gestel om sodoende meer invloed op internasionale vlak te verkry;

* SANROC sal slegs 'n koördinerende rol in anti-Suid-Afrikaanse betogings by sportbyeenkomste vervul en sal nie self aktief deelneem nie (Daily Despatch: 1 August 1975, p. 17; Rand Daily Mail: 1 August 1975, p. 3).

Peter Hain, vise-voorsitter van SANROC, het by dieselfde perskonferensie verklaar dat hierdie herlewing van SANROC-bedrywighede eintlik gemik is op die kansellering van die All Black-rugbytoer van 1976 na die Republiek en dat die Wêreldraad van Kerke, die "International Defence and Aid Fund" en verskeie ander organisasies geld vir die doel bewillig het. Hain het voorts beweer dat SANROC wêreldwye ondersteuning op hoë regeringsvlak geniet en dat alle Suid-Afrikaanse sportspanne in die buiteland asook spanne en individue van ander lande wat "rassistiese sport" met Suid-Afrika beoefen die skyf van SANROC-aanvalle sal wees (Daily Despatch: 1 August 1975, p. 17).

Om al hierdie aksies en boikotte te kan koördineer het SANROC aan die begin van 1976 sy eerste voltydse betaalde beampste, Sam Ramsamy, wat in 1972 die Republiek verlaat het, aangestel (Rand Daily Mail: 19 April 1976, p. 2).

Nadat SANROC die land verbied is, het die organisasie hom in Londen gaan vestig. SANROC se werk het beslis nie opgehou nie en SACOS doen nou sy vuilwerk vir hom in Suid-Afrika. Hierdie organisasie is op 18 Maart 1973 in Durban gestig en

beweer hulle werk vir sport op 'n nie-rassistiese en nie-diskriminerende vlak. Die volgende is 'n aanhaling, geneem uit 'n resoluëie geneem in 1977:

"In April 1977 SACOS passed the following resolution:

'Any person, whether he is a player, an administrator or a spectator, committed to the non-racial principle in sport, shall not participate in or be associated with any other code of sport which practises; perpetuates or condones racialism. Players and/or administrators disregarding the essence of this principle shall be guilty of practising double-standards and cannot therefore be members of any organisation affiliated to SACOS'" (Soos aangehaal in Cape Herald: 20 September 1980).

Die koerant lewer die volgende kommentaar daarop:

"The double-standards resolution caused widespread disagreements and variance amongst members and a considerable number of clubs and schools broke away from SACOS. Due to the strict application of this resolution by affiliated members of SACOS, victimisation and harassment of schoolchildren and sportsmen occurred. The following are quoted by way of example: (Ibid).

Vergelyk ook die kommentaar in die Sunday Times:

"Schools in the Boland area are furious at the treatment meted out to one of their primary school pupils. There are moves afoot by the Boland schools to start a body in which schools throughout the Cape - primary and senior - can enjoy their sport without the problems brought on by die SACOS 'double standards' resolution. Mr. A Nicholls, principal of the Jan Bosman Primary School in Kuilsrivier,

has set the wheels in motion for this new deal, whereby school-children will be free of the 'intimidation tactics of SACOS'.

'I know we will have opposition to the new body, but in the end, we will be victors. SACOS has lost all direction and they are of no benefit to primary school pupils', said Mr Nicholls"

(Sunday Times: 6 April 1980).

Dat alles ook nie meer so rooskleurig vir SACOS en SANROC is nie, blyk uit die volgende aanhaling.

"Mr Hassen Howa, founder member and for many years national president and still prominent in SACOS circles, in an interview with Mohamed Shaikh of Rapport, June 5, 1983, could well prove to have been prophetic in stating:

'SACOS is dying a slow death. And its disease is lack of direction. Apart from prescribing to the youth that they are not allowed to do, they are given no direction. As matters now look, there is no future for SACOS'" (Ongedateerde publikasie van South African Olympic and National Games Association (SANOC)).

3. ORGANISASIES IN NIEU-SEELAND

3.1 CABTA (*Die Citizen's All Black Tour Association*)

Gedurende 1959 was daar 'n Maori-debat in Nieu-Seeland aan die gang wat sou uitloop op 'n besluit of Maori's in die All

Blackspan van 1960 na Suid-Afrika ingesluit moes word of nie. Nadat die Nieu-Seelandse Rugbyunie finaal besluit het dat Maori's nie die toer na Suid-Afrika sou meemaak nie, is die *Citizen's All Black Tour Assosiation*, gestig. CABTA se doelstelling by die stigtingsvergadering was die volgende:

"To combat racial discrimination in the selection of the 1960 rugby team to tour South Africa, and to demand the abandonment of the tour if absolute equality of treatment cannot be assured"
(Saaiman: 1981, p. 61).

Rollang O'Reagan is as CABTA se eerste voorsitter gekies. CABTA het sy veldtog landwyd geloods en het gou daarin geslaag om kerke, vakbonde en professionele groepe by sy veldtog te betrek. 'n Petisie, vir persone wat teen die 1960-toer gekant was, is opgestel en is deur 162 000 persone onderteken (Ibid: p. 62).

3.2 ATAC (*Anti-Tour Action Committee*)

Hierdie organisasie sien in 1972 die lig met die oog op die beplande Springboktoer van 1972. Op Maandag 10 April 1972 het dit skielik aan die lig gekom dat 'n radikale anti-Apartheidsgroep, ATAC, *Anti-Tour Action Committee*, besluit het om geboue van mense wat die beplande 1973-Springbokrugbytoer deur Nieu-Seeland steun, met dinamiet op te blaas en te beskadig. Die groep het verder bekend gemaak dat buiten dinamiet wat gebruik gaan word, gaan hulle ook vuurwerke op die

speelvelde veroorsaak, hulle sal spoorlyne opblaas, bande van busse waarmee Springbokke vervoer word stukkend sny en hotelle waar die Suid-Afrikaners gaan bly, saboteer.

Vroeër dieselfde week, 4 April 1972, het dieselfde groep verantwoordelikheid aanvaar vir die beskadiging van die speeloppervlakte van die rugbyveld by Auckland. Na aanleiding van hierdie voorval in 1972 berig Gabe David uit Auckland, Nieu-Seeland, dat revolusionêre die woorde "NO TOUR" vier voet groot en ses duim diep op Edenpark, die toetsveld van Auckland, uitgekap het. Alhoewel die skade maklik herstel kon word, was die rugbygeesdriftigers woedend. Hy berig verder dat die woorde, "ATAC. *It has begun*", met wit verf in letters van nege meter groot, voor die hoofpawiljoen geverf is. ATAC staan vir *Anti-Tour Action Committee* (Sunday Times: 10 April 1972).

Na aanleiding van 'n berig in die Sunday Times van 10 April 1972, in Wellington, Nieu-Seeland, sou die groep, ATAC, alreeds dinamiet besit het, en het hulle alreeds planne be- raam hoe hulle te werk sou gaan. Hulle het beplan om soos querillas te werk te gaan, aldus mnr Timothy Shadbolt. Die Sunday Times haal mnr Shadbolt soos volg aan:

"ATAC had formed cells of three or four people dedicated to wrecking the tour in the main cities and the university towns."

Hy het ook aan die Sunday Times gesê, dat hy nie 'n lid van ATAC is nie, omdat hy te goed aan die polisie bekend is.

Mnr Shadbolt het verder gegaan en ATAC se verdere doelstel- lings soos volg gestel:

"The committee wanted to go beyond the protests of the major anti-apartheid groups Hart (*Halt all Racist Tours*) and Care (*Citizens Association for Racial Equality*). Liberals joined Care, radicals joined Hart and revolutionaries joined ATAC" (Sunday Times: 10 April 1972).

Soos wat algemeen verwag is, het daar dadelik hewige reaksies gevolg op hierdie nuwe wending. Selfs die ander anti-Apartheidsorganisasie het hulle van ATAC se gewelddadige optrede en doelstellings gedistansieer.


* CARE, (*Citizens Association for Racial Equality*) se reaksie was duidelik dat hulle nie belanggestel het om wedstryde tydens toere te ontwig nie;

* HART (*Halt All Racist Tours*) het gevra vir nie-gewelddadige ontwrigting van wedstryde gedurende toere. Ten tye van hierdie voorvalle was HART se voorsitter, Trevor Richards, besig om die VVO se Spesiale Komitee oor Apartheid in New York toe te spreek. HART het sy reaksie by monde van sy waarnemende voorsitter Michael Laws bekend gemaak. Terry McLean skryf op 12 April 1972 so:

"The acting chairman of HART, Mr. Michael Laws, said HART was totally opposed to explosives, as suggested by other groups, against rugby union buildings" (Vgl. Le Roux-versameling, No. 2).

"DON'T LOOK ROUND, BUT
I THINK WE MUST BE
WINNING."

"YES, NICE TO BE CONFRONTED
WITH **HAPPY** SHOUTING & FACES
FOR A CHANCE, ISN'T IT?"



Die polisie het ook op hierdie gebeure gereageer. Die Sunday Times dra die polisie se waarskuwing soos volg oor:

"Meanwhile, New Zealand's police yesterday warned of 'strong action' against the apartheid protestors who have threatened to blow up buildings. The Auckland police assistant-commissioner, Mr. George Austin said: 'Unlawful possession of explosives carries heavy penalties. We will take strong action as soon as we find out who these people are'" (Sunday Times: 10 April 1972).

Die gebeure het ook reaksie uitgelok van 'n groep in Nieu-Seeland wat bekend gestaan het as die *Vriende van Suid-Afrika*. Die groep koppel ATAC se bedrywighede aan die koms van Peter Hain, 'n betogerleier wat in Londen gesetel is, na Nieu-Seeland. Peter Hain is 'n uitgewekene uit Suid-Afrika. As 'n leier-organiseerder teen apartheid spits hy hom voltyds toe op die totale isolasie van Suid-Afrikaanse sport. Hy staan gewoonlik aan die voerpunt van anti-bedrywighede in Brittanje. Hain is ook die voorsitter van die organisasie "*Britains Young Liberals*". Gabe David het onder andere soos volg uit Auckland na aanleiding van hierdie verwickelinge berig:

Intussen het die Vriende van Suid-Afrika-vereniging 'n beroep gedoen om 'n 'volskaalse' verset teen groepe wat van plan is om die toer te ontwrig. Die vereniging het besluit om die premier, mnr

John Marshall, te vra om 'n visum aan Peter Hain te weier

(Vgl. Le Roux-versameling, No. 2).

Nog reaksie op hierdie bedrywighede van ATAC het gekom van die Auckland-Rugbyunie. Die Sunday Times berig hieroor soos volg:

"The Auckland Rugby Union would hire special security guards to protect players and property and many of these would be beefy Polynesian islanders. We learned from reliable sources of these plans, and that white anti-apartheid demonstrators could find themselves fighting pitched battles with these islanders" (Sunday Times: 10 April 1972).

ATAC was een van die weinige anti-apartheidsorganisasies wie se aanvanklike doelstellings so gewelddadig van aard was.

3.3 CARE (*Citizens Association for Racial Equality*)

3.3.1 STIGTING

CARE, met Tom Newnham as die huidige president, is in 1964 in Nieu-Seeland gestig en het daarna ook uitgebrei na Australië waar Neville Curtis tans 'n leidende rol speel (Wainwright: 1972, p. 9).

3.3.2 DOELSTELLINGS

CARE, 'n nasionale organisasie, het die volgende doelstellings:

- * Om alle aspekte van rasseverhoudinge in Nieu-Seeland te ondersoek en om die openbare mening te help vorm in alle rassegelykheid;
- * Om alle vorme van rassebevooroordeelning in Nieu-Seeland en in die buiteland teen te staan;
- * Om die "*Internasional Defence and Aid Fund for Southern Africa*" te steun;
- * Om die Nieu-Seelandse regering te oorreed om 'n sterker standpunt teen apartheid by die VVO in te neem (Wainwright: 1972, p. 9).

3.3.3 AKTIWITEITE

CARE doen alles in sy vermoë om sportbande met Suid-Afrika verbreek te kry (Thompson: 1975, p. 54).

Gedurende Augustus 1968 het CARE 'n reeks protes-vergaderings laat plaasvind, hoofsaaklik rondom die kwessie van die beoogde

rugbytoer van die All Blacks in 1970 deur Suid-Afrika. Pam-
flette is versprei, petisies is gesirkuleer en heelwat
sprekers het die protesvergaderings toegespreek.

CARE se besware teen die 1970-toer word soos volg in een van
hul vlugskrifte uiteengesit:

*"We oppose the proposed All Black tour of Southern Africa,
Rhodesia and Namibia (South West Africa) this year because we
believe it is wrong for us to: join in the exclusion of non-
white South African rugby players from the tour because of
their colour;*

*"pretend that the white Springbok rugby team is a representative,
national and test side when it only represents the white minority;*

*"play in sports grounds and stadiums from which non-white South-
Africans are excluded or in which they are segregated in 'the zoo';*

*"play matches in Rhodesia and Namibia when as a country we do not
recognise the official existence of the first or South African's
authority in the second;*

*"accept an invitation to a country where Maori players are offered
temporary white status and are received in an interstate and not a
personal relationship;*

"submit Maori New Zealanders to a debate by the South African Government about the number, skin colour and facial characteristics that would be acceptable in the Republic" (Ibid: pp. 54-55).

CARE se uitsluitlike doelstellinge is om Suid-Afrika op sportgebied te isoleer. Tom Newnham laat die apartheids-gedagte duidelik na vore kom in 'n artikel:

"CARE could not protest against the appearance of all-white South African teams in New Zealand if they had assurance these teams had been chosen on merit from multi-racial teams (Vgl. Le Roux-versameling, No. 1).

Reeds in 1971 het Tom Newnham verklaar, dat sy organisasie blanke Suid-Afrikaanse spanne in Nieu-Seeland sal verwelkom mits nie-Blankes 'n "fair chance" gegee word en mits alle spanne op meriete gekies sou word.

Hy het in The Dominion geskryf dat hy wil kyk of die Suid-Afrikaanse regering en die sportadministrateurs enigsins sal help deur toe te laat dat nie-Blankes deelneem aan die proewe vir die kies van die Springbokspan wat in 1973 deur Nieu-Seeland moet toer.

Hy stel dit so:

"It will be enough that non-whites are given a fair trial" (Ibid).

CARE het uit Wellington, Nieu-Seeland, aan die President van die Suid-Afrikaanse Rugbyraad, dr Danie Craven, geskryf dat hulle nie hulle teenkanting teen die toer sal laat vaar nie, mits aan vyf vereistes voldoen word.

Die vereistes was:

- Prosedures vir proewe en die kies van die Springbokke moet deur al die Suid-Afrikaanse rugbyorganisasies goedgekeur word;
- Elke organisasie moet 'n keurder aanwys sodat die keurkomi-
tee gemeng en ten volle verteenwoordigend is;
- Waar moontlik vir die huidige beplande toer - en beslis vir enige toekomstige toer - moet Swart- en Kleurling-
spelers 'n geleentheid gebied word om op klub- en provin-
siale vlak in gemengde spanne te speel;
- Die spanne vir die finale proewe moet ten volle geïntegreer en nie verdeel in afsonderlike saamgestelde multinasionale spanne wees nie; en
- Alle lede van gemengde spanne moet toegelaat word om met mekaar te assosieer tydens oefeninge, spanpraatjies en

sosiale funksies voor en na wedstryde.

Die brief het verder gelui dat CARE heeltemal teen die toer gekant sal bly totdat volle gemengde proewe gehou is. Verder sê hulle dat hulle nie apartheid in sport aanvaar nie, hoe dit ook al vermom is.

CARE wys dr Craven daarop dat hy, dr Craven, van tyd tot tyd, en veral in die laaste paar weke, berig het dat hy ten gunste is van spelers se insluiting op meriete in Springbokspanne nã gemengde proewe.

CARE sê verder dat sy vereniging hierdie standpunt verwelkom, maar sal sy teenkating nie onttrek, alvorens dr Craven presies aangedui het hoe so 'n prosedure uitgevoer sal word en 'n program van gemengde proewe aangekondig en die goedkeuring van ander Suid-Afrikaanse rugby-organisasies in Suid-Afrika verkry is nie (Vgl. Le Roux-versameling, No.3).

Suid-Afrika se antwoord, by monde van dr Craven in 'n brief wat hy aan CARE gestuur het, was:

"Hoe Suid-Afrika te werk gaan om 'n span op verdienste te kies, is sy eie verantwoordelikheid. Dr Craven het gesê dat hy nes CARE, graag wil hê dat 'n rugbyspan wat volgens verdienste gekies is, deur Nieu-Seeland moet toer. Dat CARE egter 'die metodes wat ons moet

aanwend in besonderhede uitwerk,' is bespotting van alles wat h land se eie verantwoordelikheid en reg is. Hy is verras en teleurgestel deur CARE se brief. Indien CARE verder wil gaan as om te stry vir die beginsel van hoe 'n Springbokspan gekies moet word, kan dit net sowel aan die Suid-Afrikaners sê hoe hulle na wedstryde moet reis en hoe hulle die storte moet gebruik"

(Vgl. Le Roux-versameling, No. 3).

Op 9 Maart 1972 kondig CARE sy plan van aksie aan wat gevolg sou word as die Springboktoer van 1973 sou voortgaan. Hulle het die plan "PRISM" - "PASSIVE BUT RESOLUTE INVASION OF SPRINGBOK MATCHES" genoem. Ondersteuners van hierdie organisasie sou gevra word om tydens die wedstryde op die velde te gaan. Hulle sal nie graag gearresteer wil word nie, maar hulle sal ook nie arrestasie teenstaan nie. Hulle sal ook geen speler, polisieman of toeskouer beseer nie. Die ondersteuners van CARE sal soos gewone toeskouers kaartjies koop om die stadion binne te gaan.

Lapchick omskryf PRISM soos volg:

"This was an exercise in 'mass communication' between who believe Apartheid is a crime against humanity and the New Zealand Rugby Union which refused all approaches to discuss the question"

(Lapchick: 1975, p. 149).

Die 1973-toerkwessie het begin toe Sports Post 'n meningsopname onder die Nieu-Seelandse publiek gemaak het. Die meerderheid het hulle ten gunste van sportkontak met Suid-Afrika uitgespreek. Die anti-apartheidsorganisasies was nie gelukkig oor die uitspraak nie.

Die Sports Post se opskrif oor die meningsopname het so gelui:

"Bok tour vote, Our readers 3-to-1 for the tour."

Die meningsopname het die volgende vrae aan die publiek gestel:

**"Do you favour the Springbok tour under the present selection policy?"*

**"Do you favour the disruption of the tour in protest against this policy?"*

**"Do you agree with the South African policy of apartheid?"*

(Sports Post: 27 May 1972).

Tom Newnham van CARE het voorgestel dat nog 'n meningspeiling gehou moet word en dat die volgende vrae gevra moet word:

**"Are you in favour of a Springbok rugby team selected from whites only being invited to New Zealand in 1973?"*

* "Are you in favour of a Springbok rugby team fairly selected and fully representative of all South African rugby players being invited to New Zealand in 1973?

* "Do you condone apartheid on the sporting field or anywhere else?" (New Zealand Herald: 3 June 1972).

Die vrae wat hy (Newnham) in die New Zealand Herald laat publiseer het, toets alles behalwe die vraag of die Springbokke in Nieu-Seeland moet kom toer of nie. Die groot vraag wat die mense hier moes beantwoord, was of hulle apartheid steun of nie.

CARE as 'n anti-apartheidsorganisasie het nie veel bygedra tot die betogings teen die 1981-Springboktoer deur Nieu-Seeland nie aangesien hulle met HART (*Halt All Racist Tours*) in September 1980, saamgesmelt het.

3.4 HART (*Halt All Racist Tours*)

3.4.1 STIGTING

HART is in Junie 1969 in Nieu-Seeland gestig as 'n "aksiegroep" om pogings van organisasies en individue te koördineer in hulle optrede teen die All Black-rugbytoer van 1970 na Suid-Afrika. HART is in dieselfde jaar ook in Australië gestig

HART is gestig na 'n besluit van die *New Zealand University Students Association*" om te protesteer teen Nieu-Seeland se sportbande met rassistiese regerings.

3.4.2 SAMESTELLING EN BESTUUR

HART bestaan uit 'n Nasionale Raad wat saamgestel is uit 'n nasionale voorsitter en streekbeampes wat die verskillende takkantore beman. Streekbeampes word deur die Nasionale Raad aangestel. Die Nasionale Raad vergader minstens een keer elke ses maande. Dit stel ook 'n tesourier aan wat die finansiële aspekte van HART behartig. Die Nasionale voorsitter koördineer die aktiwiteite van die streekbeampes.

HART, met Trevor Richards as nasionale voorsitter en Tom Newnham (laasgenoemde is ook voorsitter van CARE) as voorsitter, se hoofkantoor is Christchurch, Nieu-Seeland en daar bestaan takkantore in Auckland, Waikato, Palmerston North, Wellington en Dublin.

3.4.3 DOELSTELLINGS

HART se doelstellings word soos volg omskryf:

"To appose racialism in general, and in particular to fight apartheid by apposing sporting contact with South Africa until such times as South Africa is represented by teams which are selected from sports bodies which are both in practise and constitution non-racial" (Wainwright: 1972, p. 11).

3.4.4 AKTIWITEITE

HART het in die verlede landwye petisies georganiseer, afvaardigings na regerings geleë, betogings en seminare georganiseer.

Gedurende 1976 het HART kabelgramme aan heelwat Oos-Europese, Oosterse, Skandinawiese en Latyns-Amerikaanse lande gestuur waarin hulle aangespoor word om net soos Rusland en Tsjeggo-Slowakye te weier om teen Suid-Afrika in die Federasie-tennis-bekerkompetisie te speel (Die Vaderland: 1 September 1976, p. 26).

3.4.5 HART SE BEDRYWIGHEDE OM SPORTKONTAK MET SUID-AFRIKA TEEN TE STAAN

Voor die toer van die All Black-rugbyspan in 1970 na Suid-Afrika is daar 'n fonds gestig om lede van die organisasie (HART) se boetes te betaal, wat as gevolg van betogings, opgelê sou word. Terry McLean stel dit so:

"In Auckland last week, sympathisers were being dinged, at \$2,50 a head, for a fund intended for advertising and anti-tour cause. It is widely rumoured that arrangements have been made to pay the fines of people convicted of anti-tour activities" (Vgl. Le Roux-versameling, No. 1).

Mnr. Trevor Richards, toe as jong student van 22 jaar, het gesê, betogings sal selfs by die All Black-proewe voorkom. Hy het verder bygevoeg:

"HART has pledged itself not under any circumstances to provoke or encourage violence. It may be, however, that he and his supporters have caught a tiger by the tail. So there may be protest - and violence" (Ibid).

Teen die einde van 1971 verklaar HART deur Trevor Richards, in die New Zealand Herald, dat sedert HART oorgeskakel het na 'n meer aktiewe optrede, is sportliggame meer gretig om met HART te kommunikeer. Hy gaan voort in die New Zealand Herald en sê:

"I agree, that my organisation has violated the rights of various sports followers who wanted to see Springbok teams, but let us look at the other side of the picture. We are giving hope to a large group of people in South Africa who, in effect, have no rights" (New Zealand Herald, 13 November 1971).

hulle vermoë te doen om die vergadering te ontwrig. Terry
McLean sê ondermeer:

*"Police fear violent conflict at the New Zealand Rugby Union annual
meeting"* (Vgl. Le Roux-versameling, No. 2).

Hy, Richards, het verder gegaan deur te sê dat sy organisasie
in nuwe era betree, wat nie meer gemik is op dialoog nie, maar
wat gemik is op aksie. In 'n teenreaksie op hierdie verklaring
het die sogenaamde *Vriende van Suid-Afrika-Organisasie* dit duidelik
gestel:

*"We certainly have no intention of sitting quietly by and permit-
ting the laws of New Zealand to be flouted by groups of irrespon-
sible adolescents and those activists who exploit their immaturity"*
(Ibid).

Op 24 Maart 1972 berig Sapa-Reuter uit New York, dat Trevor
Richards gesê het dat indien die beoogde 1973-Springboktoer
plaasvind, sal sy ondersteuners sorg dat dit van die begin tot
die einde 'n klug sal wees. Hiermee bedoel hy dat dit nie 'n
rugbytoer sal wees nie, aangesien hulle dit baie moeilik sal
maak om enigsins rugby te speel.

In die Star van 7 Februarie 1972 kondig HART aan dat hulle spesiale skole gaan stig om mense op te lei hoe om te betoog, sodat hulle die 1973-Springboktoer na Nieu-Seeland kan ontwrig. Die Star berig dienaangaande:

"The national council of HART said the schools would be 'supervised by persons skilled and experienced in the disruption of racist sport', a hint that anti-apartheid demonstrator Peter Hain would be brought in from England" (Star: 7 February 1972).

Die Star berig ook dat dr. Craven hierop as volg geantwoord het:

"There are certain things one has to live with. There are certain menaces and evils and this is one of them (I am) looking forward to the 1973 tour and it will take more than those schools to stop it" (Ibid).

Op 27 Januarie 1972 verklaar Trevor Richards in Wellington dat sy organisasie 'n nasionale byeenkoms gaan hou om 'n plan van aksie en optrede te bespreek teen die beoogde Springbokrugbytoer in 1973 na Nieu-Seeland.

Dag later sê hy aan Terry McLean, een van Nieu-Seelandse top sportskrywers, dat indien sy groep nie op die beoogde vergadering van die Nieu-Seelandse Rugbyunie in April 1972 spreekbeurte kry nie, hulle verplig sal wees om alles in

Op die perskonferensie in New York wat deur die voorsitter van die VVO se Komitee insake Apartheid, Somalië se ambassadeur Abdulrakim Abby Farrah, vir die anti-apartheids-organisasies gereël was, het Richards gesê:

(Ek) is vol vertroue dat die toer gekanselleer sal word. Maar indien nie, sal teenstanders van sportkontakte met Suid-Afrika, alle maatreëls, buiten geweld, tref om te verseker dat die toer plaasvind in niks minder as 'n atmosfeer van beleg nie' (Vgl. Le Roux-versameling, No. 2).

In New York het Richards die VVO se Spesiale Komitee oor Apartheid toegespreek en gesê:

Die Nieu-Seelandse Regering 'steun die land se betrokkenheid by apartheid-sport in die praktyk'. Suid-Afrika beskou Nieu-Seeland as een van sy vernaamste bondgenote. Die algemene vergadering moet ook gevra word om die Nieu-Seelandse 'medepligtigheid aan apartheid-sport' te ondersoek.

Hy gaan voort en stel voor dat,

alle lidlande gevra moet word om alle sportkontakte met sy land te weerhou, totdat Nieu-Seeland sy aandeel aan 'rassistiese Suid-Afrikaanse Sportliggame' beëindig word (Ibid).

Richards het verder gegaan en Nieu-Seeland nog dieper by die aspek betrek. Hy beweer voorts:

As die toer plaasvind sal Nieu-Seeland se volk in twee verdeel word, die Statebondspele wat in 1974 in Christchurch gehou sal word, kan verongeluk word, en Nieu-Seeland sal die teiken vir groeiende internasionale vyandigheid word (Ibid).

Op 7 April 1972 het Richards weer 'n waarskuwing aan die Nieu-Seelandse Regering, die Rugbyunie en die Springbokke gerig. Hy het die verklaring vanuit Londen, waar hy samesprekings met Peter Hain gevoer het, gemaak. Volgens Richards sou die regering wat die toer openlik gesteun het, binnekort tot 'n besef gebring word dat daar belangriker dinge as rugby is. Hieronder is Nieu-Seelandse internasionale aansien, maatskaplike welsyn en die Statebondspele wat in 1974 in Christchurch gehou sal word (Die Volksblad: 7 April 1972).

Hy het verder gegaan deur te sê dat indien die regering nie sy houding verander nie, sal Nieu-Seeland in twee verdeel word, erger as gedurende die depressie in die dertigerjare. Die regering sal moet besluit of dit 'n rugbytoer regverdig, want deur die samesprekings wat hy met ander organisasies deur die wêreld gehad het, het hy tot die verstommende gevolg gekom dat HART en ander anti-apartheidsorganisasies geweldige

steun geniet. Al hierdie groepe is verbaas en ontsteld oor die Nieu-Seelandse regering se amptelike beleid en hulle sal druk uitoefen om hierdie beleid te verander.

Hier is dit belangrik om te let op die verbintenis tussen Trevor Richards, Peter Hain en NUSAS (*National Union of South African Students*). Die Volksblad van 9 April 1972 stel dit so:

"NUSAS skakel met die beweging (HART) in Nieu-Seeland wat met 'n massiewe veldtog besig is om aanstaande jaar se Springbok-rugby-toer na die land in die wiele te ry" (Die Volksblad: 9 April 1972).

Op 'n vraag wat hy, Richards, presies van die Suid-Afrikaanse regering verwag, was sy woorde:

"'n Veelrassige span gekies deur 'n veelrassige sportliggaam. Drie of vier nie-blankes sal geen verskil maak nie" (Die Volksblad: 7 April 1972).

Vanuit Londen het Richards 'n plan bekend gemaak waardeur hulle sou poog om die verblyf van die span so ongerieflik moontlik te maak. Hulle beoog om moeilikheid by die Springbokke se hotels te maak, om vervoerprobleme te skep en om sosiale geleentheid te ontwig. Hy weet ook dat daar te min polisie-manne in Nieu-Seeland is om hulle te beheer. Deur hulle, HART, se aktiwiteite oor 'n wye veld te versprei, sal dit die

taak van die polisie aansienlik bemoeilik (Ibid).

Hoe belangrik die probleem van die 1973-toer geword het, blyk uit die verklaring van mnr Marshall, Nieu-Seelandse Premier, in April 1972:

(Ek) het 'n vergadering vir teenstanders en ondersteuners van die toer op 3 Mei 1972 in my kantoor belê, in 'n poging om 'n paar misverstande uit die weg te ruim (Vgl. Le Roux-versameling, No. 2).

Mnr Marshall het voortgegaan en meer uitgebrei op die oogmerk met die vergadering as ook die genooies na die vergadering:

Vryelike bespreking is die beste manier om die polemie te laat afkoel. Dit is my onmiddellike oogmerk. Die teenstanders van die toer wat die vergadering sal bywoon sluit verteenwoordigers van Halt All Racist Tours (HART), die Citizens association for Racial Equality (CARE), die Nieu-Seelandse raad van kerke en die raad van rassebetrekkings in. Die ander party by die konferensie is die Nieu-Seelandse Rugbyunie, wat die Springbokke genooi het, en die Vriende van Suid-Afrika Organisasie (Ibid).

Alhoewel die konferensie as rustig beskou was, het die betoger-

afgevaardigers dit baie duidelik gestel, dat hulle nog net so sterk teen die toer gekant was en dat hulle met hulle aktiwiteite sal voortgaan.

Die geweldige druk wat die anti-apartheidsorganisasies op die Nieu-Seelandse regering uitgeoefen het, moes op een of ander manier tot uitbarsting gekom het. Mnr Marshall moes vinnig uitkoms soek. Hierdie uitkoms het hy toe gesoek in die lig van 'n berig wat deur Terry McLean geskryf is en wat in Suid-Afrika so deur Die Volksblad van 5 Mei 1972 aangehaal is:

'n Suid-Afrikaanse rugbyspan wat op verdienste gekies is, is miskien die aanneemlike oplossing vir die geskil oor die Springboktoer aanstaande jaar, het die eerste minister van Nieu-Seeland, Mnr John Marshall gesê (Die Volksblad: 5 Mei 1972).

Suid-Afrika se vyande het gewag vir hierdie optrede deur die Nieu-Seelandse regering, want nou sou die Suid-Afrikaanse regering standpunt moes inneem. Die "uitkoms" van mnr Marshall het 'n keerpunt in die toerkwessie teweeggebring.

In Suid-Afrika het koerante bespiegel dat "hoë hiërargie politici" daaraan dink om ernstig aandag te gee aan die kwessie van gemengde proewe.

Op 3 September 1972 berig Die Transvaler dat die nuwe Minister

van Sport en Ontspanning, dr Piet Koornhof, so gereageer
het op mnr Marshall se voorstel:

"Kleurlinge sal beslis nie in aanmerking kom nie; hy kan dit nie begryp dat mense oor gemengde proewe praat nie, die Springbokspan is tradisioneel blank, dit dien geen nuttige doel nie, mense wat toegewings wil doen, leef in 'n gekkeparadys" (Die Transvaler: 3 September 1972).

Dit het dr Koornhof gesê nadat hy vroeër dieselfde week op 29 Augustus 1972 verklaar het dat gemengde proewe beslis nie gaan plaasvind nie.

Die anti-apartheidsorganisasies het gejuig oor hierdie verklaring. Die aankondiging van dr Koornhof het verskeie reaksies tot gevolg gehad, soos onder andere:

"Anti-apartheidsgroepe in Nieu-Seeland wat gekant is teen die Springbokrugbytoer van 1973 is verheug oor berigte uit Suid-Afrika dat gemengde proewe vir die kies van dié span nie toegelaat sal word nie" (Die Volksblad: 31 Augustus 1972).

CARE se reaksie was dat wanneer sporttoere gewoonlik gekanselleer word, was daar "n verslapping" aan die kant van die blanke sport-administrateurs gewees. Dit is presies wat nou weer hier gebeur (Ibid).

HART het gemeen dat as hulle die toer tot 1975 uitstel, dit sy organisasie 'n addisionele twee jaar sou gee om die sake goed te organiseer.

Die Nieu-Seelandse eerste minister, mnr John Marshall, het die aankondiging gesien as binnelandse administrasie vir Suid-Afrika en is as sodanig 'n saak vir hul regering nie ons, Nieu-Seeland, s'n nie.

Mnr Barry Delamore van die organisasie, *Vriende van Suid-Afrika*, het gesê dat selfs 'n Suid-Afrikaanse span wat net uit nie-Blankes bestaan, die betogers nie tevrede sal stel nie. Betogers wil alle sportbande met Suid-Afrika beëindig. Hy het voorts gemeen dat Suid-Afrika nie sy lewenswyse moet verander om 'n klein minderheid in Nieu-Seeland en die res van die wêreld tevrede te stel nie. In Suid-Afrika is daar minder rassisme as in Nieu-Seeland (Vgl. Le Roux-versameling, No. 2).

Dr Craven het op sy beurt 'n laaste uitdaging tot die anti-apartheidsorganisasies gerig wat soos volg gelees het:

"Challenge to demos: Guarantee protest-free New Zealand tour if Springbok Rugby side is chosen on merit" (Sunday Times: 10 September 1972).

Dr Craven was telefonies verbind met die beeldradio. Die leier van HART het dit duidelik gestel dat as gemengde proewe gehou word vir die kies van die Springbokspan wat in 1973 in Nieu-Seeland gaan toer, hulle nie sal probeer om die toer te ontwrig nie. Hy het verder gesê dat proewe sal moet voldoen aan 'n reeks vereistes waaronder reg en reg-verdigheid hoog aangeskrewe is (Die Volksblad: 13 September 1972).

Dr Craven se antwoord aan hulle was dat as die regering sê nee, dan is dit nee, maar hy sal beslis weer na die regering gaan met 'n versoek om gemengde proewe te hou. 'n Verdere antwoord wat hy gegee het, was dat 'n merietespan gekies kan word sonder dat gemengde proewe gehou hoef te word. Die Britse Leeuspan word so saamgestel (Ibid).

Die verdere gebeure is geskiedenis. Mnr John Marshall het die algemene verkiesing vernederend verloor en mnr Norman Kirk van die Arbeidersparty het Eerste Minister geword. Aanvanklik het mnr Kirk hom uit die rugbytwis gehou, maar het later die toer afgelas.

Die afstelling van die 1973-toer en die suksesse wat die militante groepe behaal het, het nou die weg voorberei vir die 1981-Springbokrugbytoer deur Nieu-Seeland.

Die heel eerste paragraaf van The Dominion, van 4 Julie 1981, som dié anti-Apartheidsorganisasie se doelwit baie goed ten opsigte van die ontwrigting van die Springboktoer deur Nieu-Seeland op.

"Like juggling with gelignite HART proposes a campaign of civil disobedience, taking its protest to 'The edge of the law'."

Hierop antwoord HART soos volg:

"HART counters that it plans to act within the law - peaceful protest has been the organisation's catch-cry."

Die koerant sê dat dit wel HART se bedoeling kan wees om nie met geweld te betoog nie, en dat hulle nie die konfrontasie gaan begin nie. Dit was reeds duidelik dat die pro-toergesindes nie baie geduld met die betogergroepe sou hê nie, want slegs 'n paar betogers skep die klimaat vir konfrontasie.

Al hierdie verklarings het nie gehelp dat "oorlog" nie verklaar is nie. 'n HART-segsman het gesê dat die organisasie se lede opgelei is om nie geweld met geweld te vergeld nie, maar voeg die volgende by:

"But we are not going to be pummeled into the ground."

Die polisie het hulle ook in die moeilike situasie bevind. As 'n vredesmag het hulle die taak om wet en orde te handhaaf. Hulle is egter in hul opdrag as pro-toer beskou en derhalwe

geïgnoreer. Geen vertrouensverhouding het tussen hulle en die betogers bestaan nie. The Dominion som dan hierdie situasie onder andere soos volg op:

"That is not surprising. Rightly or wrongly HART distrusts the role the police force is playing."

Die leier van die opposisie, mnr Rowling, het 'n oproep tot die betogers gerig om met die polisie te gesels, want dit sou die enigste oplossing vir die probleem kon wees. Mnr Rowling stel dit so:

"If those opposing the tour want their protest to be treated seriously they must heed the call. They must lower their aim; those who feel moved to protest action must be instructed to keep their activities well within the law, rather than press them to the brink of disaster, and inevitably beyond" (The Dominion: 4 July 1981).

Oor die algemeen gesien het die betogergroepe wye en simpatieke dekking in al die media-vorme ontvang. Ironies dan ook van die samelewingsopset waarin die Westerse mens hom vandag bevind - die geweldadige, die afskuwelike, die afstootlike, dit is nuus; die vreedsame, die sindelike, die vrome, dit bly ongesiens. So was dit ook in Nieu-Seeland.

4. BETOGER-AKTIWITEITE TYDENS DIE 1981-TOER

Die betoger-aktiwiteite tydens die 1981-toer het in hoofsaak gesentreer rondom HART en CARE.

Na die afstelling van die wedstryd tussen die Springbokke en Waikato op Hamilton kon, na die oordeel van Cameron, die betogers hul geloofwaardigheid verhoog het indien hul toe sou kon "sê":

"We have achieved our aim, we have shown our protest by stopping a match. We have shown our strength and our courage. From now on we will march in thousands in every city, at every match. We may have broken the law at Hamilton, but now we do not need to do that again. We represent thousands, hundreds of thousands, of New Zealanders of all walks of life who see this tour as an expression of apartheid. Our feet will be their voice" (Cameron: 1981, p. 32).

Maar, gaan hy voort:

"What most people failed to understand however was the whole event was largely promoted and organised by the media. The public responded to the first announcement of the march, in the absence of any other information, by ringing up press, radio en TV centres, and an organisation principally based on the "Auckland Star" grew like a mushroom with the level of enquiries. In short the media took over and run the event, though the obvious sincerity and special charisma of the charming young Tania Harris remained its inspiration" (Mackenzie: 1982, pp. 2-3).

Hierdie oënskynlike vreedsame betoging, geïnisieer deur 'n enkele persoon, het uiteindelik die klimaat geskep vir die media-aanslag teen die 1981-toer. Hulle, die media, sou hulle "totale aanslag", saam met die anti-apartheidsorganisasies baseer op die inisiatief van Tania Harris.

In die woorde van Norman Mackenzie word die doelstellinge van die media baie raak weerspieël:

"Perhaps at this point, the media which of nothing else, had always been prepared to give the anti-tour movement maximum coverage and exposure, decided that an anti-tour campaign would achieve a similar or even more spectacular result. In any case, from a point in time that will possibly never be closely defined, the media embarked on a campaign to stop the Springbok Tour. A mounting crescendo of anti-tour and anti-white South African propaganda was staged in the press, radio en TV. Pro-South Africa

material was suppressed, though periodically an item would slip through."

Mackenzie gaan voort en skryf:

"..... and apart from a few provincial papers, the editorials and lead articles thundered against the tour on almost a daily basis" (Ibid: pp. 8-9).

Asof die koerantwese nie genoeg skade aangerig het nie, het die radiowese ook nog vir vet in die vuur gesorg. TV-netwerke het ook nie agtergebly in die wedloop om die meeste publisiteit te verkry nie. Ewe eens haal Mackenzie op:

"Radio was not far behind and one day in April, anti-Tour items appears at none less than 5 minute intervals between seven and eight on the morning national report program. Television was the worst offender of course and ran a series of programmes, initially discrediting South Africa, and then the Tour itself as the Springbok arrival date drew nearer. Television extracted every ounce of drama out of the situation and its 'Eye Witness' team, headed by Ian Fraser and Karen Sims seemed quite obsessed with stopping the Tour. Television effectively became a part of the anti-South Africa movement, and during the Tour news teams were always given advance information as to where riot and confrontation situations would be created, so that the events that took place could be featured on nationwide television a few hours later"

Hy gaan voort:

"Televisions commitment to their cause (die betogers) was of course so strong that they refused to co-operate with the police in supplying film and information on the riots that were staged outside Eden Park during the third test. In addition the Christchurch staff of Television New Zealand was adamant that it was not going to televise the first test and only changed its stand when the Government threatened to hand channel two over to private enterprise!" (Ibid: p. 4).

Die Minister van Uitsaaiwese in Nieu-Seeland, mnr. Cooper, het ook vanuit die toer die stand van die media aangeval. Hy het veral die radio en TV, daarvan beskuldig dat hulle nie 'n werklike weergawe van die toer weerspieël het nie. Die media wys net al die belangrike dinge wat die betogers raak. Die werklike nuus, die oor die Springboktoer, laat hulle agterweë.

Die media het hierteenoor sterk gereageer en wel deur 'n artikel in die Wanganui Chronicle van 4 Augustus 1981.

Die artikel beskuldig mnr Cooper daarvan dat hy geneig is om te praat voordat hy dink. Die artikel wys voorts daarop dat dit "too bad" is, indien die media meer inligting oor die anti-toerbedrywighede ontvang as oor die Springboktoer as sulks. Daarom plaas, beeldsend en saai die media meer gesprekke uit oor die anti-toerbedrywighede as oor die toer. By die media gaan dit nie om nuus wat net 'n sekere gehoor wil sien of hoor nie, maar wat die meerderheid van

die lesers en kykers wil hê. Soos die artikel dit stel:

"In the final analysis, it is only what people will listen to, watch or read" (Wanganui Chronicle: 4 August 1981).

Die Wanganui Chronicle wys verder op 'n paar faktore wat mnr. Cooper maar in gedagte kan hou:

- * Nieu-Seeland maak deel uit van die Gleneagles-ooreenkoms en die ooreenkoms wil nie sport tussen Suid-Afrika en Nieu-Seeland hê nie;
- * Die regering se amptelike beleid is om apartheid teë te staan en om die Gleneagles ooreenkoms te steun;
- * Die artikel vra die volgende vraag aan mnr. Cooper na aanleiding van die bogenoemde faktore:

"Where were the media wrong in supporting both moral right and Government policy?"

- * Wye dekking aan die Springboktoer word deur verskeie media-middele gegee, alhoewel die Nieu-Seelandse Rugbyunie en die Springbokondersteuners in die minderheid is, aldus die koerant.

Na die tweede toets tussen die Springbokke en die All Blacks het Bob Howitt die volgende berig in sy rubriek in die Rugby

News gepubliseer.

Hy begin deur te sê dat die Springbokke die anti-toerfaksies lelik op hulle neuse laat kyk het, want in plaas daarvan dat die Bokke op die ashoop gaan sit het, kom hulle en klop die All Blacks 24-12 om sodoende nie net hulle meesterskap op die veld te bewys nie, maar ook hulle deursettingvermoë op geestelike gebied, deurdat hulle hulle nie deur die betogers laat onderkry het nie.

Howitt maak die volgende stelling ten opsigte van die betogers:

"Just what the protestors have hope to achieve by their endless chanting, whistle-blowing and appearances at airport, hotel and Rugby functions is hard to say, although it's obvious publicity counts high on their list of priorities and no protest is undertaken without the media being notified" (Rugby News: Datum onbekend).

Hy reken dat die betogers baie tevrede behoort te voel oor die dekking wat hulle in die media gekry het, veral van TV en die daaglikse koerantwese. Dwarsdeur Nieu-Seeland het die betogers net van die beste dekking gekry. 'n Voorbeeld van hierdie eensydige dekking is gelewer deur die Wellington Dominion. In vyf dae het die koerant drie groot voorblad-advertensies geplaas oor, "stop die toer", en die ander twee

groot advertensies oor 'n betogerbyeenkoms wat gereël is.

Howitt sê verder oor hierdie eensydige dekking:

"These ads were carried alongside a series of stories sympathetic to the anti-tour cause while on test morning the Dom carried a front page leader reaffirming its stand that the tour should not have taken place." (Ibid).

Van al die dagblaaie was dit volgens hom net die Truth en Rugby News wat die toer openlik gesteun het. Die anti-toer brigade het daarin geslaag om die meerderheid mense te oortuig dat as hulle die toer sou steun, hulle ook apartheid steun en dus die Suid-Afrikaanse Regering se beleid van apartheid.

Oor hierdie aangeleentheid laat Howitt hom verder soos volg uit:

"What a load of nonsense. Do we presume every person presently attending one of the Australian Cricket team's matches in England condones Malcolm Fraser's treatment of the aborigines? And if I look in on the Russian ballet's next performance in New Zealand I guess that makes me sympathetic to Communism. I might have to seriously consider tossing out all my Tchaikovsky records. I've got all his symphonies, you know. It's a wonder the SIS hasn't tapped my phone over it." (Ibid).

Ofskoon die feit dat die media anti-toer georiënteerd was; hulle, hulle beïnvloedingsvermoë tot die maksimum aangewend en bedryf het sou dit waarskynlik 'n rake gevolgtrekking wees deur te beweer dat die karakter en selfs ideologiese standpunt vir die gemiddelde konserwatiewe Nieu-Seelander 'n skokkende openbaring was. Hiervan moet die aanval op die persmanne na die afstelling van die wedstryd teen Waikato, en 'n sterk vyandige gesindheid teenoor die pers se hantering van die toer deur leidende persoonlikhede in Nieu-Seeland beslis as voorbeeld dien. Ook Nieu-Seeland het deur 'n bewustelike toespitsing van die kant van die media onbewustelik die slagoffer geword van wat gangbaar tydens die toer na verwys is as "ugly news", maar meer nog die stand van die liberalistiese (nêé neo-liberalistiese) geestesstrominge in die gemeenskap tot die oppervlak gebring.

Terugskouend was dit duidelik dat die media, met geïsoleerde enkele uitsonderings, die Springbokke nie in Nieu-Seeland wou gehad het nie. Hierdie anti-houding het niks met sport as sulks te doen gehad nie, maar in die eerste plek wel die opsaal van die wenperd, die sensasionele - apartheid is mos altyd nuus omdat dit reëlreg indruis teen die moreel-etiese kodes van die teenswoordige wêreld. In die tweede plek het die Nieu-Seelandse media ook slagoffers geword van subjektiwiteit. 'n Nugtere eerlike en objektiewe beskouing van Suid-Afrikaanse sport mag nie deel gewees het van hul berigging nie.

'n Mens kan met reg die vraag vra of die wêreld nie heel anders daar sou uitgesien het as 'n objektiewe media-wêreld moontlik was nie. Seer sekerlik is dit nie moontlik nie, want die eenvoudige keuse - en 'n keuse en standpunt is dit wel - moet gemaak word : Vir of teen, en hierin het neutralisme of ongebondenheid geen plek nie.

Die finale waarheidswoord kom waarskynlik van Mackenzie as hy sê:

"In 1981 the media attempted to brainwash the country. It failed. The biggest casualty of the Tour? The media. The public of New Zealand will never trust it again" (Mackenzie: 1982, p. 34).

4. ANDER DRUKGROEPE BETROKKE BY DIE 1981-TOER

Ten einde 'n volledige perspektief te bekom op die omvang van die versetaksies teen die 1981-toer in die besonder en Suid-Afrika in die algemeen let ons vervolgens op die volgende instansies:

4.1 DIE KOMMISSIE VAN MENSEREGTE

Hierdie organisasie staan onder die leiding van die liberale denker Pat Downey. Hul standpunt oor die toer word in die eerste plek weerspieël vanuit die apartheids oogpunt:

"It is the unique nature of apartheid as a human rights violation that makes the possibility of a Springbok rugby tour an issue that completely transcends any simple question of sporting preferences.

"This is the issue that the Human Rights Commission was asked to consider" (News Features: besonderhede onvermeld).

Die Kommissie staan egter op die standpunt dat die toelating van die Springbokke tot Nieu-Seeland suiwer 'n regeeringsaangeleentheid was:

"The New Zealand Rugby Union is responsible for the administration of the game of rugby in New Zealand. It is not responsible for the making of political decisions. It is therefore not proper to make a decision which is the responsibility of the Government.

"It is not for a sports body like the Rugby Union to decide who shall be entitled to enter New Zealand. The union is doing nothing illegal in inviting an overseas team to play the sport of rugby in New Zealand.

"Whether or not a national sports team of a country committed to an official policy of legally enforced segregation should be admitted into New Zealand is a decision for the Government

and not for a sporting body to take" (Ibid).

Gesien vanuit die Gleneagles-ooreenkoms stel hul, hul standpunt in aansluiting tot die voorafgaande soos volg:

"The Gleneagles agreement is in the view of the commission, undoubtedly a policy statement of great significance. It is a clear acceptance by all parties, including New Zealand, of the political implications in the international arena of sporting contacts with South Africa. The Gleneagles agreement indicates the sense of outrage that all Commonwealth countries share at a deliberate, systematic and persistent policy of legally enforced racialism, and it acknowledges that sporting contacts between a Commonwealth country and South Africa appear to condone what the statement describes as the abhorrent policy of apartheid.

"The commission cannot accept, however that the Gleneagles agreement is a treaty; nor, even if it were, that the terms impose clear and binding obligations on the New Zealand Government to stop the tour. An analysis of the statement shows this"
(Ibid).

Die Kommissie gaan voort en bespreek dan elke paragraaf afsonderlik met die doel om te kan bepaal of die Nieu-

Seelandse regering die reg het om volgens die Gleneagles-ooreenkoms die Springbokke toegang tot Nieu-Seeland te weier.

Die Kommissie het verder bevind dat daar niks in die Gleneagles-ooreenkoms is, wat die regering verbied om die Springbokke visums te weier nie, veral nie as daar gelet word op die sterk bewoorde taal wat in die Gleneagles-ooreenkoms gebruik word nie.

Pat Downey en sy kommissie stel dit so:

"The statement uses extremely strong language about racial discrimination and apartheid in the context of concern about sporting competition such as 'a dangerous sickness', 'an unmitigated evil', 'an abomination', 'the abhorrent policy', and 'the detestable policy of apartheid'.

"This is the language to which New Zealand is committed, and if it is to have real meaning it calls for the strongest action that the Government can properly take. The Government of New Zealand has the right as well as the power not to allow entry to New Zealand of those people whose presence here, for whatever reason, is undesirable" (Ibid).

Uit die verslag is dit baie duidelik dat die Kommissie vir Menseregte die Gleneagles-ooreenkoms as van besondere belang geag het, selfs van groter belang as wat mnr Robert Muldoon, wat dit help opstel het, daaraan geheg het.

Mnr Muldoon het dan ook in 'n sterk bewoorde verklaring die Nieu-Seelandse regering se standpunt na aanleiding van die verslag van die Kommissie vir Menseregte, uitgespel. Hierdie verklaring het woordeliks soos volg gelees:


"The Prime Minister, Mr Muldoon made a statement justifying the Government's stance on the Springbok tour issue when he returned from his world trip.

"His statement, which followed the Human Rights Commission report, reads in full.

"The Government's policies on sports contacts with South Africa are clear and unequivocal. We regard the right of sports bodies to make the final decision on with whom they have contacts as a basic freedom which we will not withdraw.

"The policy is in line with the Gleneagles agreement of 1977. It was accepted by Commonwealth heads of government at the time. Many critics are now trying to misrepresent the policy and claim that somehow it does not adhere to the agreement.

TOP THE SPRINGBOKS!



FINAL COUNTDOWN RALLY

LIBERTY BAPTIST CHURCH 4849 S. KING DR.

FRIDAY SEPT. 18th, 1981 7:00 P.M.

MAKERS;

JOE GARDNER
OPERATION PUSH

BOBBY WRIGHT
ELD PARK MENTAL HEALTH CENTER

DENNIS BRUTUS
LISA BROCK
STOP THE APARTHEID RUGBY TOUR

ORNEY TOM TODD

LEWIS MYERS
CHARLES KNOX
KWAME KALIMARA
NATIONAL CONFERENCE OF BLACK LAWYERS

CARLTON EVERSLEY
H BAPTIST CHURCH

THOMAS
CONRAD WORRILL
K UNITED FRONT OF CHICAGO

REV. A. P. JACKSON
LIBERTY BAPTIST CHURCH

sponsored by the Black coalition against the rugby tour.

"I was one of five Commonwealth heads of government who drew up the agreement. It was altered, at my insistence, to allow each government to determine in accordance with its law how the commitments might be discharged.

POSITION

"New Zealand's position was understood before the agreement was drawn up. In a speech I gave in Hawera in April 1977, I made the Government's position perfectly clear. I stated:

"We will always defend the right of a New Zealand sporting body to say, notwithstanding the Government's view of apartheid and of racially-selected sports teams, that it will proceed with such an invitation to such a team to come to New Zealand."

"When the agreement was drawn up, I made it clear to other heads of government that the policy of not refusing visas or passports would continue. This was accepted and, as I have already stated, the agreement was changed to incorporate this policy.

"At the time, this attitude of the Government was accepted by other heads of government, as well as those associated with international sports.

"The Prime Minister of Australia, Mr Fraser, for example gave a television interview in July 1977.

DISCOURAGE

"In that interview, which was printed in the Auckland Star of July 5, he said the Gleneagles agreement did not prohibit a country from issuing visas to individual sportsmen from South Africa. He said the important word was 'discourage' and not 'prohibit' sporting relations with South Africa.

"In his interview he stated:

"'You know, many African and Caribbean countries were earlier tending to demand the word 'prohibit'. The communique or document ended up with the word 'discourage'. It was really around that, the agreement was reached.'

"From the interview, it is clear that Mr. Fraser understood both the agreement and the New Zealand point of view.

"Even Dr. Abraham Ordia, of the Supreme Council for Sport in Africa, accepted the position after the Gleneagles agreement was drawn up.

In an interview with a New Zealand journalist on the subject of five All Blacks going to South Africa, he said: 'I didn't agree with All Blacks who had gone to South Africa, but I accepted that they were going against the wishes of their Government. I accepted then - and I still do - that the New Zealand Government has done and is doing what it agreed to do.'

OBLIGATIONS

"Almost a year later, in June 1978, the secretary general to the Commonwealth, then Mr Shridith Ramphal, wrote to all Commonwealth heads of government and said: 'It is with satisfaction that I am able to report to you that all Commonwealth governments have adhered to their obligations under the (Gleneagles) agreement.'

"This was confirmed in a statement issued by the Commonwealth secretary general and published in New Zealand on July 28, 1978.

"From this it can be seen that the New Zealand Government's policy was accepted by Commonwealth government at the time the agreement was drawn up. Since then we have followed the agreement and the commitments we entered into. We have made clear our views to the rugby union and at the same time we have made clear our abhorrence of apartheid.

CONTACTS

"At the same time, however, other countries are continuing sports contacts with South Africa. I have yet to see the same condemnation of these occasions as the abuse that is being directed at New Zealand.

"I noted recently that a South African competed in the international

surfing competition in Australia during May. The surfer, Mr Shaun Tomson, came second.

While I was in Britain last week, South African crews were taking part in the international Fireball class world yachting championships. Two South African crews took part in the event and again I have failed to detect any criticism of their presence.

This only reinforces my view that New Zealand is being singled out for special treatment. Our policy was well known before the Gleneagles agreement was drawn up and has continued unchanged" (News Features: besonderhede onvermeld).

Nog twee baie belangrike aspekte wat deur die Kommissie uitgelig is, was die Verenigde Volke se Konvensie op Menseregte en die kwessie van visums.

Die Kommissie het bevind dat indien visums aan die Springbokke toegeken word, dit sou beteken dat Nieu-Seeland apartheid ondersteun, daarom kom die Kommissie tot die volgende gevolgtrekkings:

"In the opinion of the commission therefore it would be inconsistent with the obligations that New Zealand has undertaken in terms of Article 3 of the Convention on the Elimination of all Forms of Racial Discrimination for the Government to take the positive step

of granting entry permits to the members of a national rugby team from South Africa with its legally enforced policy of racial segregation and apartheid.

* "Article 2 of the Convention contains an express condemnation of racial discrimination and an undertaking to pursue a policy of eliminating racial discrimination in all its forms and promoting understanding among all races. Paragraph 1(b) contains an undertaking 'not to sponsor, defend or support racial discrimination by any persons or organisations'" (Ibid).

* Die kommissie stel voor dat die regering hom weerhou van enige vorm van hulp of die toegewing vir 'n Suid-Afrikaanse span om Nieu-Seeland binne te kom.

* Verder moet die Nieu-Seelandse regering hom in geen opsig met die toer assosieer nie. Dit het geïmpliseer dat selfs die lede van die All Blackspan deur hulle eie regering geïgnoreer sal word. Die sodanige spelers sou nie eens geregtig wees op onbetaalde verlof nie. Die toeskouers moes verbied word om verlof te neem om na die Springbokke se wedstryde te gaan kyk. Dus, 'n totale disassosiasie met die 1981-toer.

* Daar moet geen plaaslike sowel as internasionale erkenning aan die toer verleen word nie. Geen finansiële hulp mag

aan enige instansie gegee word wat die toer ondersteun nie. Die polisie mag onder geen omstandighede betrokke by die 1981-toer wees nie.

Die Kommissie se verslag bespreek die kwessie van visums ook in detail. Na aanleiding van verskeie faktore wat die verslag uitspel, kom die Kommissie tot die gevolgtrekking dat:

"There is no legal or constitutional principle that would be breached by a decision of the Government not to issue entry permits to the Springbok rugby team" (Ibid).

Die artikel som die Kommissie se opsommings en aanbevelings soos volg op:

"For the various reasons given in this report the commission has come to the conclusion that there is substantial merit in the view that as a matter of human rights the proposed Springbok rugby tour of New Zealand should not be allowed to proceed.

"It is accordingly the recommendation of the commission that the Government take all necessary steps and administration action to prevent the proposed Springbok rugby tour from taking place to give better protection to human rights and to ensure better compliance by New Zealand with the international standards on human rights" (Ibid).

4.2 DIE VERENIGDE VOLKE

Die Verenigde Volke het ook sy deel bygedra tot die versleggende sportbetrekkinge tussen Suid-Afrika en Nieu-Seeland. Die organisasie wat bestem is tot die harmonisering van betrekkinge kon Suid-Afrika vanuit hul selektiewe moralistiese etiek nog nooit uitlos nie.

Die volgende is 'n uittreksel uit HART se amptelike publikasie *Amandla*.

"The United Nations says:

"HART gratefully acknowledges the financial assistance received from the United Nations towards the cost of publishing 'Stop the '81 tour'.

"The United Nations has played an active role in the international campaign against Apartheid. It is not surprising therefore that it has expressed its deep concern at the New Zealand Rugby Football Union's decision to invite the Springboks to tour New Zealand.

"Speaking from New York on 4 December 1980, Ambassador Akporode Clarke, Chairman of the UN Special Committee against Apartheid stated:

"The decision of the NZRFU to invite the Springboks team, poses a new challenge to the Government and the people of New Zealand, to the Commonwealth and to the international community. I hope that the NZRFU will reverse its decision, taking into account the opposition of public opinion in New Zealand and the international repercussions of the tour. I am heartened to learn that the New Zealand Government intends to make a further plea to the NZRFU before its meeting on 5 December.

"On behalf of the Special Committee, I wish to draw the attention of NZRFU to the grave consequences of proceeding with the invitation to the Springbok team in violation of the Gleneagles Agreement, as well as numerous resolutions of the United Nations. The justifications advanced by NZRFU are baseless.

"The propoganda about so-called reforms in South Africa and changes in administration in sport are only a camouflage to cover the pursuit of grand apartheid and dispossess the overwhelming majority of the population through the criminal policy of bantustanization.

"On behalf of the Special Committee, I wish to commend all New Zealanders who have already demonstrated their opposition to the Springbok tour and to assure them of its co-operation in their further efforts to enable public opinion to appreciate the situation and prevent the tour.

"I am confident that the people of New Zealand, when fully informed of the facts, will stand firmly by their own tradition of equality in sport. I appeal to them, in this crucial period, to show their solidarity with the oppressed people of South Africa, with the non-racial sports bodies in South Africa which are upholding the Olympic principle in the face of persecution, and with the millions of children who are denied equal opportunity. Collaboration with racism in South Africa will not only comfort the incorrigible racist of South Africa but will tend to corrupt the moral values in the country which seeks collaboration'."

(Amandla: April-June, 1981, p. 8).

Mnr Clark het ook, namens die Spesiale Komitee vir Apartheid, gelukwensinge aan Graham Mourie en Bruce Robertson gestuur, nadat hulle aangekondig het dat hulle om politieke redes nie teen die Springbokke sal speel of na die wedstryde sal gaan kyk nie. Hierdie brief het as volg gelees:

"UN COMMEND RUGBY PLAYERS

"The Chairman of the Special Committee on Apartheid, H E Mr B. Akporode Clark, has written to Mr. Graham Mourie and Mr. Bruce Robertson, two All Blacks who have decided not to play the Springboks should they tour New Zealand later this year. The letter reads in part:

"On behalf of the United Nations Special Committee against Apartheid, I wish to commend you for your demonstration of attachment to the principle of fair play in sport and your solidarity with the oppressed people of South Africa.

"Many sportsmen have made sacrifices to demonstrate their abhorrence of apartheid and millions of sports fans have denounced exchanges with racist South African teams. The United Nations has commended these actions and called for the total isolation of apartheid sport.

"We regret that some bodies, notably rugby administrations, have failed to respond to our appeals and have continued links with apartheid sport. Many of them have collaborated with the South African racists by welcoming moves to deceive world opinion by apparent of the oppressed majority in South Africa and failed to recognise that there can be no compromise with racism" (Ibid: p. 16).

4.3 DIE TRADE UNION MOVEMENT

Buiten die anti-Apartheidsgroepe was die *Trade Union Movement* een van die magtigste betogergroepe. Die beweging was

magtig en invloedryk genoeg om selfs agt jaar lank 'n handelsboikot teen Chili vol te hou. Die groep was een van die eerste groepe wat met die teenkanting van die 1981-toer begin het. Die rol wat die Arbeidersfederasie hier gespeel het, moet nie gering geskat word nie.

In Desember 1980 verklaar mnr Jim Knox, president van die Arbeidersfederasie, op 'n perskonferensie dat die Springbokke vervoer en huisvestingprobleme gaan ondervind as die beoogde 1981-toer voortgaan. Hy het voortgegaan en gesê dat vakbonde vroeg in 1981 sal vergader om 'n moontlike staking van dienste aan die Suid-Afrikaners te bespreek (Vgl. Le Roux-versameling, no. 4).

Vakbonde in die vervoerwese sal eerste gevra word om hul dienste te onttrek, maar ander verskaffers van dienste, soos hotelwerkers sal ook genader word.

Nieu-Seelandse vakbonde sal ook nou saamwerk met hul kollegas in Australië wat protesstappe oorweeg as die Springbokke via Australië sou vlieg.

Hierdie verklaring van mnr Knox het nie net by praat gebly nie, want met ons vertrek na Nieu-Seeland in 1981 kon ons

nie via Australië vlieg nie. Ons was genoodsaak om via Amerika te vlieg. Die reisprogram was dan ook dienooreenkomstig verander.

Ten tye van ons verblyf in Nieu-Seeland is hierdie boikotdreigement ook uitgevoer. Wanneer die groep moes vlieg, is altyd dieselfde vliegtuig en vlieënier gebruik. Die kajuitbemanning was gewoonlik nie teenwoordig nie.

Hotelpersoneel was baie beperk. Slegs vrywilligers het in die hotelle gehelp, maar die verblyf was gewoonlik baie aangenaam, hoewel daar geen kamerbediening was nie. Die kamers is slegs aan die kant gemaak. By sekere hotelle het ons dit self gedoen. Waar ons nie in hotelle kon tuisgaan nie, het ons by privaat mense tuisgegaan.

Die grootskaalse ontwrigting van die toer is deur die *Trade Union Movement* tesame met die Arbeidersfederasie bewerkstellig.

4.4 DIE HOWE

Hoe vreemd dit ook al mag voorkom het die howe, regters, wette, dit wil sê die regspleging as sulks 'n groot rol gespeel in die anti-beweing teen die 1981-toer.

Mackenzie stel sy saak aangaande die howe soos volg:

"The biggest let down to the police must have been the performance of the courts as our judicial system seemed to lean over backwards to release or free offenders from any repayment to society. Incredible though it may seem, it would appear that protesters can shut down motorways, invade hotels, aircrafts and airports, destroy public services and shut down TV transmissions with little or no penalty" (Mackenzie: 1982, p. 20).

Daar is talle voorbeelde van die partydigheid van die howe teenoor anti-faksies, maar Mackenzie lig die volgende paar uit.

- * Vier mans is ses maande tronkstraf opgelê omdat hulle 'n sateliet-uitsending onderbreek het wat \$45 000 gekos het. Die mans het teen hulle vonnisse geappelleer en is toe slegs \$1 000 gevonniss;
- * Groepe betogers wat TV-uitsendings tydens toetse onderbreek het, kon dit doen sonder om gestraf te word;
- * *"The clergyman who perjured his way on to Eden Park at the start of the Auckland game was praised by the judge and sent from the Court a free man. In contrast the young lad who was so incensed by the referee during the New Zealand - Kuwait World Cup Soccer match -*

possibly the most outrageous display of adjudication ever seen at a major sports event in this country - was lambasted by die judge for leaping over the fence and running onto the field to express his disapproval at events. This unfortunate young man was not only given 3 months preventive detention, but was also placed on probation for 12 months"; (Ibid: p. 21).

* Oortredings op deurpaaie was van nul en gener waarde vir die regters. Die polisie kon nie bewys dat die deurpaaie slegs vir motors gemaak is nie en die betogers kon dus die deurpaaie beset net soos hulle wil.

* "Ironically one of the heaviest fines made in connection with the Tour was that imposed against Mr Ron Don, chairman of the Auckland Rugby Union, for manhandling a rogue television cameraman. Mr Don was given a short shift and no sympathy at all from the court"; (Ibid: p. 22).

* 'n Boer van Otorohanga, wat 'n betogers 'n vuishou toegedien het na die afgelaste Hamilton-wedstryd, is baie swaar beboet.

Daar was darem een of twee regters wat die werklikheid ingedagte gehou het, wanneer hulle die oortredings moes aanhoor. Mackenzie wys so daarop:

"Whilst no doubt judges found it hard to reconcile the situation of protest charges with the more sordid and wretched criminal cases that they normally deal with, the public were left with the impression that there were two laws, one for protestors and one for others.

"There were exceptions, Judge Anderson of Dunedin to name but one would allow no ribalry, and in comparison with some of his colleagues was almost severe with his sentences. And in the North Island at least one other judges was similarly realistic"

(Ibid: pp. 21-22).

Ek kan my herinner dat ons by verskeie geleenthede by privaat mense tuis gegaan het, waar hierdie onderwerp van die howe dan ter sprake gekom het. Almal was dit dan eens dat hulle nie weet wat met die howe aangaan nie, aangesien hulle nog altyd regverdig en onpartydig gehandel het.

4.5 DIE KERKE

Die kerk met al sy lidmate en aanhangers moet glad nie misgekyk word in die totale anti-Apartheidsituasie nie. Dit was juis van hierdie liggaam(e) wat die betogers hulle mees- te steun gekry het. Dit was ook die kerke wat aan die betogers kredietwaardigheid verleen het. Reeds vroeg in die hele dilemma het die kerke hulle sterkste teenstand teen die toer uitgespreek.

Op 13 September 1980 het die agt Roomse Katolieke biskoppe van Nieu-Seeland te velde getrek teen die beoogde 1981-toer en het hulle die toer beskou as "ondenkbaar en onregverdig".

Biskop R P Ashby van Christchurch het gesê dat hy sal probeer om rugby in die 46 skole wat onder sy jurisdikse is, te verbied indien die toer voortgaan. In 'n telegram wat hy aan die Nieu-Seelandse Rugbyunie gestuur het, pleit hy by hulle dat die Springbokke nie genooi moet word nie (Die Volksblad: 13 September 1980).

Op 29 Oktober 1980 berig Sapa-Reuter uit Wellington, Nieu-Seeland:

"New Zealand Church leaders yesterday presented Foreign Minister Brian Talboys with a 7 000 - name petition to halt next year's planned rugby tour by the Springboks.

"The Government has said it opposes the tour but has refused to call it off, saying it is a matter for the New Zealand Rugby Union, whose invitation South Africa has accepted.

"The Roman Catholic Bishop of Christchurch, the Right Reverend Brain Ashby, said later: 'We thought the Rugby Union would see the selfishness of its invitation. It appears we will have to struggle harder'.

"Another leader, The Reverend John Murray, said the main church bodies would be making a concentrated effort to work together on stopping the tour.

"We hope to keep the reputation of this country and show our disapproval and opposition to apartheid," he said" (Vgl.

Le Roux-versameling, No. 4).

Die kerk wat die grootste bydrae tot die reklame teen die toer verleen het, was die Anglikaanse Kerk. Die kerk was ongenaakbaar in sy houding jeens die toer en teen blank Suid-Afrika. By geleentheid het die leier van die belangrikste en mees prominente kerk in Auckland aan 'n vrou wat 27 jaar al 'n gemeente lid is, gesê dat sy nie meer 'n Christen is nie, aangesien sy die toer ondersteun.

Die swakplek van die kerk is geleë in die feit dat die kerk, soos die skool, gewoonlik met 'n "ingehokte" gemeente of gehoor praat. Dit gebeur selde (nooit) dat iemand in die gemeente sal opstaan en sê dat hy nie saamstem nie. Deurdat hierdie mense nie hulle sê binne die kerk kan sê nie, het dit die kerk mislei dat hy geweldige steun onder die lidmate geniet.

Met hierdie gedagte kon die kerk nou na buite sê dat hy 100% steun van sy lidmate het. In der waarheid was die oorgrote

meerderheid van die lidmate pro-toergesindes wat nie hulle sê in die kerk kon sê nie.

Die houding binne die kerkhiërargie was ook baie anti-Suid-Afrikaans. Een baie prominente teoloog het dit so uitgedruk:

"..... Apartheid could not be ended until the Dutch Reformed Church in South Africa was itself destroyed" (Vgl. Le Roux-versameling, NO. 4).

Dit is en was algemeen bekend dat al die lede van die Springbokspan van 1981, Christene is, tog het slegs een kerk uit die hele Nieu-Seeland, 'n Baptiste-kerk in Invercargill, aangebied dat die Springbokke 'n diens kon bywoon.

Met ons verblyf in Invercargill was van die Springbokke ook afgevaardig om na so 'n diens te gaan. Ek sê afgevaardig, aangesien almal nie kon gaan nie as gevolg van betogings.

Die kerke het ook gewoonlik slaapplek en kos aan die betogers, wat van ander plekke gekom het, gegee.

Die invloed wat die kerk op die verloop van die toer gehad het, was baie groot.

4.6 DIE UNIVERSITEITE

Die Universiteite was 'n natuurlike weg na die betogerbeweging. Die organiseerders van hierdie anti-betogings het geweet dat hulle met die jeug, wat so onvoorspelbaar is, baie sal kan vermag. Die Universiteite met hulle groot aantal studente was die ideale medium om hulle gedagtes na oor te dra en sodoende baie steun te bekom.

Die feit was eweneens vergemaklik indien die lektore en professore hulle steun ook aan die beweging kon verleen, wat inderdaad ook gebeur het. Lesings was dan ook daarop gemik om die protes-bewegings die bes moontlike voordeel te laat trek.

Sid Pickering, 'n joernalis, skryf aan Die Vaderland uit Wellington op 7 Maart, 1979:

"..... stryd teen Suid-Afrika word al hoe heftiger. Dr Sidney Mead, professor in Maori aan die Victoria Universiteit, het selfs sover gegaan as om die Maori's te vra om 'n rugbyboikot teen die voorgename besoek van ses All Blacks aan Suid-Afrika uit te voer.

"In 'n brief aan verskeie Maori-leiers het Dr Mead gevra dat elke stam 'n verbod op rugby moet plaas. Dit sal beteken dat 'n verbod op die rugbyvelde en die sport geplaas moet word.

Dit moet volgehou word tot die ses All Blacks besluit om nie meer in die feeswedstryde in Suid-Afrika te kom speel nie. As die spelers tog gaan moet die verbod vir 'n jaar geld" (Vaderland: 7 Maart 1979).

Afgesien van die studente en die personeel van die onderskeie Universiteite wat die protesbewegings ondersteun het, is baie van die studentefondse ook na die anti-groepe gekanaliseer.

Alhoewel die meerderheid studente die betogings gesteun het, was daar talle studente wat hierdie stappe teëgestaan het.

4.7 DIE ONDERWYS

Die onderwysberoep en veral 'n hele aantal skoolhoofde was anti-toergesind. Heelwat klasaanbiedings is teen Suid-Afrika gemik en die materiaal wat gebruik was, was anti-Suid-Afrikaans. Die onderwysers was self ook baie betrokke, en dit was vir hulle maklik om met 'n vasgekeerde gehoor te praat, want die leerlinge moes maar net luister, of hulle wou of nie.

Oor die betrokkenheid van die onderwysers, skryf John Reason, veteraan rugbyskrywer van die Daily Telegraph in Londen, in The Truth die volgende:

"When the Springboks trained on the West Coast, in peace and quiet and in the warmth of a thoroughly civilised welcome, a great crowd of laughing children carrying banners supporting the tour led the team bus through the town, like Pied Pipers in reverse.

"They went past a heavily outnumbered group of their own school-teachers who were inevitably carrying anti-tour banners and inevitably looking daggers. Not only that, they were taking names.

"'Good on yer kid!':, came a shout from the crowd. 'The worst they can do is make you write 100 lines saying, I must not support the tour!'" (The Truth: 31 August 1981).

Dieselfde skrywer vra die volgende in The Press oor die onderwysberoep:

"What can a country think of its teaching profession when nine-year-olds are used to assault Parliament? What can it think of its teaching profession when high school children aged 13 and 14 are given time off school to take part in protest marches and line up behind the men and women who are poisoning their minds? If that is what 30 years of radical schoolteaching has done for this country, then God help New Zealand (Ibid).

Soos reeds gemeld is ons, die Springbokke, hoegenaamd nie toegelaat om skole toe te spreek nie, wat 'n tradisie oor baie jare was. Slegs enkele skole was uitsonderings en dan was die skoolhoof òf lif van die Nieu-Seelandse Rugby-unie òf betrokke by sy Unie se rugbyraad.

4.8 "CAST 81" (*COMMITTEE AGAINST SPRINGBOK TOUR 1981*)

Op 14 November 1980 word berig deur 'n korrespondent vanuit Auckland, Nieu-Seeland dat daar in Suid-Afrika 'n geheime organisasie gestig is, wat hom daarvoor gaan beywer om die beoogde 1981-Springbokrugbytoer na Nieu-Seeland in die wiele te ry.

Die organisasie, "CAST 81" (*Committee Against Springbok Tour 1981*) het verklaar dat hulle die steun van 31 ad hoc organisasies binne Suid-Afrika het.

Mnr Sam Ramsamy, voorsitter van SANROC, het in Auckland, Nieu-Seeland, 'n verklaring namens "CAST 81" gemaak en ook bygevoeg dat hulle op die ondersteuning van SANROC kan staatmaak.

Mnr Ramsamy het verklaar dat "CAST 81" se ledetal vanoor die hele Suid-Afrika is as 'n bewys dat hulle nie saamstem dat sportbande met Suid-Afrika, toestande in Suid-Afrika sal verbeter nie.

"Cast 81" het HART bygestaan in sy stryd teen die 1981-Springboktoer (Vgl. Ibid).

4.9 "SPIR" (SOCIETY FOR THE PROTECTION OF INDIVIDUAL RIGHTS)

"A group calling itself the Society for the Protection of Individual Rights (SPIR) has been formed to support the proposed Springbok rugby tour of New Zealand this year, 1981." (Ibid).

Die groep wie se hoofkantoor in Christchurch gesetel is, se verteenwoordiger mnr Bill Mortlock sê hulle doel is:

"To ginger up support from 'the silent majority' - those who would go to watch the South Africans play.

"We want to draw out a vigorous expression of public support to show the Prime Minister (Rob Muldoon) that a majority favours the tour" (Ibid).

Die groep wil graag hê, dat alle rugbyondersteuners by die groep sal aansluit. Sowat 300 lede het binne die eerste drie weke aangesluit.

"SPIR" beplan om takke oor die lengte en breedte van Nieu-Seeland te stig, om sodoende alle rugbyklubs te kan bereik. Deur die klubs sal hulle dan wapens en pro-toermateriaal bemark.

5. GEVOLGTREKKING


Waar 'n drukgroep ("pressure groups") gedefinieer word as 'n groep persone wat as gevolg van gemeenskaplike doelstellings en houdings saamgebind is, poog hulle ook om hierdie houdinge en doelstellings met al die middele tot hul beskikking te verwesenlik, en veral om die besluitnemingsproses te beïnvloed. Belangegroepe stel nie, soos politieke partye, belang in die deel of beheer van owerheidsgesag nie, maar wel om hul doelstellings te verwesenlik deur bepaalde eise aan die regering te stel, of om besluitnemers te beïnvloed. Daarom staan die aktiwiteite van drukgroepe in verband met die belange-artikulasiefunksie (dit is 'n inset-funksie) van die politieke stelsel.

Gesien teenoor hierdie teoretiese beskouing het die verskillende drukgroepe in Nieu-Seeland in tipiese ooreenstemming gehandel. In 'n sekere sin sou miskien eerder van belangegroepe gepraat behoort te word want die wesenlike kenmerk van hierdie groepe is nie soseer om druk op die regering uit te oefen nie, maar om gegewe (eie) belange te bevorder. Druk mag wel een van die metodes wees wat 'n belangegroep kan aanwend om sy doelstellings te verwesenlik, maar ander metodes, soos ook wel toegepas tydens die '81-toer kan ook toegepas word.

Die "sukkses" van die drukgroep-politiek en die effektiwiteit

van hul "toer-operasies" moet gesien word in die lig van die feit dat hulle daarin geslaag het om 'n verdelingslyn in die Nieu-Seelandse gemeenskap te bewerkstellig; dat hulle daarin geslaag het om van wet en orde 'n sogenaamde "issue" te maak; en dat hulle ondermynende aktiwiteite tot die aantasting van die demokrasie en demokratiese waardes na die oppervlak gebring is. Soveel venyn is teenoor die toer opgebou, dat vir die "demokraat", alle perke en grense van beskaafde samelewingsnorme oorskry is. Die doelwit was tydens die toer uit en uit om 'n konfrontasie tussen betogers en toeskouers uit te lok om die polisie en die regering tot optrede te dwing. Dit word ook verklaar vanuit die feit dat daar by meer as een geleentheid van professionele Maori-betogers, wat uit die aard van die saak oudmisdadigers was, gebruik gemaak is om konfrontasie met die polisie uit te lok. Die gevoelens het soms baie hoog geloop. So het Colin Meads, bekende rugbypatriarg by geleentheid teenoor ons opgemerk: *Ek wens ek kan 'n betogers vermoor!* Mnr Ces Blazey (President van die Nieu-Seelandse Rugbyunie) merk terugskouend in Change onder andere soos volg op: *"It is true that a relatively small group have had some success in creating a fear complex in the minds of some sections of the people"* (Change: April 1984). Hiermee sal die Nieu-Seelanders as gevolg van hul onbelemmerde toelating van 'n liberale versetgees moet leer om mee saam te leef. Meurants gaan selfs verder in die identifisering van meer as bloot

Egghard



n liberale versetgees in Nieu-Seeland: Hy sê dat die gebeure te Hamilton, "was the catalyst which propelled New Zealand into the 20th century." Hy haal verder op: "New Zealand should be grateful to the Springboks for showing them the danger to their society" maar, gaan hy voort: "They should also be grateful to the children of Hokitika for showing them the way and giving the hope." Hier verwys hy na die volgende insident:

"New Zealand should be grateful to the Springboks for showing them the danger to their society. They should also be grateful to the children of Hokitika for showing them the way and giving them hope.

When the Springboks trained on the West Coast, in peace and quiet and in the warmth of a thoroughly civilised welcome, a great crowd of laughing children carrying banners supporting the tour led the team bus through the town, like Pied Pipers in reverse.

They went past a heavily outnumbered group of their own school-teachers who were inevitably carrying anti-tour banners and inevitably looking daggers. Not only that, they were taking names.

"Good on yer kid," came a shout from the crowd. "The worst they can do is make you write a 100 lines saying: 'I must not support the tour.'"

That story, and that picture, did not get into your newspapers either. Or on TV." (Meurant: 1981, p. 193).

DEFEAT APARTHEID

DEFEAT ALL EXPLOITATION!

Without the direct assistance, collaboration and direction by the New Zealand Government and state forces the Springbok Tour could not proceed.

It is no secret that, at a time when social services are being cut to ribbons, up to \$3 million has been allocated for extra police expenditure to force the Tour through. (This does not include expenditure on the armoury of equipment for so-called "crowd control" which has been previously bought). The police played a part in planning the Tour itinerary - in the interests of "security" ("security" for apartheid sport that is!).

The military will be used to back up the police, both with transport and behind the scenes work, and also in open police work as needed. And it is quite likely that Airforce planes could be used to transport the Springboks (as they did to secretly bring the All Blacks to Auckland prior to their departure for the 1976 Tour of South African).

